



Die uitwerking van persoonlikheid op vertalingstrategieë

S Antunes

 **orcid.org/0000-0002-5364-1253**

Verhandeling aanvaar ter nakoming vir die graad [Magister](#)
[Artium in Taalpraktyk](#) aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Dr JE Wehrmeyer

Gradeplegtigheid: Mei 2020

Studentenommer: 22174737

VERKLARING

Studentenommer: 22174737

Hiermee verklaar ek dat, **Die uitwerking van persoonlikheid op vertalingstrategieë**, my eie werk is en dat al die bronne wat vir hierdie studie gebruik of aangehaal is in die bronnelys erken word.

HANDTEKENING

Me S Antunes

DATUM

VOORWOORD

Ek wil graag baie dankie sê aan die volgende mense wat my deur hierdie wipplank-avontuur gehelp en ondersteun het en my gehelp het om hierdie studie klaar te maak.

- * DKK-beurs is toegeken aan myself as MA student, THRIP-toekenning TP14081892708 is aan Dr. Wehrmeyer toegeken en die KIC-toekenning KIC160622173394 is ook aan Dr. Wehrmeyer toegeken – wat my studies en konferensie bywoning gedeeltelik ondersteun het;
- * Dr. Ella Wehrmeyer, my studieleier en mentor – vir jou raad, onuitputbare bron van geduld, jou entoesiasme oor my studie, jou ondersteuning wanneer die emosies maar deurmekaar was en heel belangrik, jou leiding. Sonder jou sou hierdie beslis nie moontlik gewees het nie;
- * Prof. Bertus van Rooy – vir jou insiggewende kommentaar en voorstelle;
- * My kêrel, Stephan Blignaut – vir jou ondersteuning en motivering wanneer my gemoed swaar was en dat jy altyd in my glo en aanmoedig om nog harder te werk;
- * My ouers, Rika en Ilídio Antunes – vir julle moed inpraat, leiding en bystand, dat julle my altyd ondersteun in alles wat ek doen;
- * Vriende en familie – vir julle geduldige ore wanneer my studie al was waaroor ek gepraat het;
- * Personeel en kollegas van die NWU Skool vir Tale – vir julle belangstelling in my studie en die aanmoediging om die studie na te jaag.
- * My redigeerder Wendy Barrow en Fred Barnard vir julle insiggewende regstelling en voorstelle;
- * Ons Hemelse Vader wat vir my geseën het met die insig om hierdie reis te kan aanpak en te voltooi;

Hierdie studie het gelei tot twee konferensie artikels en die indiening van 'n gesamentlike artikel.

ABSTRACT

Translation studies can benefit from incorporating concepts from personality trait theory and personality psychology into the training of translation studies students. The possibility of different text types for different personality traits can be very useful. Part of the various traits that make a professional translator successful is personality but this is not taken into consideration when translation students are recruited. Most translators and interpreters agree that personality plays a part with regard to work success and they also have their stereotypes about the personality traits of their colleagues (Henderson, 1987:4). Personality traits are taken into consideration when career goals and recruiting decisions are made but there is very little proof about personality traits when professional linguists are chosen or asked for advice.

Research on personality traits and translation was first done by Henderson (1987) and his general hypothesis is that there are characteristic personality differences between professional translators and the general population, as well as translators and interpreters (Henderson, 1987:14). Lehka-Paul and Whyatt (2016) and Hubscher-Davidson (2009) also did research in this field. Reiss (2004) and Barboni (1999) did no empirical studies about the influence of personality traits in translation studies but they made good assumptions like technical translators are more objective. Henderson (1987) did an empirical study where he used the 16 PF as a psychometric test in order to identify the personality traits of translators. Lehka-Paul and Whyatt (2016) used MBTI and HEXACO, and Hubscher-Davidson (2009) used MBTI.

The purpose of this study is to fill the gap about personality profiles of translators by using the standardised online BFI psychometric test to generate a personality profile of translators. Secondly this study analyses the translation product according to Newmark's semantic and communicative model and Reiss's three text types. Thirdly the translation choices are investigated according to Baker's translation strategies.

This study found that creativity is higher in younger translators and that there is a correlation between those who complete a lot of projects per year. Most translators choose to translate creatively when an expressive text is translated and creativity was the highest personality trait. Another finding is that translators also tend to stay close to the ST.

Key words: translator profile; personality profile composition; Big Five personality traits; personality trait theory; translation product; creative translation; literal translation

OPSOMMING

Vertaalstudies kan daarby baat om konsepte van die persoonlikheidseienskapteorie en persoonlikheidseienskapsielkunde te integreer in die opleiding van vertaalstudente. Die moontlikheid van verskillende tekstipes vir elke persoonlikheidseienskap kan baie nuttig wees. Deel van die verskeie eienskappe wat 'n professionele vertaler suksesvol maak, is persoonlikheid, maar dit word nie in ag geneem wanneer taalstudente gewerf word nie. Meeste vertalers en tolke stem saam dat persoonlikheid 'n rol speel ten opsigte van werksukses en hulle stereotipeer die persoonlikheidseienskappe van hulle kollegas (Henderson, 1987:4). Persoonlikheidseienskappe word in ag geneem wanneer loopbaandoelwitte en werwingsbesluite geneem word, maar daar is baie min bewyse oor persoonlikheidseienskappe wanneer professionele linguïste gekies word of advies vra.

In navorsing oor persoonlikheidseienskappe en vertaling het Henderson (1987) die voortou geneem en sy algemene hipotese is dat daar kenmerkende persoonlikheidsverskille bestaan tussen professionele taalpraktisyns en die algemene populasie, asook tussen twee groepe van taalpraktisyns, naamlik vertalers en tolke (Henderson, 1987:14). Lehka-Paul en Whyatt (2016) en Hubscher-Davidson (2009) het nog navorsing in hierdie veld gedoen. Alhoewel Reiss (2004) en Barboni (1999) geen empiriese studies gedoen het oor die invloed van persoonlikheidseienskappe in vertaalkunde nie, het hulle goeie aannames gemaak soos vertalers van tegniese tekste is objektief. Henderson (1987) het 'n empiriese studie gedoen waarin hy die 16-PF as psigometriese toets gebruik het om die persoonlikheidseienskappe van vertalers te identifiseer. Lehka-Paul en Whyatt (2016) het MBTI en HEXACO gebruik, terwyl Hubscher-Davidson (2009) slegs die MBTI gebruik het.

Die doel van die studie is om die gaping te vul oor die persoonlikheidsprofiel van vertalers deur die gebruik van die aanlyn-gestandaardiseerde BFI-psigometriese toets om vertalers se persoonlikheidsprofiel te genereer. Tweedens analiseer die studie die vertaalprodukt volgens Newmark se semantiese en kommunikatiewe model en Reiss se drie tekstipes. Derdens word die vertalingskeuses ondersoek deur Baker se vertaalstrategieë te gebruik.

Daar is bevind dat kreatiwiteit hoër is by jonger vertalers en dat daar 'n korrelasie is tussen diegene wat baie projekte per jaar voltooi. Die meeste vertalers vertaal 'n ekspressiewe teks meer kreatief en kreatiwiteit was ook die hoogste persoonlikheidsstelling. Vertalers is ook versigtig om te veel aan die BT te verander.

Sleutelwoorde: vertalersprofiel; persoonlikheidsprofielsamestelling; Groot-Vyf-persoonlikheidseienskappe; persoonlikheidseienskapteorie; vertaalproduk; kreatiewe vertaling; letterlike vertaling.

AFKORTINGS EN AKRONIEME

Persoonlikheid

A: Aangenaamheid (Agreeableness)

E: Extraversion (Ekstroversie)

NEO-PI-R: Hersiene-NEO-Persoonlikheidsinventaris (Revised NEO Personality Inventory)

K: Konsensieusheid ¹(Conscientiousness)

N: Neurotisme (Neuroticism)

O: Oopheid (Openness)

16-PF: Die Sestien Persoonlikheidsfaktor-vraelys

BFI: Groot-Vyf-inventaris

HEXACO: *Honesty, E*

¹ Die navorser is bewus daarvan dat daar meer geskikte Afrikaanse ekwivalente bestaan, maar om die persoonlikheidstoets in ag te neem is die vertalings so na as moontlik aan die oorspronklike Engelse term gehou.

1	HOOFSTUK 1	1
1.1	Kontekstualisering van persoonlikheidseienskapteorie.....	2
1.1.1	Wat behels persoonlikheidseienskapteorie?	2
1.1.2	Hoe meet mens persoonlikheidseienskappe?	4
1.1.3	Wat weet ons van professionele vertalers se persoonlikheidseienskappe?.....	5
1.2	Navorsingsvrae.....	11
1.3	Navorsingsdoelwitte.....	11
1.4	Metodologie	12
1.4.1	Teoretiese raamwerk vir persoonlikheidstoetsmodel.....	12
1.4.2	Teoretiese raamwerk vir teksanalise.....	12
1.4.3	Analitiese raamwerk	13
1.5	Etiese aspekte.....	15
1.6	Omvang en beperkings van die studie.....	15
1.7	Geldigheid en betroubaarheid	16
1.8	Bydrae van die studie.....	16
1.9	Hoofstukindeling	17
2	HOOFSTUK 2	18
2.1	Inleiding.....	18
2.2	Die vier beginsels van persoonlikheidseienskapteorie	18
2.3	Persoonlikheidseienskapmodelle.....	19
2.3.1	Cattell se 16-Persoonlikheidsfaktore.....	20
2.3.2	Eysenck se persoonlikheidsvraelys	22

2.3.3	Die Groot-Vyf-persoonlikheidseienskappe	23
2.3.3.1	Die Groot-Vyf-model	23
2.3.3.2	Die NEO-persoonlikheidsinventaris	30
2.3.3.3	Die Groot-Vyf-inventaris.....	32
2.3.4	Myers Briggs se MBTI	33
2.3.5	Die HEXACO-PI-R.....	34
2.4	Vertaalstrategieë.....	35
2.4.1	Ekwivalensie.....	35
2.4.2	Letterlike vertaalkeuses	39
2.4.3	Kreatiewe vertaalkeuses.....	43
2.4.4	Ondervertaling.....	47
2.4.5	Tekstipes	49
2.5	Gevolgtrekking	51
3	HOOFSTUK 3	53
3.1	Inleiding.....	53
3.2	Teoretiese raamwerk vir BFI-persoonlikheidstoetsmodel	54
3.3	Teoretiese raamwerk vir vertaalstrategieë.....	55
3.4	Analitiese raamwerk	57
3.4.1	Deelnemers	57
3.4.2	Data-instrumente	58
3.4.3	Navorsingsprosedure.....	61
3.4.4	Data-analise	63

3.5	Etiese aspekte.....	66
3.6	Gevolgtrekking	67
4	HOOFSTUK 4	68
4.1	Inleiding.....	68
4.2	Deelnemerdemografie	68
4.3	Persoonlikheidseienskappe.....	73
4.4	Vertaalstrategieë.....	75
4.4.1	Regstekes	75
4.4.2	Finansiële teks.....	80
4.4.3	Kreatiewe teks	85
4.5	Vergelyking van persoonlikheidseienskappe met die L-telling.....	91
4.6	Vergelyking van jare se ervaring en ouderdom met die L-telling.....	96
4.7	Gevolgtrekking	98
5	HOOFSTUK 5.....	100
5.1	Inleiding / Navorsingsdoelwitte	100
5.2	Bevindings	100
5.3	Beperkings van die studie	102
5.4	Bydrae van die studie.....	102
5.5	Aanbevelings vir verdere studie.....	103
5.6	Gevolgtrekking	103
6	BIBLIOGRAFIE.....	105

7	BYLAE	115
	Bylaag A: Etiese goekeuring.....	115
	Bylaag B: Deelnemer se toestemmingsvorm	116
	Bylaag C: Persoonlikheidswoordelys	117
	Bylaag D: Demografiese vraelys	118
	Bylaag E: BFI-persoonlikheidstoets, gebaseer op die Groot-Vyf-model.....	119
	Bylaag F: Teks vir vertaling	120
	Bylaag G: Persoonlikheidsvraelysdata	121
	Bylaag H: Individuele vertaalkeuses vir finansiële teks	122

LYS VAN TABELLE

Tabel 3.1: 'n Uiteensetting van die onderskeie persoonlikheidseienskaptoetse	54
Tabel 3.2: 'n Uiteensetting van die onderskeie vertaalmodelle	56
Tabel 3.3: Opsomming van die navorsingsinstrumente	58
Tabel 3.4: Die BFI-persoonlikheidseienskappe met soortgelyke eienskappe.....	62
Tabel 3.5: Die kategorieë volgens Baker se vertaalstrategieë vir nie-ekwivalensie bo woordvlak en Newmark se parameters vir semantiese en kommunikatiewe vertaling.....	65
Tabel 4.1: Akkreditasie van al die deelnemers	72
Tabel 4.2: Vergelyking van deelnemers se persoonlikheidstelling met Suid-Afrika se bevolking	74
Tabel 4.3: Regstekse se vertaalstrategieë	75
Tabel 4.4: L-, K- en V-tellings vir die regstekse.....	77
Tabel 4.5: Deelnemers se K-telling vir die regstekse.....	78
Tabel 4.6: Gemiddeld van die K=2 tot K=0 telling vir die regstekse	79
Tabel 4.7: Deelnemers se L-telling vir die regstekse	79
Tabel 4.8: Finansiële teks se vertaalstrategieë	80
Tabel 4.9: Die L-, K- en V-tellings vir die finansiële teks.....	83
Tabel 4.10: Deelnemers se K-telling vir die finansiële teks	84
Tabel 4.11: Gemiddelde van die K=3 tot K=0 tellings vir die finansiële teks	84
Tabel 4.12: Deelnemers se L-telling vir die finansiële teks	85
Tabel 4.13: Die kreatiewe teks se vertaalstrategieë	85
Tabel 4.14: Die L-, K- en V-tellings vir die kreatiewe teks.....	88

Tabel 4.15: Deelnemers se K-telling vir die kreatiewe teks	89
Tabel 4.16: Gemiddelde van die K=5 tot K=0 tellings vir die kreatiewe teks	90
Tabel 4.17: Deelnemers se L-telling vir die kreatiewe teks.....	91

LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1: Ontwikkeling van persoonlikheidseienskapteorie	20
Figuur 2.2: Cattell se 16-PF.....	21
Figuur 2.3: EPQ-persoonlikheidseienskappe	23
Figuur 2.4: Skematiese voorstelling van die persoonlikheidsstelsel	27
Figuur 2.5: Groot-Vyf-model die NEO-PI-R skaal	31
Figuur 2.6: Vyf dimensies van die BFI	33
Figuur 4.1: Ouderdom van die deelnemers	68
Figuur 4.2: Jare ervaring van deelnemers	69
Figuur 4.3: Moedertaal van die deelnemers.....	70
Figuur 4.4: Die aantal taalpare van elke deelnemer	71
Figuur 4.5: Die hoogste kwalifikasie van elke deelnemer.....	72
Figuur 4.6: Die gemiddeld van die L-, K- en V-tellings vir die finansiële teks	83
Figuur 4.7: Oopheid teenoor L-telling	92
Figuur 4.8: Konsensieusheid teenoor L-telling	93
Figuur 4.9: Ekstroversie teenoor L-telling	94
Figuur 4.10: Aangenaamheid teenoor L-telling	95
Figuur 4.11: Neurotisme teenoor L-telling	96
Figuur 4.12: Projekte per jaar teenoor L-telling.....	97
Figuur 4.13: PJ-telling teenoor L-telling	97
Figuur 4.14: Ouderdom teenoor L-telling	98

HOOFSTUK 1: Inleiding

Die mens bestaan uit verskeie fasette, sowel fisies as psigies. Boonop verskil elkeen ook nog van mekaar. Buiten al die uiteenlopende fisiese kenmerke, verskil iedere mens ook in sy of haar denke en gedrag van andere. Net soos wat ons land unieke kulture en tale huisves, net so beskik elke mens oor 'n stel unieke persoonlikheidseienskappe wat hom of haar van andere onderskei. Die onderhawige studie ondersoek hierdie uniekheid van persoonlikheid en fokus in die besonder op professionele vertalers, daardie groep taalpraktisyne wat die gaping tussen tale oorbrug.

Baie vertalers, tolke en teoretici is dit eens dat persoonlikheid 'n rol speel in die werksukses al dan nie van 'n professionele vertaler en dat professionele vertalers oor 'n persoonlikheidsprofiel beskik (Barboni, 1999; Henderson, 1987; Jääskeläinen, 2012; O'Brien, 2013; Reiss 1981/2004; Snell-Hornby, 1988/1995; Tirkkonen-Condit, 1989; Tymoczko, 2005). Die gapings lê egter daarin dat daar desnieteenstaande steeds weinig kennis oor die persoonlikheidseienskappe van vertalers beskikbaar is, en daar is ook weinig kennis oor hoe persoonlikheidseienskappe dalk vertalers se vertaalkeuses kan beïnvloed. Persoonlikheidsprofile is 'n belangrike hulpmiddel in die assessering en keuse van beroep en om aanlegte te identifiseer. Indien die persoonlikheidsprofiel van professionele vertalers bepaal kon word, sou dit studente help om te besluit of hulle goeie professionele vertalers sal kan wees. Persoonlikheidsprofile kan en behoort in vertaalopleiding gebruik te word omdat dit ons in staat sal stel om te bepaal watter vertaalstrategie 'n sekere tipe persoonlikheid verkies en in watter tekstipe(s) sekere persoonlikhede beter sal of behoort te vaar. 'n Individu sal weet of sal kan vasstel watter beperkings sy het en op grond daarvan meer geskikte strategieë kan toepas om as vertaler te verbeter. Indien 'n onvanpaste of ontoereikende strategie vir 'n sekere tekstipe ingespan word, kan dit die vertaalproduk nadelig beïnvloed omdat 'n kreatiewe strategie byvoorbeeld nie so aanvaarbaar is in die vertaal van onder meer 'n regstek nie.

In die lig van die voorgaande draai die navorsingsonderwerp daarom om die persoonlikheidseienskappe van vertalers onder die loep te neem sodat die uitwerking daarvan op hulle vertaalkeuses ondersoek kan word; die onderwerp is gekontekstualiseer om persoonlikheidseienskaps-teorie (Afdeling 1.1.1), persoonlikheidsmeting (Afdeling 1.1.2) en bestaande persoonlikheidseienskappe van vertalers (Afdeling 1.1.3) te ondersoek. Die navorsingsvrae (Afdeling 1.2) en metodologie (Afdeling 1.4) word kortliks uiteengesit en verduidelik. Vervolgens word ook die bydrae van hierdie studie (Afdeling 1.5) asook die etiese aspekte (Afdeling 1.6) genoem, terwyl die hoofstukindeling (Afdeling 1.7) en 'n kort opsomming ten slotte aangebied word.

1.1 Kontekstualisering van persoonlikheidseienskapteorie

1.1.1 Wat behels persoonlikheidseienskapteorie?

Die menslike persoonlikheid is 'n interne outomatiese sisteem van samestellings wat uniek is aan elke individu en dit sluit modelle, emosies en gedrag in, tesame met aangeleerde patrone wat individue in staat stel om hulself en die wêreld rondom hulle te verstaan (McAdams & Pals, 2006). Persoonlikheid kan beskou word as 'n kombinasie van 'n persoon se reaksies teenoor en interaksie met ander. Dit is belangrik om 'n holistiese beeld van persoonlikheid te kry, omdat persoonlikheid relatief onveranderd bly.

Persoonlikheidseienskapteorie kenmerk individue op grond van hul denkpatrone, emosies en gedrag (John *et al.*, 2008:160). 'n Individu se ervarings, gedrag en lewensstadiums beïnvloed sy of haar persoonlikheid. 'n Eienskap is 'n unieke neuropsigiese struktuur wat dieselfde gedrag na vore bring indien die stimuli in die omgewing dieselfde is as tydens 'n vorige ervaring (Allport, 1937: 287). 'n Eienskap beskryf die manier waarop ervarings self deur 'n persoon gekleur word om 'n persoonlike indruk van die wêreld te skep, byvoorbeeld 'n persoon met hoë angstigheidsmag mag sommige stimuli as bedreigend ervaar. Persoonlikheidseienskappe is desnieteenstaande universeel en is nie afhanklik van of eie aan spesifieke kulture nie.

Persoonlikheidseienskapteorieë ontwikkel in vier fases, naamlik *persoonlikheidsdinamika*, *persoonlikheidsstruktuur*, 'n *krisistydperk* en *geïntegreerde modelle*. Die teoretici van *persoonlikheidsdinamika*, Sigmund Freud (1930/1949) en Carl Rogers (1961:204), beklemtoon motivering. Hulle teorieë het die basis vir die ontwikkeling van strukturele persoonlikheidsmodelle gevorm. Freud het die eerste teorie oor persoonlikheid ontwikkel wat beredeneer dat daar konflik bestaan tussen drie basiese bewussynstrukture, te wete die id (basiese begeertes), die ego (bemiddelaar van begeertes en morele waardes) en die superego (morele kompas), en alle teorieë daarna bou hierop voort. Volgens Campbell (2008) is Freud se hipoteses nie bevestig nie, maar hulle waarde lê daarin dat hulle in praktyk werk. Rogers (1961:176) lê klem op 'aktualiseringsneigings' wat daartoe lei dat die persoon 'die self word wat hy werklik is'. Dit verwys na die konflik tussen 'n persoon se ware aard en die selfbeeld (die eksterne verwagtinge wat die individu probeer internaliseer om sodoende ander tevrede te stel). Persoonlikheid word uitgedruk en beïnvloed deur motivering (intern) asook deur ander mense se sienings en opinies (ekstern).

Die teoretici van *persoonlikheidsstrukture* (die basiese struktuur van persoonlikheid is op Freud se drie bewussynstrukture gebou), naamlik Gordon Allport (1937), Raymond Cattell (1973) en Hans Eysenck (1984), beklemtoon die klassifisering van die persoonlikheidseienskappe. Volgens Allport (1937:9) moet elke mens as 'n sisteem van unieke patrone (bv. eienskappe) verstaan word met sy of haar eie kognitiewe en motiveringsprosesse. Hy onderskei tussen algemene

eienskappe (persoonlikheidseienskappe op grond waarvan individue vergelyk kan word) en persoonlike denkwyses (persoonlikheidseienskappe wat eie aan 'n individu is) (Allport, 1937:373). Cattell het 'n groot aantal eienskappe verfyn tot net sestien kategorieë (Cattell, 1973; Cattell & Kline, 1977). Sy hipotese is dat hierdie sestien persoonlikheidseienskappe op 'n kontinuum voorkom vir elke mens. Eysenck (1967, 1984) onderskei tussen tipes (bv. hoofeienskappe soos ekstroversie) en eienskappe (bv. gemaklikheid met vreemdelinge) – 'n stel verwante gedrag wat herhaaldelik saam voorkom. Eysenck (1967) het Allport se persoonlikheidseienskappe verminder tot net drie eienskappe: introversie²/ekstroversie, neurotisme/emosionele stabiliteit en psigotisme. Eysenck (1967) se hiërgiese begrip oor gedrag bestaan uit *spesifieke response* (bv. praat net wanneer iemand iets vra), *gewoonte response* (bv. praat gereeld tydens geselligheid) en *eienskappe* (bv. spraaksaam).

Die *krisistydperk* word gedomineer deur hewige debat oor wat die primêre bepaler van gedrag sou wees. Daar is wegbeweeg van globale modelle (fokus op individue) na enkele dimensies (fokus op individuele gedragsverskille). Die hooftoetikus van hierdie tydperk is Walter Mischel (1968, 1984). Mischel het voorgestel dat mense intuïsie gebruik wanneer hulle 'n goeie indruk wil skep. Hy beredeneer dat wat ander mense as kenmerkende eienskappe van iemand beskou, oor die algemeen nie ooreenstem met tradisionele persoonlikheidseienskappe nie. Die situasie kan ook 'n persoon se gedrag beïnvloed. Mischel (1968, 1984) is dit eens met Allport (1937) dat dieselfde gedrag voorkom indien die situasie soortgelyk is. Hy het die kognitiewe-affektiewe verwerkingsstelsel (wat persoonlikheid uitlê volgens kognitiewe en affektiewe prosesse) voorgestel as die raamwerk wat persoonlikheidseienskappe produseer.

Tans word daar beweeg na *geïntegreerde teorieë*³ waar persoonlikheid op verskeie vlakke aangespreek word. Die persoonlikheidsstrukture en dinamika sowel as die stabiliteit van persoonlikheidseienskappe in 'n individu en tussen verskillende groepe speel nog steeds 'n rol. Volgens Dan McAdams (1999), wat as die belangrikste teoretikus van die fase beskou word, is die doel van persoonlikheidsielkunde om die individuele mens te bestudeer. Hy stel drie uitgangspunte (vlakke) voor. Vlak 1 is neigingseienskappe (algemene persoonlikheidseienskappe, bv. skaamte), vlak 2 is die persoonlikheidskonteks (persoonlike doelwitte en motiverings) en vlak 3 is die persoon se lewensverhaal (hoe gedrag en doelwitte bepaal wat 'n individu bereik).

² Die Afrikaanse terminologie is verkry vanaf Dercksen (2003) en Steyn (2004).

³ Weens die gebrek aan sommige sielkunde-terminologie het die navorser in Afrikaans in 'n volledige gloslys is in Bylaag C aangebied.

1.1.2 Hoe meet mens persoonlikheidseienskappe?

Persoonlikheidsprofielsamestelling (psigometriese toetsing) meet individuele persoonlikheidseienskappe, vermoëns, intelligensie, vaardighede, motivering, waardes en belangstellings. Die doel van persoonlikheidsprofiel is om 'n objektiewe maatstaf daar te stel om mens se persoonlikheidsdimensies en hulle gemaksones te eien, en is van waarde om byvoorbeeld vrae te help beantwoord soos of 'n individu 'n professionele rol sal kan uitvoer omdat dit binne die individu se persoonlikheidsdimensies val (McCormick & Burch, 2008). Sielkundiges gebruik persoonlikheidsprofielsamestelling in die aanbeveling van gepaste loopbane of leerstyle vir individue. Dit is 'n bruikbare tegniek wanneer kandidate vir 'n spesifieke werksposisie aansoek doen, omdat persoonlikheid kandidate van mekaar onderskei om hulle sukses vir posisies met verskillende vlakvereistes te bepaal. Die ontwikkelingspotensiaal word herken en effektiewe werksprestasie word vervul.

Wetenskaplike navorsing oor individuele verskille is gebaseer op sistematiese data-insameling, statistiese tegnieke vir data-analise, toetsbare teorieë en faktor-analise (Matthews *et al.*, 2003:10). Persoonlikheidsmeting en-toetsing fokus hoofsaaklik op studies oor intelligensie en kognitiewe vermoëns en wat die grondslag bied vir hedendaagse persoonlikheidsmeting en assessering (Boyle, 2008:3). In die veld van persoonlikheidsmeting word vraelyste en selfassesseringsinventarisse hoofsaaklik ingespan. Daarom het daar 'n behoefte ontstaan vir gestandaardiseerde skale wat die gevaar van menslike foute voorkom wanneer 'n psigometriese toets afgeneem, nagesien en geïnterpreteer word (Boyle, 2008:7). Vraelyste maak dit moontlik om persoonlikheidsdimensies kwantitatief voor te stel en sielkundiges kan die rigting (bv. introvert teenoor ekstrovert) en omvang (bv. 'n baie hoë telling op ekstroversie, om en by die 98e persentiel) van 'n spesifieke eienskap bepaal (Boyle, 2008:8).

Daar is geldige en betroubare psigometriese toetse ontwikkel. Dit sluit Cattell (1973) se 16 *Personality Factor* (PF), Eysenck (1984) se *persoonlikheidsvraelys* (EPQ), Costa en McCrae (1989) se *NEO-PI-R* en Ashton en Lee (2008) se *HEXACO-PI-R* in. Hierdie toetse, en die modelle waarop hulle gebaseer is, gaan vervolgens deeglik bestudeer word in hoofstuk 2. Hierdie toetsings voldoen aan streng psigometriese metingsbeginsels soos betroubaarheid, geldigheid en standaardisering (cf. Boyle, 1985).

Alhoewel hulle kragtige instrumente verskaf, het die gebruik van persoonlikheids-eienskapsmodelle en -toetse nie alle kritiek vrygespring nie. Die kritiek verwys na die geldigheid van faktor-analise as die wyse waarop persoonlikheidsstrukture ontdek word, die fokus op tendense van groepe in plaas van individue, die fokus op statiese metingstrukture en kruiskulturele veralgemenings van eienskappe in plaas van dinamiese en ontwikkelingsprosesse.

Hierdie kwessies word tot 'n mate bepaal deur die paradigma wat die navorser volg en dit wissel van een navorser na 'n ander (Caprara & Cervone, 2000; Pervin, 2002). Statistiese tegnieke – veral faktoranalise – word gebruik om afleidings te maak om sielkundiges te lei in die bepaling van die betekenis van items, en om 'n groot persoonlikheidseienskapdimensie te definieer. Faktoranalise is 'n kragtige statistiese tegniek wat aangewend kan word om groot groepe veranderlikes te verminder tot 'n kleiner en meer hanteerbare aantal dimensies of faktore (Foxcroft & Roodt, 2009:163). Teoriegedrewe metings werk op beskrywings van 'wat moet wees' of 'volkskonsepte' en gebruik dit as die basis om 'n persoonlikheidsinstrument op te stel. Die vernaamste en invloedrykste persoonlikheidsteorieë wat die meting van persoonlikheid beïnvloed het, sluit psigoanalise in.

1.1.3 Wat weet ons van professionele vertalers se persoonlikheidseienskappe?

'n Professionele vertaler is iemand wat vertaling as 'n professionele beroep beoefen. Die pligte behels om vertaling vir of namens kliënte te doen en waarvoor vergoeding ontvang word, om te bly by sekere markverwante kwaliteitstandaarde, en om oor die nodige vaardighede, opleiding, akkreditasie en kundigheid te beskik. In Suid-Afrika is daar vertalingsagentskappe wat vereis dat 'n vertaler oor 'n nagraadse kwalifikasie beskik asook 'n minimum van vyf jaar se ervaring, sowel as akkreditasie deur 'n liggaam soos byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI). 'n Professionele vertaler werk gewoonlik ná sy of haar moedertaal/eerste taal toe en verstaan die kultuur van die brontaal asook dié van die doeltaal (Durban, 2003). Studies toon dat ervare professionele vertalers norme en teorieë gebruik en eksterne bronne raadpleeg (Séguinot, 1989; Jääskeläinen, 1999; Laukkanen, 1993) wanneer hulle probleme teëkom.

Alhoewel baie vakkundiges insigte oor die rol van die vertaler se persoonlikheid op sy of haar vertalings gelewer het, het hulle nie hulle waarnemings opgevolg met empiriese studies nie. Vertaalstudies kan dus daarby baat om meer empiriese studies te hê wat die uitwerking van persoonlikheid op vertalings ondersoek. Baie vertaalteoretici is dit eens dat om deelnemers op grond van hul persoonlikheidsprofile te kies met die doel om vertalersbekwaamheid en strategieë te ondersoek, 'n gulde geleentheid daar stel vir verdere navorsing (Hubscher-Davidson, 2009; Pirouznik, 2014) en om ook ander faktore soos individuele verskille van vertalers op hulle produk te ondersoek (Saldanha & O'Brien, 2014:149). Daar bestaan tot dusver net drie empiriese studies en 'n loodsstudie wat die rol van persoonlikheid in vertaalkunde ondersoek het. In navorsing oor persoonlikheidseienskappe en vertaling het Henderson (1987) die voortou geneem en sy algemene hipotese is dat daar kenmerkende persoonlikheidsverskille bestaan tussen professionele taalpraktisyne en die algemene publiek, asook tussen twee groepe taalpraktisyne, naamlik vertalers en tolke (Henderson, 1987:14). Hubscher-Davidson (2009),

Pirouznik (2014) en Lehka-Paul en Whyatt (2016) het addisionele navorsing in hierdie veld onderneem.

Die eerste persoon wat 'n persoonlikheidsprofiel van vertalers opgestel het, is Henderson (1987). Hy het persoonlikheidsprofile van a) professionele vertalers, b) professionele tolke, en c) vertaal- en tolkstudente opgestel en met mekaar vergelyk, asook met die selfbeeld wat elke groep oor hulle beroep het. Hy het 'n demografiese vraelys ingespan om die biografiese en beroepsinligting sowel as opinies in te samel en het die deelnemers se eksamenpunte vir assessering gebruik. Sò het Henderson (1987) bevind dat: (i) daar kenmerkende persoonlikheidsverskille bestaan tussen professionele taalpraktisyns en die bevolking, asook tussen vertalers en tolke (Henderson, 1987:14); (ii) daar wel 'n verskil tussen vertalers en tolke se persoonlikheidseienskappe is (Henderson, 1987:128); en (iii) dat al drie groepe hoë angsvlakke toon. Hy kon nie verklaar waarom 'n individu wat meer angstig is 'n beter taalpraktisyn maak nie, maar het nietemin die hoë angsvlakke toegeskryf aan 'n professionele taalpraktisyn se hoë standaarde. Hy het ook opgemerk dat vertalers meer gereserveerd en hoogs intelligent is, meer gevoelig en meer prakties is, asook dat vertalers introverte is met eienskappe van saggeardheid. Henderson se studie bied 'n moontlike persoonlikheidsprofiel vir vertalers en tolke, naamlik: vertalers is gereserveerd, intelligent, emosioneel stabiel, pligsgetrou en geneig om selfdisipline aan die dag te lê. Vertalers, tolke en vertaalstudente met hoë angsvlakke maak goeie taalpraktisyns.

Alhoewel Henderson reeds in 1987 hierdie studie uitgevoer het, was sy studie nie bekend in die vertaalkunde nie en teoretici in dié veld het voorstelle gemaak oor die moontlike rol wat persoonlikheidseienskappe in vertaling speel, soos Barboni (1999) en Reiss (1971/2000). Barboni (1999) het haar ervaring in psigoanalise en kliniese sielkunde toegepas om die rol van persoonlikheid in vertaalprestasie na te gaan. Barboni (1999: 23) stel voor dat persoonlikheid net een van die faktore is wat 'n rol speel tydens vertaling. Sy glo gedragspatrone soos 'n paranoïese persoonlikheidstipe sal volgens 'n kodesistiem vertaal. Volgens Reiss (2000) moet 'n vertaler van tegniese tekste objektief wees (cf. Lehka-Paul & Whyatt, 2016) en 'n vertaler van ekspressiewe tekste moet verskillende en uiteenlopende moontlikhede raaksien (cf. Hubscher-Davidson, 2009) en moet oor die vermoë beskik om te skakel tussen outomatiese (Séguinot, 1989) én uitdagende take (Jääskeläinen, 1999). Reiss (1971/2000) het Spranger (1928) se karakter-tipologie (esteties, teoreties, ekonomies, aggressief, sosiaal en goedgelowig) gebruik om 'n funksionele vertalingsgeoriënteerde teks-tipologie te ontwerp. Reiss (1971/2000) stel voor dat die *estetiese*⁴ tipes die beste vertalers is, die *teoretiese* tipes (wat objektief is) goed sal vaar met tegniese en filosofiese tekste, die *ekonomiese* tipes (wat moontlikhede raaksien) goed sal

⁴ Die Afrikaanse terminologie is verkry vanaf Dercksen (2003) en Steyn (2004).

vaar me-t appellatiewe tekste en die *aggressiewe* tipes (wat egosentries is) nie geskik as vertalers is nie.

Die rede hoekom daar so 'n groot gaping in die navorsing was kan wees omdat niemand geglo het dat persoonlikheid die vertaalproses en -keuses kon beïnvloed nie. Henderson (1987) is oorlede tydens die publikasie van sy werk en hy kon nie verder bydra tot hierdie navorsingsrigting nie.

Tweedens het Hubscher-Davidson (2009) probeer vasstel hoe studente se persoonlikhede hulle vertalings en hulle besluitnemingsproses tydens vertaling beïnvloed. Sy het nie geweet van Henderson (1987) se navorsing nie. Sy het 'n demografiese vraelys en 'n retrospektiewe vraelys, 'n teks vir vertaling, navorsingsobservasies en 'n vertaalassesseringsvorm (styl, woordeskat, grammatika, idiome, kulturele kenmerke, uitdrukkings, algehele koherensie van vertaling) en hardop-dink-protokolle (HDP) gebruik. Sy het bevind dat sintuiglike vertalers die vertaling van 'n literêre teks meer uitdagend vind omdat hulle meer fokus op konkreetheid. Volgens hulle hardopdinkprotokolle (HDP)-data was hulle meer ongemaklik en geïrriteerd tydens die vertaalproses. Intuïtiewe vertalers het die literêre teks beter vertaal omdat hulle meer sensitief was in hulle aanslag en meer opgelet het na die styl van die teks asook die uitbeelding daarvan. Hubscher-Davidson (2009) beklemtoon dat die sintuiglike/intuïtiewe eienskap verder ondersoek moet word, en dat persoonlikheid-eienskapsteorie gebruik moet word om 'n beter en meer indringende ondersoek van die vertaalproses te doen. Sy het bevind dat persoonlikheidseienskappe wel 'n rol speel in hoe studente 'n tekstipe benader – diegene wat meer kreatief is (die sintuiglike tipe), het beter gevaar met 'n literêre teks.

Derdens het Pirouznik (2014) in die veld 'n moontlike skakel tussen personifikasie en persoonlikheidseienskappe ondersoek. Die doel van haar loodsstudie was om te ondersoek of praktiserende vertalers met die teks of met die mens agter die teks omgaan en fokus grootliks op die vertaalproses. Haar aanname is dat daar drie veranderlikes (te wete persoonlikheidseienskappe, tekstipe en vertaalstrategieë) is wat moontlik 'n invloed op vertalers se prestasie kan hê. Sy het drie deelnemers betrek by haar studie en haar hipoteses en bevindings is:

- H1: Oopheid-tot-ervaring (O) en Aangenaamheid (A) persoonlikhede personifieer meer in die vertaalproses. Daar is bevind dat die O-persoonlikheid nie baie personifieer nie en meer op persoonlike ervaring staatmaak tydens die vertaalproses. Die A-persoonlikheid kon nie getoets word nie aangesien daar nie 'n deelnemer met 'n A-persoonlikheid aan die studie deelgeneem het nie.

- H2: Konsensieusheid (C) en Oopheid-tot-ervaring (O) persoonlikhede toon 'n groter interaksie met die outeur van die bronteks terwyl hulle personifieer en daar is groter interaksie met die tekstipe. Dit is wel nie bevestig nie, maar die C-persoonlikheid het meer met die outeur omgegaan as die O-persoonlikheid.
- H3: Konsensieusheid (C) produseer 'n teks wat meer bronteks-gebonde is en gaan meer met die teks om, met minder tekens van personifikasie. Die teendeel is ook waargeneem: die C-persoonlikheid personifieer meer met die outeur as die teks.

Pirouznik (*ibid*) stel voor dat personifikasie 'n kenmerk van die C-persoonlikheid is, dat personifikasie nie 'n kenmerk vir die O-persoonlikheid is nie en dat die gemiddelde persoonlikheidstipe (C,A,N) die teks en die outeur as 'n mens hanteer en aansienlik meer personifieer. Sy stel ook voor dat personifikasie deur die vertaler se jare ervaring kan afneem. Haar aanbevelings vir verdere studie is om die rol tussen vertalers se ervaring in vertalersgedrag te ondersoek met spesifieke klem op personifikasie. Sy noem dat omgewingsfaktore soos geslag, ouderdom en ervaring (amateur of professioneel) 'n rol kan speel. Die rol van geslag op personifikasie kan ondersoek word met gebruikmaking van 'n groter aantal deelnemers. Vertaalstrategieë kan verder ondersoek word en die kansvat-gedrag van sekere persoonlikheidstipes kan verder ondersoek word.

Die vierde studie wat uitgevoer is, is die van Lehka-Paul en Whyatt (2016). Hulle het Henderson (1987) se navorsing ontdek en Hubscher-Davidson (2009) genoem. Hulle het twee doelwitte gehad: eerstens, om die persoonlikheidseienskappe te identifiseer wat dominant is onder praktiserende vertalers en vertaalstudente; en tweedens, om te ondersoek of dié enige rol speel by die vertaalproses of-produk. Hulle het voorts voorgestel dat 'n persoonlikheidsprofiel die deurslag sal bied vir die suksesvolle opleiding van vertalers (Jääskeläinen, 2012). Lehka-Paul en Whyatt (2016) het meer op die vertaalproses as die vertaalde produk gefokus. Laasgenoemde het Translog II sleutelvasleggingsagteware – 'n nabetrachtingsvraelys wat demografiese inligting – vertalers se voorkeure oor die professie en deelnemers se ondervindings oor die eksperiment gevra het gebruik vir data-insameling. Deelnemers moes twee tekste vertaal, een ekspressief en een informatief, met geen tydsbeperking nie en daarna die psigometriese toetse voltooi. Die vertalings is gemerk met die volgende assesseringskriteria: weglatings, woordeskat, grammatika, styl en register, en koherensie. Hierdie idee spruit vanuit twee aannames. Eerstens verkies mense om in 'n situasie te wees wat ooreenstem met hulle eienskappe, wat daarom hulle gedrag beïnvloed (Mischel, 1968). Tweedens is vertaling 'n gespesialiseerde aktiwiteit wat 'n vertaler se kognitiewe gedrag ontlok in 'n spesifieke situasie wat daarom op sekere persoonlikheidsfunksies staatmaak (Wills, 1996). Hulle deelnemers het uit drie groepe bestaan, naamlik: a) vertaalstudente, b) professionele vertalers, en c) 'n kontrolegroep van mense wat nie vertalers of

vertaalstudente was nie. Hulle het 'n interdisiplinêre studie uitgevoer met vyf hipoteses waarvan die eerste twee die persoonlikheidseienskapteorie en die vertaalde produk kombineer en die laaste drie kognitiewe tipes en die analise van die vertaalproses ondersoek:

- H1: Sekere dominante persoonlikheidseienskappe onderskei praktiserende vertalers van die algemene publiek. Dié hipotese is bevestig deur hulle bevinding dat professionele vertalers hoër tellings vir konsensieusheid en oopheid het, gemeet aan 'n kontrolegroep bestaande uit deelnemers vanuit die algemene publiek.
- H2: Die kombinasie van dominante persoonlikheidseienskappe soos konsensieusheid en oopheid vir ervaring is relevant tot die kwaliteit van die vertaalproduk. Die hipotese is bevestig deur hulle bevinding dat die professionele vertalersgroep met 'n hoër oopheidstelling beter gevaar het met die ekspressiewe tekste (maar nie noodwendig die beste finale produk gelewer het nie) as diegene met 'n hoër konsensieusheidstelling. Daar is hoë punte vir albei vertalings behaal.
- H3: Sintuiglike tipes maak meer staat op eksterne hulpbronne tydens die vertaalproses en intuïtiewe tipes maak meer op hulself staat. Hulle het bevind dat hierdie waarneming meer relevant tot professionele vertalers as vertaalstudente is.
- H4: Denkende tipes verander nie sommer van plan nie en hulle skrap ook nie sommer in die teks nie. Hulle het bevind dat professionele gevoelsmatige tipes gemiddeld minder skrappings gehad het as die gevoelsmatige-tipe student.
- H5: Gevoelsmatige tipes maak vinnig 'n besluit wat dan makliker geskrap word. Die denkende tipes se besluite is meer stabiel met informatiewe tekste en gevoelsmatigetipes met ekspressiewe tekste (hulle skrap minder). Hulle het bevind dat daar meer bewyse vir die studente-groep is as vir die professionele vertalers.

Lehka-Paul en Whyatt (2016) het bevind dat daar wel 'n verskil is tussen die persoonlikheidsprofiel van vertalers en die algemene publiek (cf. Henderson, 1987): die tekstipe beïnvloed die kwaliteit van die vertaling en persoonlikheid speel 'n rol in die vertaalproses (cf. Hubscher-Davidson, 2009). Hulle het egter meer op die vertaalproses as die vertaalde produk gefokus. Hulle studie het dus bevind dat persoonlikheid wel 'n invloed op die vertaalproses en produk uitoefen. Hulle stel ten slotte voor dat die effek van persoonlikheid op elke stadium van die vertaalproses ondersoek moet word.

Om saam te vat: Barboni (1999) en Reiss (1971/2000) het geen empiriese studies onderneem rakende die invloed van persoonlikheidseienskappe in vertaalkunde nie, maar het desnieteenstaande goeie voorstelle gemaak. Ander akademici het ook die leemte raakgesien en voorgestel dat vertaalstudies daarby sal baat om eienskapsteorie toe te pas op vertaalkunde, maar het self nie empiriese studies onderneem nie. Die behoefte aan empiriese studies is aangespreek deur Henderson (1987), Hubscher-Davidson (2009), Pirouznik (2014) en Lehka-Paul en Whyatt (2016). Alhoewel daar gepoog is om staties-beduidende bevindinge te maak, was die studies hoofsaaklik kwalitatief van aard. Henderson (1987) se studie is beperk tot die samestelling van profiele en hy het nie die vertaalproses of die vertaalprodukt ondersoek nie. Hubscher-Davidson (2009) het gevind dat persoonlikheidseienskappe van vertaalstudente die kwaliteit van die vertaalde produkt beïnvloed. Pirouznik (2014) het bevind dat sekere persoonlikhede meer persoonlike as ander. Lehka-Paul en Whyatt (2016) het bevind dat die persoonlikheidsprofile van professionele vertalers en vertaalstudente verskil van die algemene publiek en kon ook bewys dat persoonlikheidseienskappe wel die vertalings as produkt en proses beïnvloed. Hubscher-Davidson (2009) en Lehka-Paul en Whyatt (2016) het beide die produkt en proses ondersoek, maar hulle ondersoek van die vertaalprodukt het alleenlik gefokus op die finale assesseringspunt en het nie die individuele vertaalstrategieë ondersoek nie. Hierdie studies bied dus 'n goeie fondasie om vanaf te werk, maar daar bestaan nog leemtes in ons kennis oor die invloed van persoonlikheid op die vertaalprodukt, veral sover dit individuele vertaalstrategieë en keuses aangaan.

Ander faktore wat moontlik 'n rol kan speel tydens vertaling is ouderdom, geslag en ervaring. Hubscher-Davidson (2009) het ook genoem dat ervaring 'n rol kan speel, maar dit nie bevestig nie. Pirouznik (2014) het genoem dat ouderdom en jare se ervaring (amateur of professioneel) ook 'n rol kan speel tydens vertaling, maar sy het net drie deelnemers gehad en sy kon dit nie bevestig nie. Lehka-Paul en Whyatt (2016) het in hulle studie genoem dat verskille in vertaling ook moontlik deur ervaring beïnvloed kan word.

Hierdie studie beoog om van die vertaalprodukt van professionele vertalers te analiseer, sodat die vertaalstrategieë geïdentifiseer kan word. Vanuit die studies van Henderson (1987), Hubscher-Davidson (2009), Pirouznik (2014) en Lehka-Paul en Whyatt (2016) kan die gevolgtrekking gemaak word dat vertalers wat meer konsensieus is letterlik vertaal en diegene wat hoër neurotisme het meer kreatief vertaal. Dit dui daarop dat daar dalk 'n skakel kan bestaan tussen persoonlikheid en vertaalstrategieë. Professionele vertalers se persoonlikheidseienskappe – en daarom ook die keuse van vertaalstrategie – behoort al so deel van hul psige te wees dat die vertaalproses bykans outomaties gebeur. Daar behoort ook nie taalleerfoute te wees nie en ook

nie gevalle waar die vertaler te naby aan die bronteks (BT) bly nie, omdat haar ervaring haar sal lei om 'n geloofwaardige, bruikbare/funksionele en idiomatiese vertaling te lewer.

1.2 Navorsingsvrae

My primêre navorsingsvraag is dus:

Is daar ooreenstemming tussen professionele vertalers se vertaalkeuses en hulle persoonlikheidseienskappe?

My sekondêre vrae is:

- Wat is vertalers se persoonlikheidseienskappe?
- Wat is die vertalers se finale vertaalkeuse?

Daar is ook 'n moontlikheid dat ander faktore soos ouderdom, ervaring en geslag vertaalkeuses kan beïnvloed. Dit kan moontlik aanleiding gee tot die volgende vraag:

- Tot watter mate beïnvloed ervaring eerder as persoonlikheid vertaalkeuses?

1.3 Navorsingsdoelwitte

Om die navorsingsvraag te beantwoord, het die studie twee doelwitte:

a) Om 'n persoonlikheidsprofiel van die deelnemers (professionele vertalers) op te stel, gebaseer op 'n bestaande gestandaardiseerde psigometriese toets. Om 'n profiel op te stel beteken opsigself dat die studie 'n persoon-gesentreerde benadering gaan volg waar die eienskappe in interaksie oorweeg moet word. 'n Persoonlikheidsprofiel sal navorsers help om geskikte tekste te kies omdat die uitdagings wat spesifieke tekstipes daar stel beter bestuur sal kan word (cf. Hubscher-Davidson, 2009; Lehka-Paul & Whyatt, 2016). Dit sal voorts help met die opleiding van vertaalstudente omdat geskikte vertaalstrategieë aan hulle bekendgestel kan word en om swakpunte te identifiseer.

b) Om die vertaalkeuses van die professionele vertalers sinvol te identifiseer en te kategoriseer volgens 'n gevestigde vertaalmodelraamwerk, wat hieronder bespreek is. Die vertaalkeuses kan navorsers help om werk oor tekstipes uit te brei (cf. Pirouznik, 2014).

Alhoewel die studie hoofsaaklik kwalitatief van aard is, kan daar 'n basiese voorstelling saamgestel word:

H1: Daar is 'n verband tussen vertalers se voorkeure ten opsigte van vertaalstrategieë en persoonlikheidsprofile.

H2: Daar is 'n verband tussen vertaalstrategieë en ervaring.

H0 (die nul-hipotese): Daar is geen verband tussen voorkeure van vertaalstrategieë en vertalers se persoonlikheidsprofiel nie.

Omdat die Afrikaanse sielkundige terme nog nie definitief in Afrikaans gedefinieer is nie, is die tweede doel van die studie om Afrikaanse terme te ontwikkel. Die Afrikaanse ekwivalente is verkry deur die gebruik van die Pharos aanlynwoordeboek. Die navorser het 'n ekwivalente wat met dieselfde letter as die Engelse term begin gebruik. Indien so 'n woord nie in Afrikaans bestaan nie, is die daaropvolgende woorde in die lys gebruik wat 'n hoë gebruiksfrekwensie het. Hierdie metode berus op vertaalbeginsels van direkte of woord-vir-woord ekwivalensie. Die woordelys is aangebied in Bylaag C.

1.4 Metodologie

1.4.1 Teoretiese raamwerk vir persoonlikheidstoetsmodel

Die doel van 'n persoonlikheidsprofiel samestelling is om die persoonlikheidseienskappe wat individue van mekaar onderskei, te identifiseer en om hulle gemaksones te identifiseer, byvoorbeeld of 'n professionele rol deur 'n spesifieke persoon uitgevoer kan word en of dit binne haar persoonlikheidsgemaksones lê (McCormick & Burch, 2008). Daar is 'n reeks geldige en betroubare psigometriese toetse om van te kies. Daar is Cattell (1973) se 16 *personality factor* (PF), Eysenck (1967) se persoonlikheidsvraelys, Costa en McCrae (1989) se *Big Five personality traits* (Groot-Vyf-model) en Myers en Briggs (1998) se *Myers-Briggs Type Indicator* (MBTI). Vraelyste wat op subjektiewe insigte en selfassessering gebaseer is, domineer die sielkundige veld.

1.4.2 Teoretiese raamwerk vir teksanalise

Newmark (1981) se semantiese teenoor kommunikatiewe model is 'n gevestigde teoretiese model in vertaalkunde en is die paradigma waarop hierdie studie geskoei word om die vertaalde produk te analiseer sodat die vertaaleenhede gekwantifiseer kan word om statisties-beduidende resultate te lewer. Kommunikatiewe vertaling fokus net op die doeltaalleser se verwagtings dat vreemde elemente oorgedra sal word in haar eie kultuur en taal. Hierdie model gaan tydens data-analise gebruik word om te onderskei tussen 'n letterlike en 'n nie-letterlike vertaling (Newmark, 1981:69). Semantiese vertaling bly binne die kultuur van die brontaal en help die leser net met die konnotasies, indien dit die belangrikste boodskap van die teks bevat. Die volgende voorbeeld, *droë wors*, se kommunikatiewe vertaling sal in 'n Amerikaanse konteks *beef jerky* wees omdat dit bekend is aan die Amerikaanse gehoor. Die semantiese vertaling sal *dry wors* wees. Newmark se model stem ooreen met Nida (1964) se formele (semantiese) teenoor dinamiese

(kommunikatiewe) ekwivalensie. Volgens Nida (1964: 148) hang die geslaagdheid van 'n teks af van die ekwivalente effek van die teks (met ander woorde die vraag na welke die doeltteks dieselfde gevoel as die bronteks oordra). Newmark glo dat indien die ekwivalente effek teenwoordig is, die letterlike woord-vir-woord vertaling die mees geskikte opsie kan wees.

Newmark (1988) onderskei tussen tekstipes met 'n ekspressiewe funksie en tekstipes met 'n informatiewe funksie. Die ekspressiewe funksie vind neerslag in kreatiewe tekste, soos liriese poësie, kortverhale, romans en dramas. Hierdie tipe teks kan vertaal word met behulp van kulturele uitdrukkings. Die informatiewe funksie het te make met die feite van 'n onderwerp en informatiewe tekste handel oor enige kennisonderwerp en daar is 'n neiging tot ekspressiwiteit. Die parameters wat gebruik word om die teks te analiseer is: oordraer/aanspreekfokus, kultuur, tyd en oorsprong, verhouding tot die bronteks (BT), gebruik van BT-vorm, vorm van doeltteks (DT), toepaslikheid en kriteria vir evaluasie.

Vertaalstrategieë is al deeglik bestudeer en in hierdie studie gaan Mona Baker se taksonomie van vertaalstrategieë gebruik word vir die analise van die kreatiwiteit wat beslag vind in die onderskeie vertalings. Baker se vertaalstrategieë wentel om die realisering van ekwivalensie op woordvlak, ekwivalensie bo woordvlak, grammatikale ekwivalensie, tekstuele ekwivalensie ten opsigte van tematiese en inligtingstrukture, tekstuele ekwivalensie ten opsigte van kohesie asook pragmatiese ekwivalensie (Baker, 2011/2018:vii-ix). Hierdie strategieë word slegs gebruik wanneer daar nie 'n ekwivalente woord in die doeltaal bestaan nie (Baker, 2011/2018:23). Ekwivalensie bo woordvlak sluit kollokasies, idiome en vaste uitdrukkings in. Vertaalstrategieë om idiome mee te vertaal is die gebruik van 'n soortgelyke idioom in betekenis en vorm; 'n idioom wat soortgelyk in betekenis is, maar verskil in struktuur; die leen van die brontaal-idiom; parafrasering; die weglating van die woordspeling op die idioom of die weglating van die idioom in sy geheel (Baker, 2011/2018:76).

1.4.3 Analitiese raamwerk

- Prosedure

Hierdie studie is gebaseer op Lekha-Paul en Whyatt (2016) se studie. Die raakpunte lê daarin dat daar ook 'n psigometriese toets en verskillende tekstipes vir vertaling gebruik word, maar met die verskil daarin dat die huidige studie kyk na individuele keuses (strategieë) en nie 'n finale assesseringspunt vir die vertaalde produk ondersoek nie. Daar word drie tekste in plaas van twee tekste gebruik om die hele spektrum (letterlik, meer/minder kreatief en kreatief) van tekstipes te dek. Die huidige studie gebruik die Groot-Vyf-model se psigometriese toets as 'n navorsingsinstrument wat die hele omvang van persoonlikheid insluit.

Die deelnemer voltooi 'n demografiese vraelys om haar vlak van ervaring (eksklusiewe en inklusiewe seleksiefaktore), en haar vertaalrigting (om die verstrengelde veranderlike van vertaalrigting uit te skakel) te bepaal. Daarna beantwoord die deelnemer die aanlynpersoonlikheidsvraelys en vertaal drie tekste.

- Deelnemers

Die deelnemers is professionele vertalers met minstens drie jaar se ervaring in die praktyk. Weens die omvang wat 'n verhandeling vereis, is hierdie studie hoofsaaklik kwalitatief van aard. Daar is gepoog om ten minste 30 deelnemers vanuit 'n populasie van 130 (volgens die beskikbare vertalers gelys op SAVI se webtuiste) te kry. Die deelnemers sal van SAVI gewerf word met spesifieke verwysing na vertalers wat in die taalrigting Engels na Afrikaans vertaal. Hierdie studie maak nie veralgemenings oor die populasie van vertalers maak, maar kyk bloot na die patrone wat na vore kom en hipoteses is op grond daarvan ontwikkel.

- Data-insameling

'n Demografiese vraelys is gebruik ten einde inligting oor die geslag, ouderdom, jare se ervaring, aantal projekte voltooi, huistaal, taalpare en hoogste kwalifikasie te verkry. Die veranderlikes in hierdie studie is die ouderdom, jare se ervaring en die aantal projekte wat voltooi is. Hierdie veranderlikes is belangrik, omdat dit bepaal wat die ervaringsvlak van die vertaler is.

Eerstens, is die BFI-psigometriese toets gekies vir hierdie studie, omdat die vyf faktore allesomvattend is en hiërargies uiteengesit is en tweedens weens die moontlikheid om die samewerking van Berkeley Personality Lab (2007), 'n afdeling van Berkeley Universiteit, te benut. Hulle verskaf die toets elektronies en al die vrae is reeds ingedeel volgens die vyf eienskappe. Faktoranalise is reeds gedoen en dit is 'n geldige, gestandaardiseerde toets. Die deelnemer gaan aanlyn hierdie toets voltooi.

Deelnemers gaan drie tekste vertaal naamlik 'n uittreksels uit 'n regstek (informatiewe teks), 'n finansiële teks (hibried teks van informatief en ekspressief) en 'n rubriek (ekspressiewe teks). Twee tekstipes bied kreatiewe vertaalstrategieë (finansiële teks en die rubriek) en een bied meer letterlike vertaling (regstek).

- Data-analise

Newmark se model gaan gebruik word om die drie vertalings te analiseer. Die vertaling word met die bronteks vergelyk en geanaliseer om die vertaaleenhede (Baker, 2011/2018 en Catford 1978) te bepaal. Dis gewoonlik woorde, maar dit kan ook frases en kort uitdrukings, soos idiome wees. (Baker, 2011/2018). Die analise van die psigometriese toets word elektronies gedoen in

samewerking met Berkeley Personality Lab en die persoonlikheidsprofiel is anoniem. Elke deelnemer kry 'n kode en die navorser kry die kodenaam met die persentasies in elke kategorie van die BFI.

1.5 Etiese aspekte

Hierdie studie het etiese goedkeuring (NWU – 00425 – 15 – A8) en kan in Bylaag A gevind word. Hierdie studie val onder die sambreelprojek van die hoofprojekleier, Dr. JE Wehrmeyer (NWU-00425-15-A8). Haar projek fokus op bemiddelde kommunikasie, dit wil sê vertaling, met verwysing na die wyse van produksie en die impak op die eindgebruiker. Alhoewel hierdie studie as medium risiko beskou kan word omdat daar van psigometriese toetse gebruik gemaak word, is die fokus meer op teksanalise. Dus val die huidige studie onder 'Projek area A' wat handel oor die produksie van die bemiddelde kommunikasie (hier vertaling), asook die kenmerke van vertalers.

Alle deelnemers kry eerstens 'n vrywaringsvorm (Bylaag B) om te onderteken wat hulle inlig oor die voorgenome studie. Tweedens, word daar met volwassenes gewerk, wat dus enige etiese risiko algeheel uitsluit of grootliks beperk. Derdens, is daar geen ooglopende risiko vir 'n professionele vertaler gemeet aan die take wat hy of sy in die normale gang van sake in 'n vertaalpraktik sal uitvoer nie. Vierdens, is die instrument wat gebruik word om die persoonlikheidseienskappe (bv. BFI, 16-PF en dies meer) te analiseer is nie 'n diagnostiese toets wat persoonlikheidsafwykings kan identifiseer nie.

1.6 Omvang en beperkings van die studie

Die omvang van die studie fokus net op professionele vertalers. Die studie word by NWU se Vanderbijlpark-kampus gedoen en dit sal die deelnemers beperk tot net Vanderbijlpark en die omliggende omgewing.

Die persoonlikheidstoets hang af van hoe vinnig die deelnemer dit voltooi en dit mag gebeur dat die deelnemer die tyd oorskry. Die deelnemers sal ingelig word oor hierdie beperking sodat hulle self die tyd wat hulle aan die toets bestee kan bepaal. Die 16-PF se omvang van karaktereenskappe is te omvangryk en die MBTI fokus meer op besluitneming en die vertaalproses. Lehka-Paul en Whyatt het die HEXACO-toets gebruik om die korrelasies tussen die persoonlikheidseienskappe en die vertaalde produk vas te stel en die model is ontwikkel vanuit die Groot-Vyf-model. Al hierdie toetse is gestandaardiseerde psigometriese toetse. Die Groot-Vyf-model word beskou as die gepaste psigometriese toets vir hierdie studie omdat dit die persoon as 'n geheel voorstel en die analise aanlyn gedoen word deur Berkeley Personality Lab. Hierdie studie gebruik professionele vertalers as deelnemers en nie studente soos Hubscher-

Davidson (2009) nie. Dit skakel die moontlikheid van BT-inmenging uit, omdat studente nog doelbewus moet dink aan watter vertaalstrategie die mees gepaste sal wees. Vertaalstudente is nog onseker oor hulself en hulle vertalings. Studente se werk het, of mag dalk, ook taalleerfoute bevat, waar 'n professionele vertaler al genoeg ervaring het om nie taalkundige foute te maak nie.

1.7 Geldigheid en betroubaarheid

Die navorser is bewus daarvan dat 'n klein populasie dit moeilik maak om bevindings te veralgemeen, maar hierdie is 'n ondersoekende studie wat met die data-insameling gepoog het om die geldigheid van die data te verseker. Die psigometriese toets is 'n gestandaardiseerde toets, en met oognavolging en sleuteldrukvaslegging is daar gepoog om die geldigheid van die data te verseker deur dieselfde navorsingsprosedure met elke deelnemer te volg. Die analise van die van elke vertaling is volgens dieselfde kriteria (Baker se taksonomie) geanaliseer. Die prosesdata van oognavolging, sleuteldrukvaslegging en retrospektiewe verbalisering is getrianguleer met die analises van die vertaalkeuses.

Die kritiek rondom die Groot-Vyf-model is die aanname dat persoonlikheidseienskappe net deur biologie beïnvloed word, terwyl lewenservaring en kultuur nie veronderstel is om eienskappe te affekteer nie (McCrae & Costa, 1999). Daar is enkele teenstrydige bewyse dat lewenservaring en kultuur (omgewingseffekte) 'n rol speel. Roberts *et al.* (2002) bevind byvoorbeeld dat egскеiding aanleiding gee tot 'n afname in dominansie onder vroue, terwyl Costa *et al.* (2005) bevind dat egскеiding ook aanleiding gee tot 'n toename in ekstroversie onder vroue wat dominansie insluit. Sonder replisering is dit egter moeilik om enigeen van hierdie bevindinge te glo (McCrae & Costa, 2008:279). Die Groot-Vyf-model maak voorsiening daarvoor dat persoonlikheidseienskapvlakke oor die duur van die lewe verander, maar skryf hierdie verandering toe aan innerlike rypwording, eerder as lewenservaring. Daarom sal dieselfde patroon van persoonlikheidseienskapverandering in verskillende kulture en ouderdomsverskille in nasies van baie verskillende agtergronde gesien word (McCrae & Costa, 2008:279; Costa & McCrae, 1985; Yang *et al.*, 1998). In volwassenheid is hoër aangenaamheid en konsensieusheid belangrik, maar ekstroversie en oopheid word minder belangrik namate die individu hulle pad in die grootmensewêreld vind (McCrae & Costa, 2008:279).

1.8 Bydrae van die studie

Hierdie studie is die eerste in sy soort om die uitwerking van persoonlikheid op vertaalkeuses ondersoek en op so 'n wyse lewer dit 'n bydrae tot die interdisiplinêre skakel tussen eienskapsielkunde en vertaalkunde. Dit brei die metodologiese benaderings in vertaalstudies uit en lei tot die opleiding van vertalers. Hierdie studie lewer ook 'n bydrae tot die navorser se

studieleier se sambreelprojek (hierbo betrek onder die opskrif “etiese aspekte”) om meer kennis van die produksie van bemiddelde kommunikasie te bepaal. ’n Verdere bydrae is die Afrikaanse terminologie wat vir die sielkundige terme ontwikkel is (sien Bylaag C).

1.9 Hoofstukindeling

Hierdie verhandeling beslaan vyf hoofstukke.

In hoofstuk 1 word die studie bekend gestel en die term “persoonlikheid” word gekontekstualiseer om die leser met die idee daarvan vertrouwd te maak. Die navorsingsvrae en -doelwitte wat die studie gaan lei, word bekend gestel. Die metodologie word kortliks bespreek met die uiteensetting van die teoretiese raamwerk vir die teksanalise en die persoonlikheidstoets, sowel as die analitiese raamwerk wat gebruik word om die data-analise uiteen te sit. Die bydrae van die studie en etiese aspekte word bykomend oorweeg.

In hoofstuk 2 word die persoonlikheidsteorieë en -modelle (Costa & McCrae, 1989; Cattell, 1973; Eysenck, 1984; Ashton & Lee, 2008) bespreek. Daar word ook oor psigometriese toetsing en perspektiewe in persoonlikheidsielkunde geskryf. Laastens word persoonlikheid in vertaling bespreek.

In hoofstuk 3 word teoretiese modelle in vertaling bespreek. Daar word spesifiek gefokus op Newmark en Nida se modelle om te onderskei tussen wanneer ’n vertaling letterlik of kreatief is en Baker se vertaalstrategieë is gebruik om die vertaaleenhede te analiseer. Die teoretiese raamwerk van die Groot-Vyf-model word bespreek omdat dit die psigometriese toets is wat in hierdie studie aangewend word. Die analitiese raamwerk van die studie word voorts bespreek. Die bydrae, omvang en beperkings, asook die geldigheid en betroubaarheid van die studie, word bespreek.

In hoofstuk 4 word daar ’n uiteensetting van data en die resultate van die studie gegee en dit word in diepte bespreek. In hierdie hoofstuk word die deelnemersdata kwalitatief geanaliseer. Die persoonlikheidseienskappe van die deelnemers is uitgewerk en bespreek. Laastens word die vertaalstrategieë van die vertaaleenhede bespreek.

In hoofstuk 5 word die finale gevolgtrekkings van die navorsing bespreek. Daar word gekyk na watter van Baker se strategieë die meeste voorgekom het. Die beperkinge en bydrae van hierdie studie word geëvalueer. Die hoofstuk eindig ten slotte met aanbevelings vir toekomstige navorsing.

HOOFSTUK 2: Literatuurstudie

2.1 Inleiding

Persoonlikheidseienskapteorieë is slegs een wetenskaplike paradigma wat in persoonlikheidsnavorsing ondersoek word. Die hoofaanneme wat die persoonlikheidseienskapteorie onderlê is dat sekere eienskappe 'n reaksie in 'n mens ontlok wat help met aanpasbaarheid en om spesifieke doelwitte te bereik (cf. Boyle *et al.*, 2008:2).

Die vier beginsels van persoonlikheidseienskapteorie word in afdeling 2.2 bespreek. In afdeling 2.3 word verskillende persoonlikheidsmodelle bespreek. Dit sluit onder andere die 16-persoonlikheidsfaktorinventaris (PF) van Cattell (1973) (afdeling 2.3.1), die Eysenck persoonlikheidsvraelys (EPQ) van Eysenck (1984) (afdeling 2.3.2), die NEO-persoonlikheidsinventaris (NEO-PI-R) van Costa en McCrae (1989) waaruit die Groot-Vyf-model ontstaan het, die Groot-Vyf-inventaris (BFI) van John en Srivastava (1999), die MBTI van Myers Briggs (1998) (afdeling 2.3.4) en die HEXACO-PI-R van Ashton en Lee (2008) (afdeling 2.3.5) in. Vertaalstrategieë word in afdeling 2.4 bespreek, met die oog op verskillende vertaalkeuses. Die begrippe oor ekwivalensie, letterlike vertaalkeuses, kreatiewe vertaalkeuses, ondervertaling en tekstipes word in die laaste afdeling word 'n gevolgtrekking oor die afdelings uiteengesit (afdeling 2.5).

2.2 Die vier beginsels van persoonlikheidseienskapteorie

Die persoonlikheidseienskapteorie word ondersteun deur vier kernbeginsels, naamlik: *eienskapstabiliteit*, *eienskapsoorerflikheid*, *eienskapbegrip* en *interaksionisme* (Boyle, 2008:5). *Eienskapstabiliteit* beteken dat persoonlikheidseienskappe stabiel is en word as dimensies voorgestel wat vir psigometriese toetsing gekwantifiseer kan word, bv. iemand wat 'n ekstrovert is, sal oor baie jare 'n ekstrovert bly (Boyle, 2008:5). *Eienskapsoorerflikheid* is die persoonlikheidseienskappe wat kinders van hul ouers erf, eerder as die invloed wat die omgewing op hulle uitoefen. *Eienskapbegrip* verwys na die manier waarop eienskappe oor die algemeen uitgedruk word. *Eienskapbegrip* berus op die *kruisomgewing-verwantskap*, naamlik die mate waartoe gedrag en persoonlikheid dieselfde bly al verskil die situasie. Binne hierdie verwantskap kan eienskappe gedrag in spesifieke situasies veroorsaak (Sauerberger & Funder, 2017)⁵. *Interaksionisme* is die teorie wat beskryf hoe 'n persoon se liggaam en gees in verskillende situasies en kulture (omgewing) met mekaar omgaan (Endler, 1983). Omgewingsfaktore het wel

⁵ Die kruisomgewing-verwantskap het ook sy omstredende kwessies, soos Mischel (1968) se omstandigheidskritiek (omgewingsfaktore, eerder as persoonlikheidseienskappe verduidelik gedrag) van die persoonlikheid-eienskapsveld.


'n invloed op gedrag en dit veroorsaak dat persoonlikheidseienskappe manifesteer of nie. Byvoorbeeld, 'n voorlegging met baie mense sal 'n neurotiese mens angsbevange maak. Die persoonlikheidseienskappe van 'n individu beïnvloed nie gedrag direk nie, maar dit lei die individu se denke en bepaal hoe die persoon gaan reageer.

2.3 Persoonlikheidseienskapmodelle

In hierdie afdeling word die persoonlikheidseienskapmodelle van Cattell (1973), Eysenck (1984, 1988, 1991, 1992, 1998), McCrae en Costa (1985, 1989), en Ashton en Lee (2008) bespreek. Die rede vir 'n gedetailleerde bespreking is om die resultate van die huidige studie te vergelyk met die in die literatuur, soos bespreek in 1.1.3. Eysenck (1984, 1988, 1991, 1992, 1998) se EPQ-model bestaan uit drie breë persoonlikheidsdimensies, naamlik: *ekstroversie*, *neurotisme*⁶ en *psigotisme*. Cattell (1973) se 16-PF-model bevat *temperamente*, *motivering* en *vermoëns*. McCrae en Costa (1989) se NEO-PI-R persoonlikheidsinventaris is verfyn tot die Groot-Vyf-model, wat slegs die volgende faktore bevat, naamlik *ekstroversie*, *neurotisme*, *oopheid*, *konsensieusheid* en *aangenaamheid*. Ten laaste voeg Ashton en Lee (2008) nog 'n persoonlikheidsdimensie (*eerlikheid/nederigheid*) by die Groot-Vyf-model en staan bekend as die HEXACO-model.

Meeste van die teoretici se teorie en modelle is vervleg in die persoonlikheidseienskappe van die persoonlikheidstoets. Dit is nie altyd die geval dat daar eers 'n teorie was en toe die persoonlikheidstoets nie. Só bestaan Cattell (1973) se 16-PF byvoorbeeld uit primêre en sekondêre persoonlikheidseienskappe wat saam die 16-PF vorm.


⁶ Hierdie woord word dikwels verwar met neurose. Neurotisme verwys na 'n langtermyn persoonlikheidseienskap.



Figuur 2.1: Ontwikkeling van persoonlikheidseienskapteorie

2.3.1 Cattell se 16-Persoonlikheidsfaktore

Henderson (1987) het sy studie op Cattell se 16-PF gebaseer. Cattell (1973) se hoofbydrae is die 16-persoonlikheidsvraelys, wat in die praktyk as die 16-PF bekend staan. Die 16-PF is 'n vraelys wat persoonlikheid op verskeie vlakke analiseer en wat faktor-analise ondergaan het. Dit word gebruik wanneer 'n in-diepte assessering van die hele mens nodig is (Cattell & Mead, 2008:135). Die 16PF vraelys het 'n lang geskiedenis van empiriese navorsing en is gegrond in 'n goed-gevestigde teorie oor individuele verskille. Hierdie vraelys se uitgebreide liggaam van navorsing strek oor 'n halwe eeu en verskaf bewyse van sy bruikbaarheid in kliniese, beradings-, arbeidsorganisasoriese, opleidings- en navorsingsopsette (Cattell *et al.*, 1970). Cattell (1933, 1946) het die 16 primêre persoonlikheidseienskappe in drie groepe verdeel volgens *vermoënsienskappe* (help met aanpassing), *temperamenteienskappe* (beïnvloed emosies) en *dinamiese eienskappe* (direkte motivering). Die persoonlikheidseienskappe is *warmte*, *redenering*, *emosionele stabiliteit*, *dominansie*, *lewendigheid*, *bewustheid van reëls*, *sosiale moed*, *sensitiwiteit*, *waaksaamheid*, *ingedagtigheid*, *privaatheid*, *bevreesheid*, *oopheid tot verandering*, *selfstandigheid*, *perfeksionisme* en *spanning*. Daarna is 'n meer praktiese struktuur van vyf breë persoonlikheidseienskappe ontwikkel waaronder die 16 primêre persoonlikheidseienskappe verdeel is. Die vyf persoonlikheidseienskappe is *ekstroversie*, *angs*, *ruwe statigheid* (tough poise), *onafhanklikheid* en *beheer*. Hierdie eienskappe verskaf die basiese definisie vir individuele persoonlikheidsverskille (Krug & Johns, 1986; Ashton, 1998; Judge *et al.*, 2002; Roberts *et al.*, 2005). Cattell se spesifikasievergelyking en dinamiese persoonlikheidseienskappe is die beste voorbeeld van 'n strukturele benadering tot persoonlikheid (Campbell, 2008:197). Dit gebruik volledige inligting oor die hele persoon sodat spesifieke gedrag in sekere kontekste voorspel word.



Figuur 2.2: Cattell se 16-PF


Cattell (1986) glo dat daar drie tipes persoonlikheidseienskappe is, naamlik: hoe 'n persoon optree (*temperamente*), hoekom 'n persoon so optree (*motiveringseienskappe*) en hoe vinnig 'n persoon so optree (*vermoëns*) (Campbell, 2008:197-198). Motiveringseienskappe bestaan uit: motiveringsbroneienskappe wat op biologiese drange gebaseer is (*voorkeure*), motiveringsbroneienskappe wat deur ervaring opgedoen word, asook die fokus op sekere sosiale doelwitte (*sentimente*) en motiverings-oppervlakeienskappe wat die intensiteit van 'n aksierigting na 'n sekere doel objek aandui (*houdings*). Cattell se teorie verdeel die motiveringseienskappe in *individuele gedrag* (oppervlakeienskappe soos *houding*) en *tussen-mens vergelykings* (broneienskappe soos *voorkeure* en *sentimente*). Verder glo Cattell (1995) dat patologie verwant is aan abnormale eienskappe wat ver verwyderd is van die normale persoonlikheidsfaktorsfeer. Cattell onderskei drie maniere om inligting oor persoonlikheid in te samel, naamlik: L-data, Q-data en T-data. L-data is beoordelings van een persoon wat deur 'n ander persoon gemaak word; Q-data word van self-assesseringsvraelyste verkry; en T-data is objektiewe toetse (Campbell, 2008:197).

Beide Boyle (1989) en Fisher en Boyle (1997) beweer dat die hoogste faktorstrukture van normale persoonlikheidseienskappe gemeet word in die 16-PF (cf. Cattell, 1994, 1995; Cattell & Krug, 1986; Krug & Johns, 1986). Cattell (1973) word beskou as die vroegste en mees welsprekende

voorstander van die nomotetiese eienskapsmodelle (die hoofkenmerke van persoonlikheid kan beskryf word deur 'n aantal afsonderlike dimensies) (Cattell, 1973; Cattell & Kline, 1977).

2.3.2 Eysenck se persoonlikheidsvraelys

Eysenck (1984, 1988, 1991, 1992, 1998) se persoonlikheidsteorie is op biologiese faktore soos ooreflikheid en die senuweestelsel gebaseer (cf. Costa & McCrae, 1989), wat aan die mens die besondere vermoë gee om te leer en aan te pas by sy omgewing. Die hoofdoel agter Eysenck se oorsaaklike (*cause and effect*) sisteem is om die struktuur van persoonlikheidsdimensies te bepaal, en veral om die verskille tussen introversie en ekstroversie te ondersoek. So het *Eysenck se persoonlikheidsinventaris* (EPI) ontstaan (Eysenck & Eysenck, 1964). Hy wou die oorsaak van waarneembare persoonlikheidsstrukture verstaan. Eysenck (1967) het individuele verskille in persoonlikheid oorspronklik op twee dimensies van temperament verduidelik, naamlik die *introversie- of ekstroversie-dimensie* en die *neurotisme- of stabiliteit-dimensie*. Die introversie- of ekstroversie-dimensie verwys na 'n mens se reaksie tot eksterne stimuli, en die neurotisme- of stabiliteit-dimensie verwys na ooreflikke eienskappe. Eysenck (1952) wil die drie persoonlikheidsdimensies kwalitatief en kwantitatief voorstel. Eysenck (1947, 1998) stel voor dat faktoranalise gebruik kan word. Indien een faktor al die ander faktore insluit, is dit 'n *algemene faktor*. 'n *Gemeenskaplike faktor* is 'n faktor wat ten minste twee veranderlikes deel. 'n *Groep faktor* is 'n faktor wat ten minste deur een gemeenskaplike faktor tot 'n spesifieke groep van veranderlikes behoort en 'n *unieke faktor* is 'n uniek tot een veranderlike. Eysenck en Eysenck (1976) het psigotisme as 'n derde hoof-persoonlikheidstipe bekend gestel wat aggressiewe, impulsiewe en ongesosialiseerde gedrag beskryf. Hierdie dimensie, tesame met die introversie- of ekstroversie-dimensie en die neurotisme- of stabiliteit-dimensie vorm deel van *Eysenck se persoonlikheidsvraelys* (EPQ). Hy verdeel hierdie dimensie in die *psigotisme-of-sosialiseringdimensie*. Eysenck (1976) het sy drie dimensies volgens primêre en sekondêre eienskappe verdeel. Die primêre eienskappe dui op sentrale eienskappe soos vriendelikheid en eerlikheid. Sekondêre eienskappe is eienskappe wat slegs tydens sekere gebeurtenisse voorkom, byvoorbeeld skaamheid en angs.



Figuur 2.3: EPQ-persoonlikheidseienskappe

2.3.3 Die Groot-Vyf-persoonlikheidseienskappe

In hierdie afdeling word die ontwikkeling van die Groot-Vyf-persoonlikheidseienskappe bespreek. Die leksikale analise (Tupes & Christal, 1961/1992; Goldberg, 1983) en faktoranalise (McCrae & Costa, 1989) van Cattell se 16 persoonlikheidseienskappe het gelei tot die Groot-Vyf-model. McCrae en Costa (1989) het die NEO-PI-R psigometriese toets ontwikkel en John en Srivastava (1999) het die Groot-Vyf-inventaris (BFI) ontwikkel.

2.3.3.1 Die Groot-Vyf-model

Die uiteensetting van die Groot-Vyf-model is gebaseer op die NEO-PI-R skaal (McCrae & Costa, 2008:282). Hierdie model is vanaf twee datainsamelingstegnieke verkry, naamlik: faktoranalise van leksikale items (*leksikale benadering*) en faktoranalise van psigometriese vraelyste (soos self-assesseringsvraelyste en ewekniebeoordelingsvraelyste). Verskeie benaderings is gevolg, maar die deurbraak was toe die *leksikale benadering* op adjektieflyste toegepas is (Goldberg, 1983). Die Groot-Vyf-model het in die 1980's verskyn nadat daar verskeie pogings was om Cattell se faktorstrukture te dupliseer (Goldberg, 1983; Tupes & Christal, 1961/1992). Twee lugmagielkundiges, Tupes en Christal (1961/1992), het die Groot-Vyf-persoonlikheidseienskappe in 'n tegniese verslag gepubliseer. Net 'n paar persoonlikheidsielkundiges het van hierdie verslag geweet en in hierdie tyd is dit grootliks geïgnoreer. Na twintig jaar is hierdie model weer deur Costa en McCrae (1989) ontdek toe hulle aan die NEO-PI-R psigometriese toets gewerk het en die aanvaarding vir hierdie model was groter. Vandag is dit die model oor persoonlikheidsstrukture

wat persoonlikheidsielkundiges en ontwikkelaars van psigometriese toetse (Kohnstamm *et al.*, 1998), kruis-kulturele sielkundiges (McCrae & Allik, 2002), beroepsielkundiges (Judge *et al.*, 1999) en kliniese sielkundiges (Singer, 2005) verkies. Die dimensies van die Vyf-Faktor-model en die Groot-Vyf-model word tegnies as konseptuele kenmerkende konstrunkte beskou wat verwisselend gebruik word (Boyle, 2008). Voortaan gaan die Groot-Vyf-model bespreek word.

Die Groot-Vyf-model is 'n hiërargiese model (soos Eysenck se 16-PF) en dit stel 'n taksonomie van persoonlikheidseienskappe voor wat die hoogste vlak van die persoonlikheidsstruktuur verteenwoordig (McCrae & Costa, 2003:190; Campbell, 2008:200). Die oorheersing van die Groot-Vyf-model het voorgekom as gevolg van empiriese studies wat toon dat die eienskappe wat geassesseer word deur psigometriese vraelyste naby verwant is aan die leksikale Groot-Vyf-eienskapsfaktore (Costa & McCrae, 1989). Enigiemand se persoonlikheid kan op grond van die vyf dimensies van die Groot-Vyf-model gekenmerk word (McCrae & Costa, 2008:274). Daar is verskeie Groot-Vyf-selfassesserings en adjektief-beoordelingskale ontwerp (bv. Matthews *et al.*, 2003), maar daar is net op die Big-Five Inventory gefokus.

- Die *Big-Five Inventory (BFI)* (Benet-Martinez & John, 1998; John & Srivastava, 1999);
- Goldberg se *100-trait Adjective Rating Checklist* (Goldberg, 1992);
- die *Big Five Questionnaire* en *Big Five Observer* (Caprara *et al.*, 1994).

Die Groot-Vyf-model se persoonlikheidseienskappe: *oopheid*, *konsensieusheid*, *ekstroversie*, *aangenaamheid* en *neurotisme* word verduidelik volgens die naam, 'n definisie en voorbeelde van gedrag (John *et al.*, 2008). Vervolgens, sal al vyf faktore van die model beskryf word.

1. Oopheid

Oopheid is die beskrywing van die oorspronklikheid van 'n individu se geestelike en ervaringslewe. Die voorbeelde van gedrag is om die tyd te neem om iets nuuts te leer net omdat dit lekker is, om dokumentêre of opvoedingstelevisie te kyk en om ongewone uitstallings vir jou leefruimte uit te dink. Iemand met 'n hoë oopheidstelling is kreatief en kunssinnig. Daarteenoor is iemand met 'n lae oopheidstelling konserwatief (John & Srivastava, 1999:120; McCrae & John: 1992; Kraczla, 2017). Volgens Costa en McCrae (1985, 1986, 1992) is hierdie dimensie baie belangrik en skakel dit met die 16-PF se helder, saggearde, verbeeldingryke en liberale denkskale. Daar is verskeie verwante konsepte voorgestel wat hierdie as 'n basiese dimensie ondersteun, bv. Roger (1961) se oopheid tot gevoelens en die lae pole van Rokeach (1960) se dogmatiek is duidelik verwant aanmekaar. Fitzgerald (1966) en Coan (1974) het die idee ontwikkel en skale geskep en getoon dat sulke fasette soos oopheid tot estetika en idees saamwerk in 'n enkele dimensie. Dit is hier

waar Costa en McCrae die term *oopheid* van geneem het. Tellegen en Atkinson (1974) het laasgenoemde ook as 'n hoofdimensie, absorpsie, geïdentifiseer. Oopheid verwys na die keuse tussen staatmaak op selfgerigte analise van die omgewing teenoor staatmaak op die pragmatiese, tydgebonde reëls wat tradisionele wysshede weerspieël (Matthews *et al.*, 2003). Sinonieme is verbeeldingryke, nuuskierige en ondersoekende neigings wat kontrasteer met onbuigsame, praktiese en tradisionele neigings.

2. Konsensieusheid

Konsensieusheid beskryf sosiaal aanvaarbare gedrag; soos dink voordat jy optree, die uitstel van bevrediging, die volg van norme en reëls, asook beplanning, georganiseerdheid en die prioritering van take. Hierdie dimensie beskryf mense se houding teenoor werk en beïnvloed georganiseerdheid, deursettingsvermoë en motivering in aksies. In die vakliteratuur staan hierdie faktor bekens as die “wil om te mik na jou doelwitte” of “karakter”. Die voorbeelde van gedrag is om betyds te wees vir 'n afspraak, hard te studeer om sodoende die hoogste punt in die klas te kry en om 'n kwartaalopstel twee keer na te gaan vir tik- of spelfoute. Iemand met 'n hoë konsensieusheidstelling behaal hoër akademiese gemiddelde, het beter werksverrigting, 'n sterk wil en hoë motivering tot aksie en hoë deursettingsvermoë om doelwitte te bereik. Indien hierdie dimensie te hoog is, kan dit lei tot negatiewe effekte, soos werksverslawing, perfeksionisme of kompulsiewe neigings om orde te handhaaf. Iemand met 'n lae konsensieusheidstelling kan aandagafleibaar en doelloos wees. Hierdie eienskap kan verander in sosiale omgewings wat deursettingsvermoë beloon, soos enige organisasie- en opvoedingsomgewings. Lae konsensieusheid word gekoppel aan ongestruktureerde omgewings wat meer geleentheid bied vir onmiddellike bevrediging eerder as langtermyn beplanning, soos lewe in agterlike omstandighede, sonder enige toekomsvooruitsigte. Stiptelikheid is 'n goeie merker van konsensieusheid (McCrae & Costa, 2008). Sinonieme vir konsensieuse mense is hardwerkende, doelgerigte en gedissiplineerde mense, eerder as ongeërgde, ambisieuse en swak gedissiplineerde mense.

3. Ekstroversie


Ekstroversie impliseer 'n energieke benadering tot die sosiale en materiële wêreld en sluit eienskappe soos geselligheid, 'n aktiewe lewe en selfvertroue in. Ekstroverte sal vreemdelinge by 'n partytjie nader en hulself voorstel, die voortou neem wanneer 'n projek gereël moet word en bly nie stil wanneer hulle nie met iemand saamstem nie. Iemand met 'n hoë ekstroversietelling is die gewilde een in groepe en in leierskapsposisies, opper positiewe emosionele uitdrukkings en het baie vriende. Introverte ervaar swakker verhoudings met ouers, verwerping deur klasmaats, medewerkers of vriende (McCrae & Costa, 2008).

4. Aangenaamheid

Aangenaamheid beskryf die voorkeur vir samewerking of kompetisie as 'n strategie om aan te pas by sosiale omstandighede. Dit sluit eienskappe soos altruïsme, saggeaardheid, vertrouwe en beskeidenheid in. Iemand met 'n hoë aangenaamheidstelling lê klem op die goeie kwaliteite van ander mense wanneer daar oor hulle gepraat word; leen dinge aan mense wat hulle ken (byvoorbeeld klasnota's, boeke, melk) en troos 'n vriend wat ontsteld is. Hulle presteer ook beter in werksgroepe. Iemand met 'n lae aangenaamheidstelling het 'n groter risiko vir kardiovaskulêre siekte, jeugmisdadigheid en interpersoonlike probleme. Sinonieme vir aangenaamheid is vrygewigheid, eerlikheid en beskeidenheid in teenstelling met selfsugtigheid, aggressie en arrogansie (McCrae & Costa, 2008).

5. Neurotisme

Neurotisme is die ervaring van negatiewe emosies soos angs, senuweeagtigheid, skuldgevoelens, hartseer en spanning. Die positiewe kant van neurotisme is emosionele stabiliteit. Hierdie is een van die basiese persoonlikheidsdimensies. Iemand met 'n hoë neurotisme-telling hanteer en reageer swak teenoor siekte, ervaar uitbranding en verander dikwels van werk. Iemand met 'n lae neurotisme-telling aanvaar die slegte in sy lewe sonder om daaroor te kla of te spog, word kwaad wanneer iemand kwaad is vir hulle en verkies om dinge rustiger te vat en te ontspan. Hulle is verbind tot hulle werksorganisasies, ervaar groter verhoudingstevredenheid, is kalm en ontspanne. Hulle het die vermoë om spanning te hanteer sonder om bekommernis, interne spanning of irritasie te ervaar (McCrae & Costa, 2008:274). Neurotisme en ekstroversie faktore is sedert die middel van die twintigste eeu aan sielkundiges bekend. Neurotisme vorm die kern van verskeie vorms van geestesversteurings en ekstroversie en is 'n faktor wat maklik waargeneem kan word omdat dit skakel met 'ekstrovert', soos wat dit grotendeels bekend staan (McCrae & Costa, 2008).



Figuur 2.4: Skematiese voorstelling van die persoonlikheidsstelsel

Volgens die Groot-Vyf-model, word persoonlikheidseienskappe beïnvloed deur beide gene en omgewing (Figuur 2.4). Eerstens is persoonlikheidseienskappe grootliks oorerflik (Jang *et al.*, 1996) (genetiese basis). Ouers wat introverte is se kinders sal ook introverte wees. Tweedens, word persoonlikheidseienskappe beïnvloed deur eksterne invloede soos kulturele norme en lewensgebeurtenisse, opvoeding, ervaringe in kinderjare en sosiale verhoudings.

Op sy beurt, beïnvloed persoonlikheidseienskappe hoe 'n persoon se houding ontwikkel. Die houding sluit 'n groot reeks psigologiese meganismes soos gewoontes, belangstellings, waardes, vaardighede, kennis, oortuigings en geïnternaliseerde aspekte van rolle en verhoudings in. Al hierdie meganismes kan aangeleer word en word beïnvloed deur ervarings van sosiale en kulturele omgewings. Dus sal die spesifieke maniere hoe eienskappe uitgedruk word oor kulture heen verskil (McCrae & Costa, 2008:278). 'n Persoon se houding vorm die middelpunt van die

persoonlikheidsstelsel en dit het 'n invloed op gedrag en selfbeeld, en op sy beurt word dit ook dinamies beïnvloed deur die omgewing, die persoon se gedrag en die persoon se selfbeeld.

'n Persoon se gedrag bestaan uit emosionele reaksies en doelwitte rakende 'n beroep en verhoudingsgeskiedenis. Die omgewing en die gedrag van die persoon beïnvloed mekaar wedersyds. 'n Persoon se gedrag beïnvloed ook die selfbeeld. Die selfbeeld is die manier hoe 'n mens hulleself sien. Volgens Freud (1930/1949) word gedrag en die selfbeeld bepaal deur die konflik tussen die *id* (basiese begeertes) en *superego* (morele kompas). Dit is die *ego* wat die *id* en die *superego* met mekaar versoen en realistiese optrede en selfbeeld verseker (Campbell, 2008:193). Die selfbeeld verander dinamies soos dit deur die ander faktore beïnvloed word (McCrae & Costa, 2008:278).

Die Groot-Vyf-model voorspel dat die struktuur van persoonlikheid orals dieselfde moet wees. Hierdie voorspelling het voorheen groot ongelowigheid vanaf persoonlikheid- en kultuurnavorsers (bv. Singer, 1961) ontlok, maar dit word nou sterk ondersteun op beide die fenotipe vlak (fisiese kenmerke) (McCrae *et al.*, 2005) en genotipe vlak (genetiese samestelling) (Yamagata *et al.*, 2006; McCrae & Costa, 2008:279). Een groot bydrae van die Groot-Vyf-model is dat dit die algemene raamwerk geword het vir psigoloë in verskeie velde om navorsing te doen (McCrae & Costa, 2008). Daar is ondersteuning vir die Groot-Vyf-model in studies deur Hofstee *et al.* (1992), Marusic *et al.* (1996), sowel as Piedmont en Chae (1997). Daar is ook replikasie van die Groot-Vyf-model wat 'n verteenwoordige adjektief steekproef in verskeie tale gebruik (cf. Goldberg, 1992; McCrae & Allik, 2002; McCrae *et al.*, 2004). Hierdie ondersteuning versterk die geldigheid van die Groot-Vyf-model. Op grond van die kennis wat daar tans beskikbaar is, bied die Groot-Vyf-model die mees akkurate beskrywing van persoonlikheidseienskappe.

Die grootste kritiek waaronder die Groot-Vyf-model deurloop, is: i) of die Groot-Vyf-persoonlikheidseienskappe 'n optimale verklaring vir die persoonlikheidsdimensies bied, ii) hoe stabiel persoonlikheid oor die duur van 'n mens se lewe is, en iii) hoe geldig die konstrakte is.

i) Volgens Boyle (2008:296), Saucier en Goldberg (2001), en Saucier (1994:1) bied die Groot-Vyf-model nie 'n optimale verklaring van die menslike persoonlikheidsstruktuur nie. 'n Optimale model moet nageboots kan word met behulp van verskeie metodes, moet kruis-kulturele veralgemening hê, moet allesomvattend wees en hoë uitvoerbaarheid hê (De Raad & Perugini, 2002). Daar is groot aanvaarding oor die twee grootste faktore (neurotisme en ekstrovertie) en Cattell, Eysenck, Guilford en Comrey ondersteun dit (Boyle, 2008). Daar is egter minder eenparigheid oor oopheid, aangenaamheid en konsensieusheid (Cattell, 1995; Eysenck, 1991,1992). Die NEO-PI-R het oor die jare die meeste aandag ontvang. Die NEO-PI-R meet die Groot-Vyf-persoonlikheidseienskappe en bevat ook 30 fasetskale wat in verskeie vlakke van

ooreflikheid voorkom (Jang *et al.*, 2002). Mershon en Gorsuch (1998) wys dat die Groot-Vyf-model geldiger, voorspelbare verklarings bied as die faktore van die 16-PF. Costa en McCrae se aanvanklike drie-dimensionele (NEO) oplossing is afgelei van 'n kluster-analise van die persoonlikheidseienskap-interkorrelasies van Cattell (McKenzie, 1998:479). Die Groot-Vyf-model is grootliks optimaal omdat faktor-analitiese toetsing op elke dimensie gedoen is.

ii) Die Groot-Vyf-model verskaf statiese verklarings oor persoonlikheid (Terracciano *et al.*, 2006), maar persoonlikheid ontwikkel regdeur die kinderjare en selfs in die volwasse jare (McCrae & Costa, 1999:145). Soldz en Vaillant (1999) bevind met hulle toets-hertoets ooreenstemming oor 'n tydperk van 45 jaar dat daar aansienlike ooreenstemming vir neurotisme, ekstroversie en oopheidsdimensies is. Tans is daar groeiende empiriese bewyse dat persoonlikheidsstruktuur oor die hele duur van die lewe verander en daar is 'n waarneembare verhoging in ekstroversie, neurotisme en oopheid tot ervaring (Srivastava *et al.*, 2003; Cattell *et al.*, 2002; Fraley & Roberts, 2005; Roberts *et al.*, 2006; McCrae & Terracciano, 2005). 'n Groot meta-analitiese studie van bykans 100 longitudinale studies wat handel oor die stabiliteit van persoonlikheidseienskappe (Roberts *et al.*, 2006) wat bevind dat daar aansienlike veranderings voorkom in die gemiddelde eienskapsvlakke regoor die duur van die lewe, insluitende bejaardheid. Alhoewel sommige van die veranderinge lineêr is, is sommige kromlynig, bv. daar is gevind dat oopheid tot ervaring verhoog tydens adolessensie maar afneem met ouderdom. Gesien in die lig daarvan dat hierdie model reeds in 1999 ontwikkel is toe empiriese navorsing nog nie so gevestig was nie, is die hipotese gegrond in hulle tyd. Vandag het ons gevorderde tegnologie wat ons kan gebruik om meer akkurate inligting te verkry.

iii) Daar is bewyse wat die kruis-kulturele replisering van die Groot-Vyf ondersteun (Egger *et al.*, 2003), maar daar is bekommernis oor die konstrugeldigheid daarvan, omdat elke breë dimensie verskeie onderliggende omgewings- en genetiese bepalers het (Jang *et al.*, 2002:99). Faktoranalise is deur Cattell (1973), Eysenck (1984), en Costa en McCrae (1989) toegepas om adjektiewe te verminder tot die dimensies van vandag en die Groot-Vyf-model is afgelei van Cattell en Eysenck se faktor-analitiese struktuur. Eysenck (1991, 1992) beweer dat die kriteria wat Costa en McCrae gebruik het vir die aanvaarbaarheid van Groot-Vyf-model onvoldoende is vir die bepaling van persoonlikheidsstruktuur-dimensies, en glo dat aangenaamheid en konsensieusheid die enigste primêre eienskappe is. Tog weerspieël Eysenck se drie persoonlikheidsfaktore die Groot-Vyf-model se persoonlikheidseienskappe, al is dit op verskillende vlakke van die hiërargiese verklarings gerangskik (Boyle, 1989).

2.3.3.2 Die NEO-persoonlikheidsinventaris

'n Belangrike ontwikkeling van McCrae en Costa (1987, 1989, 1990) se NEO-PI-R is hulle identifikasie van vyf spesifieke persoonlikheidseienskappe, naamlik neurotisme, ekstroversie, aangenaamheid, konsensieusheid en oopheid (Groot-Vyf). McCrae en Costa (1987) het besluit om in 'n tyd waar daar reeds baie psigometriese toetse (bv. Cattell se 16-PF, Eysenck se EPQ) was, navorsing oor neurotisme, ekstroversie en oopheid te begin. Daar is veranderinge aan die items aangebring om interne konsekwentheid en leesbaarheid te verbeter en dit het gelei tot die NEO-PI-3 ('n psigometriese toets met net drie faset-skale). Daarna is die NEO-PI (1985) psigometriese toets gepubliseer, met 'n aanvullende handleiding in 1989. Die NEO-PI-R is 'n groot hersiening van die NEO-PI en in 1992 is faset-skale vir aangenaamheid en konsensieusheid ontwikkel (McCrae & Costa, 2008:179; McCrae *et al.*, 2005). Die NEO-PI-R is ontwikkel omdat hulle geglo het daar is konstante en standvastige individuele verskille in mense se manier van dink, voel en optree. Individue is in staat om hulself met redelike akkuraatheid te beskryf indien hulle die regte vrae gevra word. Hulle het ook gevoel dat bestaande psigometriese toetse te kort skiet in sommige opsigte. Byvoorbeeld Eysenck en Eysenck (1976) se ekstroversie- en neurotisme skale is betroubare en geldige maatstelsels, maar hierdie twee skale sluit nie die hele omvang van individuele verskille in nie. Dit laat geen ruimte vir die verskille wat elke dimensie onderlê nie (McCrae & Costa, 2008:180). Cattell *et al.* (1970) se 16-PF bied meer omvang en spesifiekheid, maar die skale is grootliks gekritiseer vir 'n gebrek aan 'n repliserende faktorstruktuur (Howarth, 1976). Daarom is die fasette vir die NEO-PI-R gekies deur itemanalise op Eysenck en Cattell se persoonlikheidseienskappe toe te pas (McCrae, 1995). Costa en McCrae se doel was om eienskappe in te sluit wat sielkundiges as belangrik beskou in die beskrywing van die mens en wat gedrag die beste voorspel, sonder dat die eienskappe met mekaar oorvleuel. Die skaalname vir die NEO-PI-R is bekend en is gekies om die kontinuïteit van vorige skaalname te behou. McCrae (1995) praat van N, E en O as breë *domeine* van persoonlikheidseienskappe en meer spesifieke persoonlikheidseienskappe as *fasette*. Hulle benadering was om elke domein te meet deur die tellings van 'n ses-faset-skaal bymekaar te tel. Hierdie tellings gee vir die gebruiker 'n indeks vir elkeen van die drie breë domeine asook spesifieke inligting oor eienskappe binne-in die domein. Die NEO-PI-R word gebruik om psigologiese welstand, ego-ontwikkeling, roepingsbelangstellings en prestasie te verduidelik (Costa & McCrae, 1980; 1984; 1997). Beide die pasiënt en hulle wederhelfte het dieselfde NEO-PI-R vraelys ingevul om die geldigheid daarvan te verseker (McCrae & Costa, 2008:181).

Kognitief-aanpasbare teorie verskaf insigte oor hoe fundamenteel die Groot-Vyf-model werklik is. Goldberg (1990) verbind die Groot-Vyf aan vyf universele uitdagings, naamlik: mag (E), emosie (N), werk (C), liefde (A) en intellek (O). Die NEO-PI-R word baie gebruik in empiriese navorsing

oor die verhouding tussen breë persoonlikheidsdimensies en verskeie eksterne kriteria (Angleitner & Ostendorf, 1994; Barbaranelli & Caprara, 2000; John, 1990). Daar is ook bedenkinge oor die vatbaarheid vir motiveringrespons-verwringing van die NEO-PI-R en die verkorte NEO-FFI instrumente. Daar is al pogings aangewend om geldigheidskale op te stel (Schinka *et al*, 1997; Scandell, 2000), maar die bruikbaarheid moet nog bepaal word. Egan *et al.* (2000) se studie, wat die NEO-FFI gebruik, toon dat neurotisme, aangenaamheid en konsensieusheid meer betroubaarheid toon as die oopheid en die ekstroversiedimensies.



Figuur 2.5: Groot-Vyf-model die NEO-PI-R skaal

Die eerste uitdaging is die groot aantal assesseringskale en die breë omvang van die skale omdat die domein van persoonlikheidsbeskrywings amper heeltemal ingesluit is by die vyf robuuste faktore (Digman & Inouye, 1986:116). Daar is goeie en slegte nuus rondom hierdie stelling. Die goeie nuus is dat die Groot-Vyf-model robuus is en nie afhanklik is van beperkte eienskapskeuses wat mense gebruik om hulself te assesser nie. Die slegte nuus is dat die Groot-Vyf-model min leiding bied oor watter fasette ingesluit moet word om 'n algehele assessering van persoonlikheid te kry. Daar is groeiende bewyse dat die fasetskaal inkrementele geldigheid bied oor die vyf faktore in die voorspelling van 'n verskeidenheid kriteria (Paunonen & Ashton, 2001; Reynolds en Clark, 2001) en dat die fasette binne-in 'n domein verskillende ontwikkelingsbane mag wys (Terracciano *et al.*, 2005). 'n Volle begrip van persoonlikheidseienskappe vereis 'n begrip van sisteme waarin die belangrikste faset-vlakke geassesseer word. Op hierdie stadium is daar geen

ooreenstemming oor watter spesifieke eienskappe in die sisteem ingesluit moet word nie, óf hoe dit geïdentifiseer moet word nie.

Die tweede uitdaging is die oorsaaklikheid van die Groot-Vyf-model se verduidelikings van persoonlikheidseienskappe, bv. ons neem sosiale gedrag waar en lei die persoonlikheidseienskap van *geselligheid* af en verduidelik die gedrag op grond van daardie persoonlikheidseienskap. Die persoonlikheidseienskap kan egter 'n jaar van nou af verander en die gedrag kan minder gesellig wees (McCrae & Costa; 2008,1995). Volgens Borsboom *et al.*(2003) moet ooreenstemming tussen die oorsaak (gebeurtenis) en die effek (onsigbare gebeurtenis) wees vir oorsaaklikheid om plaas te vind, maar Costa en McCrae (2008: 287) is van mening dat Borsboom se stelling teen intuïsie indruis. Persoonlikheidseienskappe kan nie persoonlikheidstoestand kenmerk nie, omdat dit hoofsaaklik oorerflik is (Fleeson, 2001; Borkenau & Ostendorf, 1998).


Die derde uitdaging handel oor persoonlikheidsstruktuur. 'Persoonlikheidsstruktuur' is 'n dubbelsinnige term wat binne of oor mense toegepas kan word en persoonlikheidseienskapsielkunde is 'n beperkte gids (Borsboom *et al.*, 2003); Cervone, 2004). McCrae en Costa (2008) herken dit ook en noem dat die Groot-Vyf-model 'n skematiese voorstelling is van wat aangaan in 'n individu. Die Groot-Vyf-model is nie 'n gedetailleerde rekenskap van enige spesifieke gedrag nie, maar dit verskaf 'n raamwerk van die uitleg van waar mens moet kyk vir 'n gedetailleerde rekenskap (McCrae & Costa, 2008: 289). Die onderskeid wat Cervone (2004) wil tref is dat die verskil tussen verduideliking en beskrywing beter gesien kan word as 'n onderskeid tussen proksimale en distale oorsake, en daarom tussen meganistiese en eienskapsverduideliking. Rofweg gestel dui die Groot-Vyf-model aan hoe gedrag en persoonlikheid saamwerk (McCrae & Costa, 2008:289).

2.3.3.3 Die Groot-Vyf-inventaris

Pirouznik (2014) het die NEO-FFI in haar loodsstudie gebruik. Die Groot-Vyf-inventaris ('BFI') is 'n persoonlikheidsvraelys wat die Groot-Vyf-model van Costa en McCrae (1989) en Goldberg (1983) met mekaar versoen. John en Srivastava (1999) het die BFI ontwikkel omdat daar 'n behoefte aan 'n korter vraelys was, wat die Groot-Vyf-persoonlikheidseienskappe insluit. Hulle het 44 definisies ontwikkel vanaf bogenoemde se werk met 'n 5 punt-likertskaal wat wissel tussen *strongly disagree* tot *strongly agree* (John *et al.*, 1999). 'n Kortere toets spaar tyd en put ook nie die skrywer uit nie. Die toets gebruik nie 'n enkele adjektief nie, omdat die antwoorde meer konsekwent is wanneer daar 'n definisie by is. Die voordeel van die toets is dat dit sowat vyf minute neem om af te lê teenoor die NEO-FFI wat 15 minute neem. Daar is al groot vordering

gemaak in die Groot-Vyf-taksonomie en dit is nuttig in studies wat navorsing oor die rol van persoonlikheidseienskappe teenoor bv. sosiale gedrag, werksprestasie en emosies wil doen.

In Figuur 2.6 is dit sigbaar dat hierdie toets ook die Groot-Vyf-persoonlikheidseienskappe insluit.



Figuur 2.6: Vyf dimensies van die BFI

2.3.4 Myers Briggs se MBTI

Hubscher-Davidson (2009) en Lehka-Paul en Whyatt (2016) het MBTI in hulle studie gebruik. Die MBTI (Briggs & Myers, 1998) persoonlikheidseienskapskaal is gebaseer op Jung (1923/1971) se tipologie oor psigologiese tipes (persoonlikheidsdimensies het 'n psigologiese funksie). Hierdie toets het voor die ontwikkeling van die BFI plaasgevind, maar omdat dit nie deel vorm van die eienskapsbenadering nie, is dit na die verduideliking van die Groot Vyf-persoonlikheidseienskappe gevind. Daar is vier vlakke van konsensioesheid (sintuiglike vs intuïtiewe, denkende vs gevoelsmatig; en twee houdingstipes, ekstroversie vs introversie) (Myers & McCaulley, 1995). Hulle het nog 'n dimensie (waarneming vs besluitneming) by Jung (1923/1971) se dimensies gevoeg en hierdie meetinstrument bestaan uit voorkeure wat gegree word (McCrae & Costa, 2008:274) en 'n akroniem van vier letters lewer. Hierdie kombinasie van voorkeure produseer 16 verskillende persoonlikheidstipes. Die hoofkonsepte, naamlik: houding, funksie en leefstylvoorkeure het elk net twee teenskale. Daar is nie geleentheid om verder nog subskale te ontwikkel nie en die terminologie is vaag en baie algemeen. Die skaal bied ook nie 'n middeweg nie en wanneer die data geanaliseer word, word dit slegs verdeel in hoog of laag wat nie data wat na die middelpunt neig in ag neem nie. Hierdie toets het nie

faktoranalise gebruik om die eienskappe te identifiseer nie, maar het staatgemaak op Jung (1923/1971) se teorie wat opgestel is vanuit sy waarnemings van psigiatriese pasiënte.

Die grootste probleem met die MBTI en Jung se teorie is die tipologiese benadering wat persoonlikheid volgens 'n kenmerklike groep benader. Dit beteken dat sekere populasies van mense verskillende persoonlikheidseienskappe toon. Meeste van die ander persoonlikheidstoetse, soos die NEO-PI-R/BFI het 'n eienskap benadering wat persoonlikheid vergelyk tussen twee uiterste skale en die meeste telling groepeer by 'n gesamentlike punt op die skaal. Die kans vir baie uitskieters is minder en daar is 'n relatief eenparige verspreiding van die tellings. Die puntetellings vir die MBTI word bereken deur die telling van die vier skale om te skakel na 'n letter. Die tellings moet dus óf hoog óf laag wees en deelnemers met 'n gemiddelde telling het net 'n x (kruisie), eerder as 'n letter gekry (Pittenger, 2005). Daar is kritiek rakende die geldigheid en betroubaarheid van die data.

2.3.5 Die HEXACO-PI-R

Lehka-Paul en Whyatt (2016) het die HEXACO as 'n tweede toets, saam met die MBTI, in hulle studie gebruik. Die HEXACO model het die Groot-Vyf-model se dimensies tot ses uitgebrei (Ashton & Lee, 2008:239). Die model is in die 2000's ontwerp en is nog relatief nuut. Hierdie faktore is ook, net soos die Groot Vyf-persoonlikheidseienskappe, verkry deur faktoranalise op leksikale-analisestrategie toe te pas. Die leksikale-analise strategie is toegepas op Kroasies, Grieks en Fillipynse tale. Die ses kategorieë waaruit die HEXACO model bestaan is eerlikheid/nederigheid (*honesty/humility*, H), emosionaliteit (E), ekstroversie (X), aangenaamheid (A), konsensieusheid (C) en oopheid tot nuwe ervarings (O) (Ashton & Lee, 2008: 256). Drie van die ses faktore is baie naby aan drie van die Groot Vyf-persoonlikheidseienskappe, maar die ander drie het 'n meer komplekse verhouding binne die twee oorblywende dimensies van die Groot Vyf (Ashton & Lee, 2008:239).

Hierdie model leen ook by Cattell en McCrae en Costa. Die faktor wat hulle byvoeg is eerlikheid/nederigheid. Hulle leksikale analise fokus meer op Europese en Asiatiese tale, waar die Groot Vyf meer op Engels fokus. Volgens De Raad *et al.* (2010) is net die eerste drie persoonlikheidseienskappe, naamlik: ekstroversie, aangenaamheid en konsensieusheid genoegsaam gerepliseer en die ander faktore mag onbetroubaar wees. Daarom is hierdie 'n goeie model om van kennis te neem, maar weens sy relatiewe nuutheid is die Groot Vyf-model meer betroubaar, omdat dit reeds replisering en faktoranalise deurgegaan het. In die volgende afdeling word vertaalstrategieë bespreek.

2.4 Vertaalstrategieë

Vertaling is die oordrag van 'n boodskap en daarom behoort die verhouding tussen die teks en die vertaling 'n sterk vorm van ekwivalensie te openbaar (Tymoczko, 2006:23). Die doel van hierdie afdeling is om letterlike vertalingkeuses (afdeling 2.4.2) en kreatiewe vertalingkeuses (afdeling 2.4.3) te bespreek ten einde 'n groter insig te kry oor wat dit behels. Baie teoretici – soos Newmark (1981), Catford (1965), House (1977/1997) en Nord (1988/1997) onderskei tussen letterlike en kreatiewe vertaalkeuses. Om dit te doen, moet daar 'n begrip wees oor wat linguistiese ekwivalensie (Vinay & Darbelnet, 1958/1995/2004) en funksionele ekwivalensie (Nida, 1964) (afdeling 2.4.1) behels. Gevalle waar vertaalkeuses 'n vertaling kan maak of breek en daar geen duidelike keuse (Bassnett-McGuire, 1980/2002; Berman, 1985/2000; Venuti, 1995) is nie, word oorweeg (afdeling 2.4.4). Die tekstipe (Reiss, 1981/2004; Newmark, 1988, Snell-Hornby, 1988/1995) se rol in vertaalkeuses word ook in ag geneem (afdeling 2.4.5).

Voor die begrip “ekwivalensie” sy opwagting in vertaalkunde gemaak het, is die debat oor “woord-vir-woord” (letterlike) en “frase-vir-frase” (vrye) vertaling die grootste fokus in vertaalteorie gewees. Die begrip ekwivalensie is belangrik in vertaalkunde, omdat hierdie begrip skakel met die teoretiese sowel as die praktiese aspekte van vertaling. Die praktiese aspekte is veral van belang om vertaalkeuses beter te verstaan. Die baie debatte oor wat die definisie van ekwivalensie is, begin al in die 1960's. Die oorspronklike idee met ekwivalensie was die ooreenkoms tussen die bronteks en die doeltaal. Die verskille in die ooreenkomste het gelei tot die ontstaan van verskillende tipes ekwivalensie. Daarom het vertaalteorie beweeg van 'n streng linguistieke ekwivalensie-gebaseerde sienswyse (Vinay & Darbelnet, 1958/1995/2004; Jakobson, 1959/2012; Catford, 1965; Baker, 2011/2018) na 'n begrip oor funksionele ekwivalensie (Nida, 1961; Newmark, 1981; Reiss, 1981/2000, 1984), na die teks as 'n stuk diskoers in die doeltaal (Nord, 1988/1997, House, 1997), en uiteindelik na die kulturele en ideologiese kwessies rondom vertaling (Even-Zohar, 1978/2012; Toury, 1995/2012; Venuti, 2012).

Die begrippe oor ekwivalensie kan oorweeg word teenoor letterlike en kreatiewe keuses in vertaling ten einde te bepaal hoe die vertaler se keuses oor die eeue heen verander het.

2.4.1 Ekwivalensie

Linguistiese ekwivalensie en woord-vir-woord vertaling is wanneer die linguistiese dele van die teks behou word, sodat daar linguistiese ekwivalensie tussen die brontaal en die doeltaal is (Cuellar, 2002:1). Volgens Pym (2010:6) spruit die konsep van ekwivalensie vanuit die idee dat dit wat ons in een taal sê dieselfde waarde (of funksie) kan hê in die ander taal waarna ons vertaal.

Vinay en Darbelnet (1995:32/2004:85) definieer ekwivalensie as 'n geval waar 'n taal dieselfde situasie beskryf op verskillende stilistiese en strukturele maniere. Ekwivalensie is veral moontlik wanneer idioome vertaal word, omdat die gevoel eerder as die woorde vertaal word, byvoorbeeld *To beat around the bush* se ekiwivalent is *Draai nie doekies om nie*. Hulle stel ook voor dat die nodige ekwivalente uitdrukking in 'n tweetalige woordeboek sal bestaan, maar die konteks moet ook in ag geneem word (Vinay & Darbelnet, 2004:255). Hulle span die direkte (letterlike vertaling) en geboë (vry vertaling) strategie in om die ekwivalensie-probleem op te los.

Jakobson (1959/2012) se werk oor betekenis volgens hoe letterlike of kreatiewe vertaalkeuses bereik word dra by tot ekwivalensie. Hy beskryf ekwivalensie as 'n proses van herkodeering wat behels dat twee ekwivalente boodskappe in verskillende kodes geënkodeer word, maar dit is ook belangrik om te onthou dat volle ekwivalensie tussen twee woorde nie altyd moontlik is nie (Jakobson 1959:114). Hy het die probleem van ekwivalensie in betekenis tussen verskillende tale probeer oplos met behulp van Saussure (1916) se teorie. Hy wys dat daar verskille is in die struktuur en terminologie van tale. Hy onderskei tussen drie tipes vertaling, nl. intratalige (die interpretasie van verbale tekens deur ander tekens in dieselfde taal), intertalige (die interpretasie van verbale tekens deur tekens in dieselfde taal) en intersemiotiese vertaling (interpretasie van verbale tekens deur middel van tekens in 'n nie-verbale sisteem). Daar is ooreenkomste tussen Jakobson se teorie oor vertaling, asook Vinay en Darbelnet s'n, omdat beide 'n linguistiese benadering volg. Hulle beseft dat ekwivalensie moontlik is ten spyte van die grammatikale en kulturele verskille tussen tale.

Volgens Catford (1965) is die sentrale probleem van vertaalpraktyke om 'n doeltaal ekwivalent te vind. Sy bydrae tot ekwivalensie is die idee van verskuiwings en die konsepte van formele korrespondensie en tekstuele ekwivalensie. Formele korrespondensie is enige kategorie in die doeltaal (eenheid, klas, elemente van struktuur) wat so na as moontlik aan die brontaal kategorie is (Catford, 1965). Dit kan as 'n letterlike vertaalkeuse beskou word, soos Vinay en Darbelnet se direkte ekwivalensie. Tekstuele ekwivalensie is enige deel van die DT wat op 'n spesifieke geleentheid as die ekwivalent van 'n gegewe teks gesien word (Catford, 1965). Kommutasie (waar 'n bekwame tweetalige vertaler gevra word om kommentaar te lewer op verskeie vertalings om sodoende die gevolge van elke sin se vertaling vas te stel) word gebruik in gevalle waar daar geen direkte ekwivalent is nie en so word tekstuele ekwivalensie bereik. Dit kan as 'n kreatiewe vertaalstrategie beskou word. Die konsep van formele korrespondensie is meer algemeen en tekstuele ekwivalensie is gebonde tot 'n sekere BT-DT-paar.

Baker (2011:6) het 'n meer neutrale benadering tot ekwivalensie, omdat sy beredeneer dat ekwivalensie 'n relatiewe idee is wat deur 'n verskeidenheid linguistiese en kulturele faktore

beïnvloed word. Probleme met ekwivalensie kom voor omdat die brontaalwoord nie geleksikaliseer word in die DT nie en die kultuur so kan verskil dat dit nie nodig is om die woord in die doeltaal te leksikaliseer nie of die gebruiksfrekwensie van die woord te laag is en dit maak dit derhalwe onnodig om 'n ekwivalent te skep. In haar boek, *In other words*, is daar aparte hoofstukke vir verskillende tipe ekwivalensie, nl. verskeie woordvlakke, grammatika, teks, pragmatiek en semiotiek. Daarom is daar terme soos grammatikale ekwivalensie, tekstuele ekwivalensie en pragmatiese ekwivalensie.

Met woordvlakke onderskei sy tussen ekwivalensie op woordvlak en bo woordvlak. Sy besef die belang van individuele woorde tydens vertaling, omdat dit die eerste eenheid is waarop 'n vertaler fokus wanneer 'n ekwivalent gesoek word. Dit is so dat 'n woord meer kompleks is, omdat woorde verskillende betekenisse het in verskillende tale (Baker, 2011:11).

Grammatikale ekwivalensie is al die grammatikale kategorieë van verskillende tale en hoe moeilik dit is om ekwivalente terme te vind as gevolg van die grammatikale reëls van elke taal (Baker, 2011/2018:95). Hierdie verskille kan die inhoud en boodskap van die brontaal verander tydens vertaling. Kategorieë soos getalle, geslag, persoon, tyd en aspek kan vir die vertaler probleme veroorsaak. Tekstuele ekwivalensie word bereik in terme van die inligting en kohesie tussen die BT en die DT (Baker, 2011/2018:132). Dit is belangrik vir die vertaler om te verstaan waaroor die teks gaan en om seker te maak die vertaling vloei goed. Hier is dit egter belangrik om te onthou dat vertaalkeuses eerder in die vertaling van woorde, kollokasies, idiome en die pragmatiek waargeneem sal word omdat keuses rondom grammatika meestal verpligtend (op grond van die grammatikale reëls van die onderskeie tale) is. In die geval van Vinay en Darbelnet (1995/2004) kan vertaalkeuses waargeneem word op die leksikologiese eenheid en die implikasie is dat vertalers meer vryheid het ten opsigte van vertaalkeuses. In die geval van Catford (1965) het vertalers meer vryheid as eenheidverskuiwings ter sprake is en minder vryheid as vlakverskuiwings ter sprake is.

Pragmatiese ekwivalensie fokus op wat die DT impliseer en nie die letterlike betekenis nie (Baker, 2011:234). Hier kan vertaalkeuses meer vryheid geniet omdat die letterlike betekenis nie die grootste belang is nie.

Haar nuutste hoofstuk handel oor semiotiese ekwivalensie en ondersoek hoe verbale en nieverbale tekens betekenis beïnvloed. Die rol van die vertaler is om die visuele bronne te vertaal, asook die linguïstiese bronne. Die algemene probleme wat voorkom as gevolg van nie-ekwivalensie tussen die doeltaal en die brontaal (Baker, 2018:18-23):

- Kultureel-spesifieke konsepte wat heeltemal vreemd is in die kultuur van die doeltaal. Dit kan geloofsoortuigings, sosiale gewoontes (bv. lobola) of selfs kos insluit.
- Die konsep word nie geleksikaliseer in die doeltaal nie. Die konsep kan bekend wees in die kultuur van die doeltaal, maar daar bestaan nie 'n woord nie.
- Die brontaal is semanties kompleks. 'n Woord wat uit een morfeem bestaan kan 'n komplekser betekenis hê as 'n hele sin.
- Die brontaal en doeltaal onderskei verskillende betekenis. Die doeltaal onderskei meer of minder betekenis as die brontaal.
- Die doeltaal het nie 'n algemene woord nie, maar eerder 'n spesifieke woord.
- Die doeltaal het nie 'n spesifieke term nie, maar 'n meer algemene woord. Dit gebeur omdat tale net onderskei tussen betekenis volgens relevantheid tot 'n seker omgewing.
- Die verskil tussen fisiese of interpersoonlike perspektief. Weereens is hierdie probleem net van toepassing tot sekere tale. Hierdie perspektief is waar dinge of mense is in verhouding tot iets anders of 'n plek, bv. voorsetsels
- Die verskil tussen ekspressiewe betekenis. Die doeltaalwoord mag dieselfde proposisionele betekenis as die brontaalwoord hê, maar die ekspressiewe betekenis verskil. Die vertaler sal moet besluit of sy 'n wysiger wil bysit of iewers anders in die teks die ekspressiewe betekenis gee.
- Die verskil in vorm maak dat daar geen ekwivalente in die doeltaal is vir 'n spesifieke vorm in die bronteks nie. Die verskil in vorm word dikwels kreatief in Engels gebruik vir verskeie redes (Baker, 2011/2018:21). Dit is makliker om die proposisionele betekenis van 'n woord te vertaal as die ekspressiewe betekenis, veral in gevalle waar voor- en agtervoegsels gebruik is.
- Verskil in die frekwensie en in die gebruik van 'n spesifieke vorm. Daar mag dalk 'n direkte ekwivalent vir die vorm van 'n woord wees, maar die woord word nie so baie gebruik nie en die doel verskil ook.
- Die gebruik van leenwoorde in die bronteks. Die invloed van leenwoorde mag veroorsaak dat die boodskap verlore raak tussen die brontaal en die doeltaal. Daar mag ook "vals vriende" wees wat veroorsaak dat die betekenis van die leenwoord totaal en al verskil in die brontaal. Dit is ook moeilik om te voorspel wat die betekenis is wat in die doeltaal gaan ontstaan.

Volgens Nida (1964: 148) hang die geslaagdheid van 'n teks af van die ekwivalente effek van die teks m.a.w. dra die teks dieselfde gevoel oor. Nida is beïnvloed deur Chomsky se werk oor transformasioneel-generatiewe grammatika en daarom het hy 'n sistematiese benadering tot vertaalkunde. Hy het opgemerk dat Chomsky se model die vertaler voorsien met tegnieke vir

dekodering van die BT en prosedures vir enkodering van die DT. Nida se bydrae tot ekwivalensie is dié van formele en dinamiese ekwivalensie. Indien die DT die BT weerspieël ten opsigte van vorm en inhoud, is dit formele ekwivalensie (Nida, 1964:159). Sodoende word 'n meer letterlike vertaling gelewer wat veral vir regstekste gepas is omdat die leser toegang het tot 'n teks wat baie naby aan die oorspronklike taal en kultuur is. Indien daar 'n poging is om die boodskap van die BT so natuurlik as moontlik in die DT uit te druk, is dit dinamiese ekwivalensie en word die ekwivalente effek bereik (Nida, 1964:159). Die lojaliteit van hierdie benadering is meer tot die DT omdat die boodskap aangepas moet word om die linguistiese en kulturele behoeftes van die leser te bevredig en literêre tekste baat hierby. Die vertaling moet natuurlik voel en daar is meer vryheid met hierdie benadering. Nida (1964: 164) voel dat ekwivalente effek 'n baie beter manier van vertaling is omdat dit dieselfde gevoel ontlok by die DT-leser. Wanneer ekwivalensie ondersoek word moet die verwantskap tussen die brontaal en die doeltaal in ag geneem word, veral wat linguistiese en kulturele afstande betref. Nida (1964/2012:145) noem drie verskillende vlakke van verwantskap tussen vertalings nl. naby-verwante tale en kulture (bv. Afrikaans en Nederlands), tale wat nie verwant is nie alhoewel die kulture na aan mekaar is (bv. Engels en Afrikaans) en tale en kulture wat van mekaar verskil (bv. Afrikaans en Zoeloe). Indien die taal en kultuur naby-verwant is, sal daar minder probleme met ekwivalensie wees. Daar is wel die gevaar waar die vertaler "vals vriende" maak deur naby-verwante woorde te leen. Indien die taal verskil en die kultuur dieselfde is, moet die vertaler goeie formele verskuiwings maak. Indien die taal en die kultuur verskil, sal die vertaler sukkel om geskikte ekwivalente te vind.

Hierdie teoretici se bydraes tot ekwivalensie kan verdeel word volgens letterlike en kreatiewe vertaalkeuses, indien die regte vertaalstrategie gebruik word.

2.4.2 Letterlike vertaalkeuses

Daar is 'n omvangryke en indringende debat oor wat presies 'n vertaalstrategie is of behels. Die term "strategie" verwys na verskillende konsepte en verskeie terme word gebruik om dieselfde betekenis uit te druk. Chesterman (2016:90-91) tref byvoorbeeld 'n onderskeid tussen globale en plaaslike strategieë, terwyl ander akademici soos Lörcher (1991), Jääskeläinen (1993) en Newmark (1988:81) 'n onderskeid tref tussen gebruik die vertaalmetode en vertaalprosedures. Globale strategieë word gebruik om die vraag "Hoe moet hierdie teks of tipe teks vertaal word?" te beantwoord terwyl plaaslike strategieë ingespan word om die vraag "Hoe word hierdie struktuur, idee of item vertaal?" te beantwoord. Vinay en Darbelnet (1958/1995/2004) het direkte en geboë vertaling geïdentifiseer, waarvan eersgenoemde letterlike vertaling en laasgenoemde vrye vertaling is. Daar is ook sewe prosedures geïdentifiseer waarvan die eerste drie onder direkte vertaling val en die laaste vyf onder geboë vertaling. Die direkte strategie kan as 'n letterlike strategie gebruik word, naamlik *leen* (die direkte oordrag van die brontaal na die

doeltaal), *leenvertaling* ('n spesiale tipe leen waar die uitdrukking of struktuur van die brontaal oorgedra word na 'n letterlike vertaling), *letterlike vertaling* is vanselfsprekend 'n letterlike vertaalkeuse (woord-vir-woord vertaling wat algemeen is tussen tale van dieselfde kultuur en familie). Die eerste twee prosedures van geboë vertaling, *transposisie* (verander een woordsoort na 'n ander sonder om die gevoel te verander) en *modulasie* (verander die semantiek en verwysingspunt van die brontaal), kan ook onder letterlike vertaling val, vanweë die keuse tussen die opsionele en verpligte kategorieë. Die verpligte kategorie kan as letterlik beskou word en die opsionele kategorie is waar die keuse lê tussen ekwivalente en dit beteken nie noodwendig dat daar 'n meer kreatiewe vertaling tot stand sal kom nie. In daardie tyd was dit moontlik dat die vertaalkeuse meer vry en kreatief kon wees, maar soos wat taal en betekenis verander kan dit vandag as volg gesien word (Panou, 2013).

Catford (1965) definieer 'n verskuiwing as die afwyking van formele korrespondensie wanneer daar van die BT na die DT beweeg word. Hy onderskei tussen *vlakverskuiwings* (die verskuiwing tussen grammatika en leksis) en *kategorieverskuiwings* (soos struktuur-, klas-, eenheids- en inter-sistemiese verskuiwings). *Struktuurverskuiwings* (verandering in die grammatikale struktuur), *klasverskuiwings* (verandering in klas) en *eenheidverskuiwings* (verandering in eenheid) kan as letterlike vertaalkeuses beskou word, omdat daar ekwivalente in die doeltaal bestaan. *Inter-sisteesem-verskuiwings* kan as 'n kreatiewe vertaalkeuse beskou word.

Baker (2011/2018) het strategieë ontwikkel om ekwivalensie-probleme op woordvlak makliker op te los. Hierdie strategieë word slegs gebruik wanneer daar nie 'n ekwivalente woord in die doeltaal bestaan nie (Baker, 2011:23). Daar is reeds genoem dat 'n woord kompleks is, omdat die betekenis daarvan kan verskil afhangende van die taal waarin dit voorkom. Daar is nie altyd net een betekenis vir 'n woord nie. Om te bepaal wat die betekenis van 'n spesifieke woord is, moet die *proposisionele betekenis* (dit waarna 'n woord verwys in die werklikheid) en *ekspressiewe betekenis* (wat verwys na die spreker se gevoel of houding) oorweeg word. Die verskil in die proposisionele en ekspressiewe betekenis kan ook bydra tot letterlike of kreatiewe vertaalkeuses, omdat verskillende tekstipes verskillende betekenis vereis. Daar is nou 'n beter begrip rakende algemene probleme rondom nie-ekwivalensie en daarom het Baker vertaalstrategieë ontwikkel wat deur professionele vertalers gebruik word om die probleem op woordvlak op te los (Baker, 2011:23-44). Hierdie strategieë kan elkeen verdeel word volgens letterlike en kreatiewe vertaalstrategieë, asook gevalle waar daar 'n wen- of verloorsituasie ontstaan. Die volgende strategieë, soos deur Baker voorgestel, kan as letterlik beskou word.

- vertaling met 'n leenwoord, byvoorbeeld *déjà vu*;
- vertaling met 'n leenwoord tesame met 'n verduideliking.

Hierdie twee strategieë is veral goed vir die hantering van kultuurgebonde items, moderne woorde en gonswoorde/modewoorde. Nadat die leenwoord met 'n verduideliking die eerste keer in die teks genoem is, kan die woord deurgaans alleen gebruik word. Die moeilikheid met leenwoorde mag wees dat die geleentheid vir 'n kreatiewe vertaling verlore gaan en die vertaler dalk die geleentheid om 'n ekwivalent te vind, verloor. Die letterlike vertaalstrategie neig na die direkte strategie van Vinay en Darbelnet en formele ekwivalensie van Nida.

Nida (1964/2012:142) erken dat daar verskillende tipe vertalings is, soos letterlike en vry vertaling. Daar is reeds genoem dat formele ekwivalensie as letterlike vertaling beskou word, omdat die DT-boodskap so na as moontlik aan die verskeie elemente (te wete grammatikale eenhede, samehangende woordgebruik en betekenis ten opsigte van die BT-konteks) in die BT moet bly (Nida, 1964/2012:144). Die vertaling van werkwoorde met werkwoorde en om lengtes van frases en sinne te behou is maniere om grammatikale eenhede te herproduseer. Konkordansie van terminologie (om dieselfde term in die DT te gebruik vir die BT-segment) word gebruik om samehangende woordgebruik te bewerkstellig. Idiome sal nie verander word nie en dit sal so letterlik as moontlik vertaal word om dieselfde betekenis tot die BT-konteks te kry (Nida, 1964/2012: 149). Nida (1964) besef dat daar probleme is veral ten opsigte van terme of konsepte wat nie deur die DT en die BT gedeel word nie. Hier is dit waar die vertaler sal poog om letterlik en woord-vir-woord te vertaal sodat niks verlore gaan nie. Newmark het voortgebou op Nida se werk.

Volgens Newmark (1981:63) is 'n letterlike vertaling waar die primêre gevoel van die leksikale woorde van die oorspronklike teks vertaal word al is dit buite konteks, maar die sintaktiese struktuur van die doeltaal word gerespekteer. Newmark (1981) glo dat indien die ekwivalente effek daar is, die letterlike woord-vir-woord vertaling die beste opsie mag wees. Newmark beweeg weg van Nida se ontvangersgeoriënteerde benadering en voel dat die ekwivalente effek iets is wat nie sommer bereik sal word nie. Daar is te veel konflik in terme van lojaliteit omdat die gaping tussen die bron- en doeltaal altyd iets is wat sal bestaan (Newmark, 1981:38). Dit is waarom hy twee ander kategorieë as Nida se formele en dinamiese ekwivalensie geskep het, naamlik semantiese en kommunikatiewe vertaling. Kommunikatiewe vertaling fokus slegs op die doeltaal-leser se verwagtings dat vreemde elemente oorgedra sal word in haar eie kultuur en taal en Baker se vertaalstrategie van kulturele substitusie sal hier met vrug toegepas kan word. Die semantiese vertaling stem soms ooreen met Nida se formele ekwivalensie en daarom word letterlike vertaalkeuses gemaak. Die dinamiese vertaling stem ooreen met Nida se dinamiese ekwivalensie en daar is kreatiewe vertaalkeuses. Volgens Newmark (1981:63) verskil letterlike vertaling van semantiese vertaling in die sin dat die konteks gerespekteer word. Hy het parameters (oordrag/fokus van aanspreek; kultuur; tyd en oorsprong; verhouding tot BT; BT-vorm; DT-vorm;

toepaslikheid en kriteria van evaulasie) ondersoek en dit verdeel volgens semantiese (letterlike) vertaling en kommunikatiewe (kreatiewe) vertaling. In hierdie afdeling word net die parameters vir semantiese vertaling bespreek:

- Fokus op die denkproses van die oordraer as 'n individu
- Help net die DT-leser met konnotasies indien dit 'n belangrike deel van die boodskap is
- Die DT-kultuur bly dieselfde binne die BT-kultuur
- Die tyd en oorsprong is nie vas in enige tyd of plaaslike ruimte nie
- Die vertaling moet vernuwe word met elke generasie
- Die DT is altyd minderwaardig in vergelyke met die BT
- Daar is verlies aan betekenis
- As die BT se taalnorme afwyk moet dit in die DT gerepliseer word
- Die lojaliteit bly tot die BT-skrywer
- Meer kompleks, ongemaklik, gedetailleerd, gekonsentreerd
- Neiging tot oorvertaling
- Vir ernstige literatuur, outobiografie, persoonlike uitvloeï, enige belangrike politiese (of ander) uitlatings
- Akkuraatheid of reproduksie van die betekenisvolheid van die BT

Nord (1988/2005) se model ondersoek die uiteensetting van die teks op of bo woordvlak en sy onderskei tussen twee basiese tipes vertaalprodukte, te wete dokumentêre of instrumentele vertaling. 'n Dokumentêre vertaling dien as 'n dokument vir die kommunikasie tussen die outeur en die BT-ontvanger. Die leser is bewus daarvan dat sy 'n vertaling lees en letterlike vertaalkeuses kan gebruik word (Nord, 1988/2005: 80). Nord (1988/2005:31) kritiseer Reiss en Vermeer (1984) se *skopos*, omdat sy glo dat die vertaler nie net vrye teuels kan neem met die vertaling nie. Haar model is op funksionele konsepte gebaseer wat toelaat dat die funksie van die BT-kenmerke en die keuses van gepaste vertaalstrategie vir die doel van die vertaling bepaal kan word. Daar is 'n mate van ooreenstemming van haar werk met Reiss en Vermeer se werk, maar sy fokus meer op die *skopos* van 'n vertaling. Die vertaalopdrag en die doel is belangrik en lojaliteit. Dit is belangrik om die BT-outeur en die DT-leser na mekaar toe te bring, sodat daar niks van die boodskap verlore gaan nie. Baker se leenwoorde kan hier 'n goeie vertaalstrategie wees, asook Vinay en Darbelnet se letterlike vertaling. Die BT se boodskap moet nog steeds in ag geneem word en die lojaliteit van die vertaler kan nie net teenoor die DT wees nie.

Diskoersanalise is deur House (1977/1997) aan vertaalstudies bekendgestel. Haar model is op 'n vergelykende BT-DT analise gebaseer. Sy onderskei tussen waarneembare (*overt*) en

verskuilde⁷ (*covert*) vertaling (House, 1977/1997:66). Waarneembare vertaling is waar dit duidelik is dat die DT 'n vertaling is, omdat daar baie leenwoorde en kulturele elemente van die bronkultuur is – dit kan as 'n letterlike vertaalstrategie geklassifiseer word. 'n Verskuilde vertaling word aangepas tot die DT se kultuur en hier kan meer kreatiewe vertaalstrategieë gebruik word. Sy inkorporeer Halliday se registervlakke in haar model en dit is hier waar daar gesien word dat literêre tekste meer as net Reiss se analise van tekstipes nodig het. Sy fokus meer op kultuur en diskoerspatrone sodat modulasie en kohesie van die teks behou word. Volgens House (1977/1997: 112; 2015: 55) kan ekwivalensie nie verkry word op die vlak van die funksie van die individuele teks nie omdat die diskoerswêreld waarin die BT en die DT werk, verskil. Die verskuilde vertaling kan gekoppel word aan Newmark se kommunikatiewe vertaling en die waarneembare vertaling aan die semantiese vertaling. Berman (1985/2000) se strategieë van rasionalisasie (hou by die sintaktiese struktuur van die oorspronklike), verheldering (vertaling om dieselfde betekenis oor te dra) en uitbreiding (vermenging van rasionalisasie en verheldering) kan letterlike vertaling wees.

2.4.3 Kreatiewe vertaalkeuses

Vinay en Darbelnet (1958/1995/2004) is die eerste teoretici om kreatiewe vertaalstrategieë te identifiseer. Hulle laaste twee prosedures van geboë strategieë kan as kreatiewe strategieë gebruik word, naamlik *ekwivalensie of idiomatiese vertaling* (gevalle waar tale dieselfde situasie op verskillende stilistiese of strukturele wyses beskryf) en *adaptasie* (die kulturele verwysing in die bronkultuur word verander, indien 'n soortgelyke situasie nie in die doelkultuur bestaan nie). Ekwivalensie of idiomatiese vertaling bied die vertaler die perfekte geleentheid om kreatief te wees, omdat daar in die doeltaal idioome kan bestaan wat dieselfde idee beter gaan oordra. Adaptasie kan as 'n kreatiewe strategie beskou word omdat hierdie prosedure geregtig is in 'n geval waar 'n letterlike vertaling, al is dit grammatikaal korrek, onidiomaties en ongemaklik in die BT is (Vinay & Darbelnet, 2004: 133). Catford (1965) se inter-sisteem-verskuiwings kom voor wanneer die brontaal en die doeltaal dieselfde soortgelyke woorde het, maar nie in dieselfde klas, eenheid of rang is nie. Tekstuele ekwivalensie gebruik kommutasie wanneer daar nie 'n ekwivalent is nie en laasgenoemde verskuiwing kan goed wees om kreatiewe oplossings te vind. Vinay en Darbelnet (1958/1995/2004) se aanvullende vertaalprosedures, naamlik gewin teenoor verlies en kompensasie, kan dien om 'n woord te versterk wat onvoldoende is op sy eie. Kompensasiestategieë is 'n stilistiese vertaaltegniek waar die nuanses nie in dieselfde plek as die oorspronklike geplaas kan word nie, daarom word dit op 'n ander plek geplaas sodat die toon behoue bly (Vinay & Darbelnet, 1995:341). Oorvertaling kan ook lei tot die verlies aan betekenis

⁷ In die volgende studie is die Afrikaanse terme van Botha (2016: 56) verkry.

as die verkeerde kombinasie woorde van 'n vaste uitdrukking gebruik word (Vinay en Darbelnet, 1958/1995:16). Dit is so dat daar gevalle sal wees waar van die betekenis verlore sal gaan, maar die vertaler kan 'n poging aanwend om nie te veel van die boodskap prys te gee nie én kreatief te wees.

Nida (1964/2012:144) se dinamiese ekwivalensie is gebaseer op die ekwivalente effek. Hierdie ekwivalensie kan as 'n kreatiewe vertaalkeuse beskou word, omdat dit die naaste natuurlike ekwivalent is tot die brontaal-boodskap (Nida, 1964/2012:151). Die ekwivalent stem ooreen met die brontaal-boodskap en verwys dit na die doeltaal. "Die naaste" is die mate waartoe die brontaal en doeltaal saamkom. Die klem van ekwivalensie val op die ekwivalente effek en daarom moet die DT-leser se kultuur in ag geneem word met die vertaling. Dinamiese ekwivalensie is veral geskik vir literêre vertaling, omdat die vertaling binne die konteks van die DT-leser se eie kultuur optree (Nida, 1964/2012:145). Hier kan grammatikale en leksikale verskuiwings plaasvind, sodat die vertaling natuurlik lees. Leksikale verskuiwings kom voor by terme wat parallelle het, byvoorbeeld "boom" en "rivier"; terme wat verskillende kulturele objekte identifiseer, maar nietemin dieselfde funksie het, byvoorbeeld "boek" (wat kan verwys na die Bybel of 'n objek om te lees); en terme wat eie is aan 'n kultuur, byvoorbeeld "braai" (Nida, 1964/2012:151). Daar kan probleme met ekwivalensie voorkom wanneer kulturele objekte of terme uitsluitlik aan 'n spesifieke kultuur behoort. Wanneer idiome dinamies vertaal word moet 'n doeltaal-ekwivalent gebruik word wat dieselfde betekenis as die brontaal het, byvoorbeeld *In hot water* as *In die sop*.

Volgens Baker (2011/2018:34-41) se strategieë op woordvlak kan die volgende as kreatiewe vertaalstrategieë oorweeg word:

- Vertaling deur kulturele substitusie behels dat 'n kultuurgebonde uitdrukking in die doeltaal vervang word met 'n item wat nie noodwendig dieselfde proposisionele betekenis het nie, maar dieselfde impak op die leser sal hê as gevolg van 'n konteks wat eenders is in die doeltaal-kultuur. Die vertaler se keuse om die strategie te gebruik hang af van die opdrag aan die vertaler, die doel van die vertaling en die vertaler se eie oordeel van hoe kulturele konsepte die vertaling sal beïnvloed.
- Vertaling deur parafrasering met 'n verwante woord kom voor wanneer die brontaal-konsep in 'n ander vorm geleksikaliseer word in die doeltaal en die frekwensie waarmee 'n woord gebruik word hoër is in die brontaal as in die doeltaal.
- Vertaling deur parafrasering met 'n onverwante woord kom voor wanneer die bronteks-item glad nie geleksikaliseer word in die doeltaal nie. Parafrasering wat algemene woorde wysig of lei tot die ontknoping van die betekenis, is 'n kreatiewe manier om die probleem op te los. Die voordeel van parafrasering is die presiesheid waarmee die proposisionele

betekenis oorgedra kan word. Die nadeel is dat dit moeilik is om dieselfde ekspressiewe betekenis oor te dra, behalwe natuurlik sou die vertaler vindingryk te werk gaan.

Volgens Newmark (1981:68) fokus 'n kommunikatiewe vertaling op die leser, maar die ekwivalente-effek werk nie indien die teks buite die brontaal se tyd en ruimte is nie. Semantiese vertaling bly binne die kultuur van die brontaal en help die leser net met die konnotasies, indien dit die belangrikste boodskap van die teks bevat, byvoorbeeld *droë wors*, se kommunikatiewe vertaling sal in 'n Amerikaanse konteks *beef jerky* wees omdat dit bekend is aan die Amerikaanse gehoor. Die semantiese vertaling sal *dry wors* wees. Die parameters waarvolgens hy kommunikatiewe vertaling geanaliseer het, is:

- Subjektief
- Fokus op die DT-leser
- Georiënteer tot 'n spesifieke taal en kultuur
- Dra uitheemse elemente oor in die DT-kultuur
- Kortstondig en gewortel in sy eie kontemporêre konteks
- Moontlik beter as die BT
- Wins van krag en duidelikheid, selfs verlies van semantiese inhoud
- Respek vir die vorm van die BT, maar lojaliteit tot die DT-norme
- Meer egalig, eenvoudiger, duideliker, meer direk, meer konvensioneel
- Neiging tot ondervertaling
- Vir die oorgrote meerderheid van tekste, byvoorbeeld nie-literêre werke, tegniese en informatiewe tekste, publisiteit, gestandaardiseerde tipes, lekker-lees fiksie
- Akkuraatheid van die kommunikasie van die BT-boodskap in die DT

Nord (1988/2005) se instrumentele vertaling dien as 'n onafhanklike sender op 'n nuwe aksie van kommunikasie in die kultuur van die DT en die doel daarvan is om die kommunikasieproses te vervul sonder dat die ontvanger bewus is dat sy 'n teks lees wat voorheen in 'n ander kommunikasiesituasie gebruik is en dien as 'n kreatiewe vertaling (Nord, 1988/2005:80). Hierdie tipe vertaling stem ooreen met Reiss se ekspressiewe en operatiewe funksie omdat die doel van die tekstipe is om dieselfde gevoel by die DT-leser te wek en om die boodskap van die BT op so 'n wyse oor te dra dat die leser dit binne hulle kultuur verstaan. Baker se kulturele substitusie sal hier 'n goeie vertaalstrategie wees. House (1977/1997) se verskuilde vertaling kan as 'n kreatiewe vertaalstrategie gebruik word, omdat die teks aangepas word vir die kultuur van die doeltaal. Volgens Bassnett-McGuire (1980/2002:31) kan idiome vertaal word deur substitusie. Die doel van 'n idioom is om 'n beeld te skep en dit is die werk van die vertaler om seker te maak dat die beeld van die BT oorgedra word in die DT. Daarom is Baker se strategie van kulturele substitusie uiters

gepas vir kreatiewe vertaalstrategieë en sal dinamiese ekwivalensie (Nida, 1964) en kommunikatiewe vertaling (Newmark, 1981) verkry word.

Transkulturasie is die oordra van idees, die verspreiding van kunssinnige vorm en die oordrag van kulturele materiaal (Tymozcko, 2006:28). Dit is veral hier waar kreatiewe keuses gemaak kan word. Vertaling het wegbeweeg van linguistiese en funksionele ekwivalensie na die kulturele draai. Kulturele kwessies in vertaling het heelwat bespreking ontlok, veral ten opsigte van domestikering of vervreemding. Die analise van 'n vertaling word binne die kulturele omgewing van die doeltaal gedoen. Schleiermacher (1813/2012) onderskei tussen twee tipes vertalers wat met twee verskillende tekstipes werk, naamlik die Dolmetscher (vertaal kommersiële tekste) en die Übersetzer (vertaal skolastiese en kunssinnige werke). Hy beskou die Übersetzer as iemand wat baie kreatief is. Dit lyk dalk onmoontlik om kunssinnige tekste kreatief te vertaal vanweë die kulturele gebondenheid van die BT-betekenis, maar Schleiermacher vra die vraag oor hoe die BT-skrywer en die DT-leser bymekaar kan uitkom. Sy werk rakende tekstipes skakel met Reiss se werk wat sy nog verder uitgebrei het. Een van sy belangrikste aanhalings noem dat die vertaler moet kies om die skrywer soveel as moontlik in vrede te laat en die leser na hom toe te bring of die vertaler los soveel as moontlik die leser in vrede en bring die skrywer nader aan hom (Schleiermacher, 1813/2012:49). Venuti het kulturele aspekte in vertaling aangespreek en hy sluit aan by Schleiermacher se siening (Venuti, 1995). Venuti het die terme domestikering en vervreemding geskep. Indien die vertaling die leser nader aan die skrywer en die BT se kultuur beweeg, het ons met domestikering te make (Venuti, 1995:20). Indien die vertaling meer na die leser beweeg, dan sal die leser nie vreemde elemente in die vertaling opmerk nie en hier kan dit as kreatiewe vertaling beskou word. Venuti (1995) het die term vervreemding geskep en dit kom voor wanneer die skrywer met rus gelaat word en die leser op reis geneem word na die vreemde. Hier sal 'n meer kreatiewe vertaling na vore kom, omdat daar nie vreemde elemente in die teks moet wees nie en die vertaler kulturele substitusie moet gebruik.

Die polisistiem-teorie is in die 1970's deur Itamar Even-Zohar (1978/2012) ontwikkel. Hierdie teorie laat toe dat 'n teks en vertaling binne hulle sosiale, historiese en kulturele kontekste geanaliseer kan word en dit is veral waar vir literêre tekste. Hier kan die vertaler besluit of sy die teks kan vervreem of domestikeer en haar vertaalstrategieë daarvolgens aanpas. Deskriptiewe vertaalmodelle skryf nie voor hoe vertalings gemaak moet word nie, maar herken dat vertaalprodukte die gevolg is van keuses op grond van heersende beginsels of konvensies van daardie periode (Wehrmeyer, 2013:123). Volgens Toury (1995/2012:63) is norme die vertaling van algemene waardes of idees wat deur 'n sekere gemeenskap gedeel word, dit wat reg en verkeerd is, na spesifieke prestasie instruksies oor wat aanvaarbaar en toepaslik is vir 'n spesifieke situasie. Hy fokus hoofsaaklik op die funksie van norme as 'n beskrywende kategorie

om vertaalpatrone te identifiseer. Toury (1995/2012) onderskei tussen drie norme: aanvanklike norme (die algemene keuse wat deur vertalers gemaak word en die vertaler kan besluit of dit na die BT- of die DT-leser gaan wees), voorlopige norme (vertaalbeleide en die direktheid van die vertaling) en gebruiksnorme (beskryf die uitbeelding en linguistieke sake van die DT). Hierdie norme word op verskillende stadiums van die vertaalproses gebruik (Toury, 1995/2012:56-59). Chesterman (1997:68) vermeld dat alle norme 'n voorskriftelike druk uitoefen. Sy norme is produk- of verwagtingsnorme (gevestig deur verwagtinge van lesers van die vertaling rakende wat 'n vertaling behoort te wees), en proses- of professionele norme (reguleer self die vertaalproses) (Chesterman, 1997: 64-67). Die professionele norme stem ooreen met Toury se gebruiksnorme omdat die verhoudingsnorm 'n linguistieke norm is wat fokus op die verhouding tussen die BT en die DT. Volgens hierdie twee norme kan daar bepaal word watter verskuiwings (*shifts*) plaasvind. Hierdie verskuiwings kan saam met die vertaalstrategieë soos deur Baker voorgestel gebruik word. Toury (1995/2012: 267) se wette van vertaling kan verdeel word in die wet van groeiende standaardisasie en die wet van inmenging. Volgens die wet van inmenging beweeg die vertaling weg van die BT en die replisering van sintaktiese en leksikale patrone kom voor. Hierdie wet van inmenging kan moontlik lei tot die identifisering van kreatiewe keuses omdat die teks aangepas word sodat inmenging in die BT vermy kan word. Berman (1985/2000) se verdeling word veral gebruik in kreatiewe vertaling.

2.4.4 Ondervertaling

Daar is gevalle waar daar wel 'n doeltaalekwivalent bestaan, maar die vertaler gebruik 'n opsionele vertaalkeuse wat lei tot verlies aan betekenis. 'n Ander geval is wanneer die vertaalsegment *onvertaalbaar* (Catford, 1965) is en die vertaalkeuse dan berus op strategieë. Daar is teoretici wat *gewin-of verlies vertaalstrategieë* (Basnett-McGuire, 1980/2002) en *kompensasiestategieë* (Vinay & Darbelnet, 1958/1995) ontwikkel het, maar vir hierdie studie is gewin-strategieë en kompensasiestategieë (kortliks in 2.4.4 bespreek) as kreatiewe vertaalkeuses gekategoriseer. In hierdie afdeling gaan daar gefokus word op verloor vertaalstrategieë, wat Berman (1985/2000) definieer as *verarmingstrategieë*. Newmark (1981) kategoriseer sulke vertaalkeuses as *ondervertaling*. Ondervertaling (Newmark, 1981) kan gesien word as die weglating van inligting of die verandering van inligting wat die betekenis van die BT-boodskap laat verlore gaan.

Vinay en Darbelnet (1958/1995) het eerste die verlies-strategie bekendgestel. Indien daar nie 'n ekwivalent in die doeltaal bestaan wat dieselfde boodskap weergee nie, as gevolg van die verhouding tussen die brontaal en die doeltaal, is daar 'n *verlies (entropie)* aan betekenis omdat 'n gedeelte van 'n boodskap nie oorgedra kan word nie (Vinay & Darbelnet, 1958/1995:345). Die vertaling het dus 'n lae entropie en die vertaalsegment is ondervertaal.

Catford (1965) onderskei tussen linguistiese en kulturele onvertaalbaarheid. Linguistiese onvertaalbaarheid is as gevolg van verskille in die brontaal en die doeltaal en kulturele onvertaalbaarheid is wanneer daar nie 'n kulturele doeltaal-ekwivalent bestaan wat relevant is tot die situasie nie (Catford, 1965). Die vertaler moet besluit of hulle iets nuuts gaan skep (*domestikeer*) of terugval na 'n algemene, minder betekenisvolle vertaalkeuse.

Volgens Bassnett-McGuire (1980/2002: 36) is die beginsel van wen of verloor in vertaling die aanvaarding dat daar nie altyd eendersheid tussen tale is nie. Sy het die standpunt dat indien daar nie 'n ekwivalent in die doeltaal bestaan nie, daar iets anders in die doeltaal sal wees wat dieselfde boodskap oordra (Bassnett-McGuire, 1980/2002: 36). Weereens moet die vertaler besluit of hulle die segment gaan uitlos of 'n soortgelyke vertaling gaan skep (*domestikeer*).

Berman (1985/2000) het die invloed van die vreemde op literêre vertaling ondersoek en 12 vervormings identifiseer. Die twee vervormings wat hier van toepassing is, sal kwalitatiewe en kwantitatiewe verarming wees. Kwalitatiewe verarming behels die vervanging van terme, uitdrukkings en figure in die oorspronklike met terme, uitdrukkings en figure wat nie dieselfde rykheid besit nie en kwantitatiewe verarming behels op sy beurt die leksikale verlies van kreatiewe taalgebruik (Berman, 1985/2000:247). Dit is nie noodwendig so dat die kwantiteit van woorde meer belangrik is as die kwaliteit en gevoelswaarde van die woorde nie. Indien die vertaling poog om alles woord-vir-woord te vertaal, kan die hele figuurlike gebruik van die vertaling misluk en kan dit as 'n swak vertaling beskou word.

Soos bespreek in afdeling 2.4.1, beskou Baker (2011/2018) ondervertaling as 'n gevolg van probleme met ekwivalensie. Die vertaling na 'n meer algemene woord ondersteun die letterlikheid daarvan. Die volgende vertaalstrategieë soos deur Baker (2011/2018:38) voorgestel, kan gebruik word in gevalle waar daar nie 'n ekwivalent is nie, wat kan lei tot 'n verlies aan betekenis.

- Vertaling deur gebruik te maak van 'n meer algemene woord is 'n algemene strategie om verskeie tipes van nie-ekwivalensie te hanteer, veral rondom die proposisionele betekenis. Dit werk goed in meeste tale. Tog kan dit daartoe lei dat die bedoelde of voorgenome funksie van die teks verlore raak of misluk, byvoorbeeld *Pitbull* vertaal na *hond*.
- Die vertaling na 'n neutraler/minder uitdrukkingsvolle woord is veral merkbaar in die ekspressiewe betekenis. 'n Vertaler mag hierdie strategie gebruik omdat sy bang is die verkeerde ekspressiewe betekenis word oorgedra, byvoorbeeld *Die vrou brom dat sy moeg is* vertaal na *Die vrou sê dat sy moeg is*.

- Vertaling deur weglating mag drasties voorkom, maar indien die woord of uitdrukking wat onvertaald gelaat word nie 'n (beduidende) invloed op die konteks van die vertaling het nie, sal dit die DT-tekste nie belemmer nie. Dit is egter noodsaaklik om seker te maak of die uitdrukking die leser se aandag gaan aftrek of bydra tot die begrip van die teks. Betekenis raak ook verlore met hierdie strategie en kan lei tot onvertaalbaarheid, byvoorbeeld *Die kinders lag uitbundig* vertaal na *die kinders lag*.

2.4.5 Tekstipes

Die tekstipe waarmee 'n vertaler werk is belangrik, omdat dit sal bepaal watter vertaalstrategieë gebruik word en so word ekwivalensie ook beïnvloed. Daar kan letterlike vertaalkeuses en kreatiewe vertaalkeuses wees, asook gevalle waar verarming plaasvind. Reiss (1981/2004) se werk bou voort op ekwivalensie, maar die tekstipe is die vlak waarop kommunikasie verkry moet word. Sy kyk deur 'n groter lens na die teks as die linguïste wat net op die sin of woord fokus. Haar model fokus op die funksie van drie tekstipes op grond van Bühler se drie taalfunksies (Reiss, 1981/2004:25). Hierdie taalfunksies is onderskeidelik die informatiewe, die ekspressiewe, die appellatiewe taalfunksie. Sy stel voor dat hierdie taalfunksies aan die taaldimensie en tekstipes of kommunikatiewe omstandighede gekoppel kan word om verskillende vertaalmetodes te gebruik. Die tekstipes wat Reiss (1981/2004:163) onderskei is die informatiewe tipe, die ekspressiewe tipe en die operatiewe tipe. Sy het besef dat tekstipes kan vermeng en daarom het sy die hibried (multimodale) tekstipe geskep. Newmark (1988) se model, wat op Reiss se werk gebaseer is, bied 'n goeie raamwerk om vertaalkeuses wat deur 'n betrokke tekstipe gegee word, te identifiseer, omdat die parameters vir semantiese (letterlike) en kommunikatiewe (kreatiewe) vertaling vir elke tekstipe reeds geïdentifiseer is. Snell-Hornby (1988/1995) integreer vertalings volgens 'n groter kriteria as Reiss. Sy neem kulturele agtergrond, regsvertaling en ekonomiese vertaling in ag. Haar drie tipes vertaling is literêre vertalings, algemene-taal-vertalings en gespesialiseerde-taal-vertalings.

Die informatiewe tekstipe kommunikeer die inhoud van die teks. Die informatiewe taalfunksie stel feite van 'n saak voor. Die taaldimensie is logies en die vertaalmetode is gewone prosa waar duidelikheid van uiterse belang is en 'n regstek of verslag is 'n voorbeeld hiervan (Reiss, 1981/2004:163). Volgens Newmark (1988:40) is die kern van die informatiewe funksie die feite rakende 'n onderwerp, die realiteit buite die taal, insluitende berugte idees of teorieë. Gespesialiseerde vertaling is enige vertaling wat oor 'n spesifieke area van kennis gaan en Snell-Hornby (1988/1995:31) kategoriseer regstaal as 'n gespesialiseerde-taal vertaling, met 'n informatiewe funksie. Nord (1997) se dokumentêre vertaling dra die outeur se boodskap oor en so vervul dit die rol van 'n regstek. Die veranderinge wat in die DT gemaak is, kan met

vertaalstrategieë opgelos word maar dit is ook belangrik om die kultuur en diskoerspatrone in ag te neem.

Die ekspressiewe tekstipe kommunikeer kunssinnige georganiseerde inhoud en bevat metaforiese taalgebruik (Reiss, 1981/2004:163). Die ekspressiewe taalfunksie dra die houding van die sender oor, die taaldimensie is esteties en die vertaalmetode is 'n identifiserende funksie waar die perspektief van die BT-skrywer aangeneem word (Reiss, 1981/2004). 'n Voorbeeld is die vertaling van 'n roman wat meer vryheid vir die vertaler bied teenoor 'n vertaling van 'n handleiding wat vakspesifieke terminologie vereis. Volgens Newmark (1988: 39) is die kern van die ekspressiewe funksie die denke van die spreker, die skrywer of die oorsprong van die uitspraak. Snell-Hornby (1988/1995) onderskei literêre vertaling as 'n kreatiewe verlenging van die taalnorme en klassifiseer literêre werke en die Bybel hieronder. 'n Ekspressiewe tekstipe (Reiss, 1981/2004) sal baie baat met ekwivalente effek omdat daar op die kultuur van die DT-leser gefokus word. Dit is Vinay en Darbelnet (1958/1995/2004) wat eerste adaptasie as 'n kreatiewe vertalingstrategie ontdek het. Bassnett-McGuire (1980/2012) stem saam dat 'n geboë strategie waar kulturele substitusie gebruik is, sal werk vir die ekspressiewe tekstipe.

Die operatiewe tekstipe kommunikeer die inhoud met 'n oortuigende karakter (Reiss, 1981/2004:163). Die appellatiewe taalfunksie (Reiss, 1981/2004) maak 'n beroep op die ontvanger van die teks. Die taaldimensie is dialogies en die vertaalmetode is adaptief of ekwivalente effek moet verkry word. 'n Voorbeeld hiervan is 'n advertensie wat kreatiwiteit vereis om die boodskap oor te dra en terselfdertyd die gevoel en feite moet oordra. 'n Algemene vertaling is 'n nie-gespesialiseerde teks en Snell-Hornby (1995) noem dat die taal van 'n nuusberig oor markaanduiders of 'n algemene inligtingsteks algemene vertalingstaal is en daar is 'n kommunikatiewe funksie.

Reiss (1981/2004) het die *hibriede* tekstipe identifiseer wat 'n vermenging van die ander drie tekstipes is. Voorbeelde van hierdie tekstipe is 'n biografie wat tussen die informatiewe en ekspressiewe tekstipe val, omdat dit inligting verskaf oor die onderwerp en deel vorm van 'n literêre teks wat 'n storie vertel. *Multi-modale* tekstipes is wanneer daar geskrewe teks is saam met nieverbale uitdrukkings (Reiss, 1981/2004:173). Reiss (1971/2000:32) dui aan dat tekste soos ekonomiese tekste 'n hibriede vorm het met 'n multi-dimensionele struktuur.

Die vertaler se eie rol en doel sal ook 'n invloed hê op die tipe vertaalstrategie wat gekies word. Daar is beperkings in Reiss se funksionele benadering, maar dit is so in enige benadering in vertaalstudies. Een van hierdie beperkings is in die metode wat sy voorstel om elke tekstipe te vertaal. Dit is dikwels so dat 'n teks nie uitsluitlik een spesifieke tekstipe verteenwoordig nie.

Die teoretiese agtergrond is bespreek en lei ons na die analitiese raamwerk van hierdie studie.

2.5 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is persoonlikheidseienskapteorie volledig bespreek. Die vertaalstrategieë is ook volledig bespreek. Cattell (1973), Eysenck (1984), McCrae en Costa (1989), Myers Briggs (1995) en Ashton en Lee (2008) se persoonlikheidstoetse is bespreek. Cattell het die 16-PF opgestel en volgens hom bestaan die mens uit drie persoonlikheidstipes (temperamente, persoonlikheidseienskappe en vermoëns). Cattell het 'n in-diepte ondersoek gedoen om na alle aspekte van die mens te kyk. Dit is egter te veel eienskappe om te ondersoek en daar is gevalle van oorvleueling tussen die primêre en sekondêre dimensies. Eysenck het hoofsaaklik op die ekstroversie/introversie dimensie gefokus en daarna nog twee dimensies bygevoeg wat veral fokus op die psigose van 'n mens. Eysenck neem net 'n gedeelte van die mens in ag en dit fokus grootliks op geestesversteurings. In hierdie studie is daar grootliks op die Groot Vyf-model gefokus, omdat dit die model is wat die BFI-persoonlikheidstoets onderlê en gebruik gaan word om die persoonlikheidseienskappe in hierdie studie te verduidelik. Hierdie model is ontwikkel deur faktoranalise van Cattell en Eysenck se persoonlikheidseienskappe. Dit bevat meer eienskappe as Eysenck en neem oopheid en aangenaamheid as persoonlikheidseienskappe in ag. Die omvang is kleiner as Cattell se persoonlikheidseienskappe en daarom is die analise van die data ook vinniger. Die kritiek rondom hierdie model is deel van die kritiek rondom Cattell en Eysenck se toetse wat al vir jare aan die gang is en tien teen een nog langer sal aangaan. Daar is wel konsensus oor drie van die eienskappe. Die ontstaan van die HEXACO-model wat ook die vyf dimensies van die BFI bevat, getuig daarvan dat 'n die BFI 'n goeie persoonlikheidstoets vir persoonlikheidseienskappe is. Die geldigheid van hierdie drie, naamlik: ekstroversie, neurotisme en oopheideienskappe is alreeds in die afsonderlike afdelings bespreek. Die MBTI val heeltemal buite die omvang van die toetse wat reeds genoem is, omdat hulle almal die eienskapbenadering volg en die MBTI 'n tipologie gebruik wat geen ruimte laat vir tellings wat in die middel van die persoonlikheidseienskap val nie.

Die vertaalstrategieë is bespreek aan die hand van ekwivalensie, letterlike vertaalkeuses, kreatiewe vertaalkeuses, ondervertaling en tekstipes. Vertaalteoretici se standpunte oor ekwivalensie word ondersoek. Vinay en Darbelnet (1995/2004); Jakobson (1959/2012); Nida (1964) is 'n paar van hierdie teoretici. Letterlike en kreatiewe vertaalskeuses is met mekaar vergelyk deur direkte en geboë vertaling (Vinay en Darbelnet, 1995/2004), formele en dinamiese ekwivalensie (Nida, 1964), semantiese en kommunikatiewe vertaling (Newmark, 1981), dokumentêre en instrumentele vertaling (Nord, 1988/2005) en laastens waarneembare en verskuilde vertaling (House, 1977/1997) te gebruik. Ondervertaling is bespreek met verwysing na die verlies-strategie (Vinay en Darbelnet, 1958/1995), onvertaalbaarheid (Catford, 1965), wen

of verloor (Bassnett-McGuire, 1980/2002), vervormings (Berman, 1985/2000). Baker (2011) se vertaalstrategieë is gebruik om probleme met ekwivalensie uit te lig. Laastens, is tekstipes (Reiss, 1981/2004) bespreek om die vertaalkeuses in elke teks te verlig.

In die volgende afdeling gaan die metodologie vir hierdie studie bespreek word, waar die teoretiese konteks van vertaalkunde tot persoonlikheid uitgelig gaan word. Die teoretiese konteks van die BFI gaan weer hersien word. Die analitiese raamwerk van die studie gaan volledig bespreek word, asook die etiese aspekte van die studie.

HOOFSTUK 3: Metodologie

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die metodologie bespreek wat die studie lei. Soos gestel in hoofstuk 1.2 is die primêre navorsingsvraag:

Is daar ooreenstemming tussen professionele vertalers se vertaalkeuses en hulle persoonlikheidseienskappe?

Die primêre navorsingsvraag gee op sy beurt aanleiding tot die volgende sekondêre vrae:

- Wat is vertalers se persoonlikheidseienskappe?
- Wat is die vertalers se finale vertaalkeuse?

Dit kan moontlik aanleiding gee tot die volgende vraag:

- Tot watter mate beïnvloed ervaring eerder as persoonlikheid vertaalkeuses?

Alhoewel die studie hoofsaaklik kwalitatief van aard is, kan daar 'n aanvanklike voorstelling saamgestel word:

- H1: Daar bestaan 'n verband tussen voorkeure van vertaalstrategieë en vertalers se persoonlikheidsprofile.
- H2: Daar bestaan 'n verband tussen vertaalstrategieë en ervaring.
- H0 (die nul-hipotese): Daar bestaan geen verband tussen voorkeure van vertaalstrategieë en vertalers se persoonlikheidsprofile nie.

Die hoofdoel van hierdie studie is om 'n persoonlikheidsprofiel van die deelnemers (professionele vertalers) op te stel, gebaseer op 'n bestaande gestandaardiseerde psigometriese toets en om te ondersoek of daar ooreenstemming is tussen hulle dominante persoonlikheidseienskappe en hulle vertaalkeuses. Om die vertaalkeuses van die professionele vertalers sinvol te identifiseer en te kategoriseer word 'n gevestigde vertaalmodelraamwerk gebruik, naamlik Newmark se onderskeid tussen semantiese- en kommunikatiewevertaalstrategieë.

In afdeling 3.2 word die teoretiese raamwerk vir die BFI-persoonlikheidstoets kortliks bespreek, gevolg deur 'n indringende bespreking van die teoretiese raamwerk vir teksanalise, in afdeling 3.3. In afdeling 3.4 word die analitiese raamwerk vir die studie, insluitend die

navorsingsprosedure, die deelnemers in die studie, data-insameling en data-analise gerasionaliseer. Die etiese aspekte word uitgelig (afdeling 3.5) en 'n gevolgtrekking (afdeling 3.6) sal aan die einde as samevatting dien.

3.2 Teoretiese raamwerk vir BFI-persoonlikheidstoetsmodel

Die gestandaardiseerde psigometriese toetse wat die meeste gebruik word binne Sielkunde is die 16PF (Cattell, 1973), die EPQ (Eysenck, 1984) en die NEO-PI-R (Costa & McCrae, 1989). Hierdie persoonlikheidstoetse word in tabel 3.1 uiteengesit, met inligting oor die teoretikus, die persoonlikheidseienskappe wat gemeet is en hoe die toetsdata voorgestel word.

Tabel 3.1: 'n Uiteensetting van die onderskeie persoonlikheidseienskapstoetse

TOETS	VERWYSING	PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE	TOETS UITSET
16PF	Cattell, 1973	warmte, redenering, emosionele stabiliteit, dominansie, lewendigheid, bewus van reëls, sosiale moed, sensitiwiteit, waaksaamheid, ingedagtigheid, privaatheid, bevreesheid, oopheid tot verandering, selfstandigheid, perfeksonisme en spanning.	Persentasie
EPQ	Eysenck, 1984	ekstroversie, psigotisme, neurotisme	Persentasie
NEO-PI-R (NEO-FFI)	McCrae en Costa, 1989	ekstroversie, oopheid vir ervaring, aangenaamheid, konsensieusheid, neurotisme	Persentasie
MBTI	Myers en Myers, 1995	Ekstroversie vs. introversie, sintuiglike vs. intuitiewe, waarneming vs. besluitneming	Akroniem
BFI	John en Srivastava, 1999	ekstroversie, oopheid vir ervaring, aangenaamheid, konsensieusheid, neurotisme	Persentasie
HEXACO	Ashton en Lee, 2008	eerlikheid/nederigheid, emosionaliteit, ekstroversie, aangenaamheid, konsensieusheid en oopheid tot nuwe ervarings	Akroniem

Henderson (1987) het die 16-PF gebruik om die persoonlikheidsprofile van vertalers, tolke en 'n groep nagraadse vertaal-en tolkstude te identifiseer. Alhoewel Die 16PF 'n goed-gevestigde model is, val die hoeveelheid eienskappe en die ingewikkeldheid van die analise buite die bestek van hierdie verhandeling.

'n Voordeel van die EPQ is dat daar 'n rykdom navorsing gedoen is oor die introversie/ekstroversie -skaal, maar die nadeel is dat dit net drie eienskappe bevat waarvan een fokus op die diagnose van afwykings.

Pirouznik (2014) het die NEO-FFI vir die doeleindes van haar ondersoek gebruik wat gebaseer is op die NEO-PI-R. Albei is goeie psigometriese toetse, omdat hulle vyf eienskappe bevat wat 'n groter omvang van die mens in ag neem, maar hulle moet deur 'n gekwalifiseerde psigometris toegedien word en daar is kostes verbonde daaraan om hierdie toets te gebruik. Gevolglik val hierdie psigometriese toetse buite die omvang van 'n meestersgraadstudie val.

Die MBTI, wat Hubscher-Davidson (2009) en Lehka-Paul en Whyatt (2016) gebruik het, verskaf ook 'n allesomvattende oorsig oor persoonlikheidseienskappe. Tog, soos bespreek in hoofstuk 2.3.4, meet hierdie skaal net die uiterstes van persoonlikheid en neem nie gevalle in ag waar die individu in die middel val nie. Boonop val dit buite die omvang van die eienskapsteorie en volg daarom Jung (1923/1971) se teorie. Daar is ook kwessies rondom die geldigheid van die toets (McCrae & Costa, 2008).

Die BFI is afgelei van 'n analise van die NEO-PI-R en die NEO-FFI (afdeling 2.3.3). Die vyf faktore is allesomvattend en hiërargies uiteengesit en weens die moontlikheid van samewerking met Berkeley Personality Lab (John, 2007) is hierdie toets gekies. Die toets is elektronies en al die vrae is reeds ingedeel volgens die vyf eienskappe. Persoonlikheidsprofielsamestelling is 'n nuttige manier om persoonlik en ervaring te ondersoek (Saldanha & O'Brien, 2014; Angellili & Baer, 2016). Faktor-analise is reeds toegepas en dit is 'n geldige, gestandaardiseerde toets (John *et al.*, 2008). Die BFI bou ook voort op Eysenck en Cattell se psigometriese toetse. Die toets, wat al die fasette van die mens omsluit, het vyf fasette wat hiërargies georganiseer is, wat 'n bondiger, maar inklusiewe, vraelys verseker. Volgens John en Srivastava (1999) bied hierdie vraelys 'n meer toereikende verduideliking van die fasette as die NEO-PI-R. Alhoewel oorspronklike toetse van die BFI statiese verklarings oor persoonlikheid bied, soos in afdeling 2.3.3 bespreek, is nuwe weergawes van die toets meer dinamies van aard. Lekha-Paul en Whyatt (2016) het die HEXACO psigometriese toets gebruik om onderskeidelik persoonlikheidseienskappe te meet. Hierdie vraelys is gebaseer op die BFI met 'n addisionele dimensie, maar tans is daar nog nie geldige bewyse van hierdie dimensie nie en dus is die toets nog nie volledig gevalideer nie.

3.3 Teoretiese raamwerk vir vertaalstrategieë

Daar is in hoofstuk 1 genoem dat daar 'n verband tussen die vertaler se persoonlikheid en haar vertaalkeuses is (Henderson, 1987; Barboni, 1999; Hubscher-Davidson, 2009; Reiss, 2014; Pirouznik, 2014; Lehka-Paul & Whyatt, 2016). Vertalers met 'n hoë telling vir konsensieusheid

vertaal meer letterlik en diegene met 'n hoë neurotisme-telling vertaal meer kreatief. In afdeling 2.4 is daar 'n omvattende verduideliking van verskeie vertaalteoretici wat 'n bydrae gelewer het tot ekwivalensie, letterlike vertaalkeuses, kreatiewe vertaalkeuses, ondervertaal en tekstipes. In hierdie afdeling is Newmark (1981) se vertaalstrategieë kortliks met die van ander vertaalkunde-teoretici (Vinay & Darbelnet, 1958/2004; Nida 1964; House, 1977; Nord 1988) vergelyk. In Tabel 3.2 is daar 'n uiteensetting van hoe die onderskeie modelle die verskille tussen letterlike en kreatiewe vertaalkeuses definieer.

Tabel 3.2: 'n Uiteensetting van die onderskeie vertaalmodelle

TEORETICI	LETTERLIKE VERTAALKEUSE	KREATIEWE VERTAALKEUSE
Vinay en Darbelnet (1958/1995/2004)	Direkte vertaling	Adaptasie
Nida (1964)	Formele ekwivalensie	Dinamiese ekwivalensie
House (1977)	Waarneembare vertaling	Verskuilde vertaling
Newmark (1981)	Semantiese vertaling	Kommunikatiewe vertaling
Nord (1988)	Dokumentêre vertaling	Instrumentele vertaling

Vinay en Darbelnet (1958/1995/2004) het 'n bydrae gelewer oor vertaalkeuses, maar soos wat taal verander vind oorvleueling tussen die direkte en geboë vertaling plaas. Die geboë vertaling bevat ook verpligte vertaalkeuses, veral wat transposisie en modulasie aanbetref. Dit ontnem nie vertaler dus om kreatiewe keuses te neem. Direkte vertaling kan as letterlik beskou word en veral *adaptasie* as kreatiewe vertaalkeuses beskou word. Nida (1964) onderskei tussen formele en dinamiese ekwivalensie. Hy glo dat die ekwivalente effek die beste manier is om te vertaal en dat die vertaler sal poog om letterlik te vertaal indien daar nie 'n ekwivalent bestaan nie. House (1977) fokus meer op die diskoers van die vertaling en hoe register 'n invloed kan hê. Die aspek van register behels tekste as geheel, en dus val dit egter buite die raamwerk van hierdie studie wat grootliks vertaalkeuses op woordvlak ondersoek in kort ekstrakte van tekse. Waarneembare vertaling behels letterlike vertaling, omdat dit behels dat bestaande ekwivalente in die doeltaal gebruik word. Daarteenoor behels verskuilde vertaling kreatiewe vertaling, omdat dit ruimte bied vir kreatiewe keuses indien daar nie 'n bestaande ekwivalent in die doeltaal gevind kan word nie. Newmark (1981) het ekwivalensie ondersoek deur semantiese- en kommunikatiewe vertaling te identifiseer. Onder hierdie onderwerpe het hy parameters ontwikkel wat veral onder letterlike en kreatiewe vertaalkeuses verdeel kan word. Dit maak dit makliker vir analise, omdat daar reeds riglyne verskaf is oor wanneer 'n vertaalkeuse as letterlik of kreatief geklassifiseer kan word. Nord (1988) se analise fokus meer op die invloed van die tekstipe en watter ekwivalente daarvolgens gekies moet word en volgens haar moet die doelteks óf so akkuraat as moontlik die bronteks

reflekteer (dokumentêre vertaling), óf kreatief aangepas word vir die doeltteksgehoor (instrumentele vertaling), m.a.w. Nord bied nie 'n middeweg tussen die twee ekstreme nie. Dokumentêre vertaling behels dus letterlike vertaalkeuses, waar instrumentele vertaling kreatiewe strategieë behels dat die teks aanpas tot die DT-leser se kultuur. Nogtans noem sy nie watter strategieë om te gebruik vir watter tipe DT.

Newmark (1981) het die gaping in Nida (1964) se werk oor die ekwivalente effek raakgesien. Nida (1964) bied nie riglyne vir wanneer die ekwivalente effek nie moontlik is nie. Daarom het Newmark die semantiese en kommunikatiewe vertaalmodel ontwikkel. In hierdie model is daar duidelike riglyne oor wanneer 'n vertaler letterlik of kreatief sal vertaal. Newmark (1981) se parameters neem verskeie aspekte op grond van vertalers se lojaliteit in ag. Semantiese vertaling neem in ag dat die vertaler lojaal is teenoor die bronteks en kommunikatiewe vertaling neem in ag dat die vertaler teenoor die doeltaalleser lojaal is. Die vertaler se denke as sender word in ag geneem waar Vinay en Darbelnet (1958/2004) voorskrifte gee oor watter vertaalstrategie gebruik moet word. House (1977) en Nord (1988) fokus ook nie op die vertaler se doel met die teks nie. As die vertaler die doeltaalkultuur as belangriker ag is die vertaling dus semanties en as die vertaler 'n spesifieke taal en kultuur in ag neem is die vertaling kommunikatief. Kultuur moet inaggeneem word, omdat dit sal lei tot 'n egalige, lekkerleesvertaling. Indien die doeltaal se taalnorme verwing word omdat die bronteks so geskryf is sal die vertaler letterlik vertaal. Indien die bronteks aanpas tot taalnorme van die doeltaal kan dit lei tot 'n kreatiewer vertaling in verhouding tot die teks. Ondervertaling kan wel voorkom indien die vertaler te veel van die bronteks se boodskap uitlaat en die bronteks dalk te eenvoudig vertaal. Hierdie kategorie is nie deur Vinay en Darbelnet (1958/1995/2004), House (1977) en Nord (1988) oorweeg nie.

3.4 Analitiese raamwerk

In die analitiese raamwerk word die deelnemers (afdeling 3.4.1), data-instrumente (afdeling 3.4.2), navorsingsprosedure (afdeling 3.4.3), data-analise (afdeling 3.4.4) bespreek. Ten einde die navorsingsvrae te beantwoord word daar van kwalitatiewe navorsingsmetodes gebruik gemaak. Kwantitatiewe navorsing berus baie op numeriese data om die verhouding tussen die verskillende veranderlikes te toets (Ivankova *et al.*, 2011:257). Kwalitatiewe navorsing behels 'n proses waartydens daar ondersoek ingestel word ten einde 'n spesifieke fenomeen te verstaan (Ivankova *et al.*, 2011:259). Hierdie studie is hoofsaaklik kwalitatief en van 'n ondersoekende aard.

3.4.1 Deelnemers

Negentien professionele vertalers het aan hierdie studie deelgeneem, elk met minstens drie jaar ervaring in die vertalingsindustrie. Hierdie is 'n ondersoekende studie en daar is nog geen geldige empiriese bewyse oor hierdie onderwerp nie. Die taalkombinasie van die vertalers is meestal

Engels-Afrikaans, maar Engels-Sotho, Engels-Zoeloe en Engels-Portugees het ook voorgekom. Daar is gepoog om 30 deelnemers vir die studie te kry. Verskeie deelnemers is gekontak deur middel van Suid-Afrikaanse Vertaalinstituut (SAVI) en verwysings, maar weens die innoverende aars van die studie het sommige deelnemers nie ingestem nie.

3.4.2 Data-instrumente

Die instrumente van die studie bestaan uit 'n demografiese vraelys, die BFI-persoonlikheidstoets en drie tekste vir vertaling.

Tabel 3.3: Opsomming van die navorsingsinstrumente

Instrument	Vir Deelnemer	Vir Navorser
Demografiese vraelys	Verskaf agtergrond	Deelnemerdata
Tekste om te vertaal	Drie tekste	Vertaaldata
BFI-persoonlikheidsvraelys	Deelnemer se persoonlikheidsprofiel	Persoonlikheidsdata

Die deelnemers het 'n demografiese vraelys (Bylaag D) voltooi om hulle vlak van ervaring, hulle gekose vertaalrigting(e) (om die verstrengelde veranderlike van vertaalrigting uit te skakel), hulle ouderdom, die aantal projekte gedoen, wat die deelnemer se hoogste kwalifikasies is, en of die deelnemer SAVI-geakkrediteerd is in te samel. Hierdie veranderlikes mag dalk ook 'n bydrae lewer tot hoe die vertaler verskillende tekstipes vertaal.

Die deelnemers het die BFI-persoonlikheidstoets (Bylaag E) voltooi (soos bespreek in afdeling 3.2), om hulle persoonlikheidsprofiel te bepaal. Hierdie toets is klaar gevalideer en die analise is deur Berkeley Personality Lab gedoen. Die ideaal sou wees om soos Pirouznik (2014) die NEO-FFI te gebruik, maar weens die kostes betrokke was dit nie moontlik nie. Die persoonlikheidstoets is beskikbaar by www.outofservice.com/bigfive en neem sowat 10 minute om te voltooi. Die deelnemers het die toetse aanlyn voltooi en hulle resultate is darvandaan verkry.

Daarna het die deelnemers die drie tekste vertaal (sien Bylaag F). Soos bespreek in afdeling 2.4.5, word dit ver wag dat die tekstipe een van die grootste invloede op professionele vertalers se vertaalstrategieë sal wees. Dit is die rede waarom verskeie tekstipes aangebied word vir vertaling. Drie tekste van verskillende tekstipes is gebruik. Teks A is 'n regstekse en die struktuur daarvan is baie rigied en daar is ver wag dat vertalers gevestigde ekwivalente sal gebruik. Teks B is 'n finansiële teks en daar is 'n mate van vryheid in die vertaling omdat daar somtyds idiomatiese taal gebruik word. Teks C is 'n kreatiewe teks wat beeldspraak en idiome bevat, en dit gee aan die vertaler die vryheid om kreatief te wees.

Teks A is 'n huurkoopkontrak en daar word verwag dat die deelnemers dit letterlik sal vertaal, omdat daar reeds gevestigde terminologie vir die regstaal bestaan (Reiss, 1971/2000; Snell-Hornby, 1988/1995). Die uitdaging met hierdie teks is om in die regs konteks te bly en seker te maak dat die regsistiem in die bronteks en die doelteks in ag geneem word. Die merkers wat vir die analise gekies is bied meer keuses as die direkte ekwivalente in die konteks. Dit bied aan die deelnemers kreatiewe keuses (wat nie altyd verwag is nie).

- transferred
- rates
- taxes
- levied
- Entitled
- Improvements or alterations
- Unaltered state
- compensation
- alternatively

'n Voorbeeld van 'n letterlike vertaling is:

alternatively: alternatiewelik (alternatively)

Hierdie vertaaleenheid is ook kreatief vertaal as:

alternatively: die keuse uitoefen (make a choice)

Teks B is 'n finansiële verslag wat handel oor die daling in oliepryse. Daar word verwag dat die teks meestal letterlik vertaal sal word, omdat daar ook 'n gevestigde terminologie vir die finansiële sektor bestaan (Reiss, 1971/2000; Snell-Hornby, 1988/1995). Die uitdagings kan die metaforiese taalgebruik wees wat aan hierdie teks ietwat van 'n kreatiewe kant gee. Die merkers wat ondersoek word, is:

- Plummeting
- The Stock Market Is the Biggest Loser
- Bear market
- Figuring out
- Base metals
- frequently distorted by speculative
- Rally

- Contagion effect
- **Plummeting** high yield energy credits
- on the **supply side** in oil, and more time on the **demand side**

'n Voorbeeld van 'n letterlike vertaling is:

Plummeting high yield energy credits: hoë energiekrediete **daal skerp**

Hierdie vertaaleenheid is ook kreatief vertaal as:

Tuimelende hoë energiekrediete

Teks C is 'n rubriek van die Your Family tydskrif. Daar word verwag dat die deelnemers dit kreatief sal vertaal (Reiss, 1971/2000; Snell-Hornby, 1988/1995). Die merkers waarna gekyk is in die Engelse teks is hieronder genoem. Hierdie merker is gekies omdat daar woordspeling, personifikasie, vergelykings en idioome is, wat geleentheid gee vir kreatiewe vertaalstrategieë.

- Irritating

In Engels is hierdie woord 'n byvoeglike naamwoord en die Afrikaans ekwivalent "ergerlik" kan moontlik verontagsaam word en die direkte ekwivalent 'irriterend' kan verbuig word wat die moontlikheid vir direkte vertaling kan verhoog. Die verskillende vorm van hierdie en die volgende woord dra by tot die kreatiwiteit van die teks en mag 'n groot uitdaging vir die vertaler wees.

- irritatingly

Hier ontstaan dieselfde probleem as met "irritating" omdat daar 'n geskikte Afrikaanse kollokasie, "tot jou ergernis", bestaan maar die vertaler kan van 'n direkte vertaling gebruik.

- brisk

Hierdie segment is gekies omdat dit 'n byvoeglike naamwoord is en die ekwivalente lewendig, vlug, wakker en opwekkend (Odendal & Gouws, 2000:824) moeilik sal inpas in die konteks van die woord, "brisk and cold Saturday morning".

- sparking

Hierdie segment is 'n Engelse verbuiging van die woord "spark" en die figuurlike betekenis in hierdie konteks is om die lewendigheid van hierdie geredekawel oor te dra. In Afrikaans bestaan daar geen woord wat dieselfde ekspressiewe betekenis het nie en sou dit moeilik vertaal word.

- **Heated** accusations and denials/ **heated** debate

Hierdie segmente word saam ondersoek om te kyk na die korrelasie tussen die vertaling van die woord “heated”. Die korrekte vertaling van hierdie woorde sal hewig en heftig wees (Müller, 2007:100). Hewig sal verwys na die argument en heftig sal verwys na die ontkenning. Daar ontstaan egter die moontlikheid dat die vertaler by die letterlike betekenis van die woorde sal bly wat dit anglisisties sal laat klink.

- rushing sound

Die betekenis van die woord “rush” beteken in die konteks van die BT die sterk vloei van die water (Soanes & Stevenson, 2008). In Afrikaans bestaan daar nie ’n ekwivalent wat daardie sterk vloei so duidelik aandui nie.

- squeaking

Hierdie is weer ’n Engelse verbuiging van die woord “squeak” wat ’n kort, skreeuende geluid of uitroep is. Die woord word as ’n werkwoord gebruik in die BT en in Afrikaans bestaan daar nie ’n direkte ekwivalent nie.

- Light-bulb Moment.

Hierdie segment verwys na daardie oomblik as iemand ’n blink plan kry en is gekies om te sien hoe die vertaler hierdie idee aan die DT-leser gaan oordra.

- At random

Hierdie segment verwys na die lukraakheid van die tik-aksie en is gekies om te kyk of hulle dit letterlik vertaal of ’n meer geskikte Afrikaanse woord gebruik.

3.4.3 Navorsingsprosedure

Die navorsingsprosedures bestaan uit die demografie van die deelnemers, die persoonlikheidstoets en die tekste.

Die deelnemers het ’n vrywaringsvorm, daarna die demografiese vraelys en die aanlyn-persoonlikheidsvraelys (die Engelse weergawe van die toets is gebruik) voltooi. Deelnemers het die drie tekste afsonderlik vertaal sonder ’n tydsbeperking en hulle kon enige bronne (byvoorbeeld aanlyn- of gedrukte woordeboeke) gebruik. Elke teks het sowat 20 minute geneem om te vertaal. Om deelnemers-bevooroordeelings en moontlike ongemaklikheid in die eksperiment te voorkom, het deelnemers (professionele vertalers) in die lokaal van hulle keuse, byvoorbeeld hulle eie huise, die eksperiment ondergaan. Met enige empiriese studie, is dit belangrik om die invloed van

die omgewing op deelnemers in ag te neem. Konsensieusheid mag gesien word as 'n omstrengelde faktor, byvoorbeeld dat 'n ekstrovert wel figuurlik wil vertaal, maar in die praktyk letterlik vertaal weens omstandighede (onder andere as gevolg van tydsdruk, voorskriftelike kliënte en dies meer). Alhoewel omgewingsfaktore wel 'n rol mag speel in die vertaalskeuses van vertaalstudente, werk professionele vertalers meer volgens professionele norme, wat die invloed van omstandighede uitsluit (Chesterman 1997/2016; Toury 2012). Die grootste invloed op professionele vertalers se vertaalstrategieë sal dus die tekstipe wees. Dit is die rede waarom verskeie tekstipes aangebied word vir vertaling. Dus is dit belangrik om die deelnemer in 'n omgewing waar hulle gemaklik voel en op hulle eie tydskedule waar te neem sonder tydsbeperkings om verstrengelde veranderlikes te beperk.

Die analise van die psigometriese toets word elektronies gedoen in samewerking met Berkeley Personality Lab en die persoonlikheidsprofiel is anoniem. 'n Kode is aan elke deelnemer toegesê en die navorser kry die kodenaam met die persentasies in elke kategorie van die BFI. Om my data te vergelyk met die bevindings in die literatuur is dit nodig om te weet watter persoonlikheidseienskappe met mekaar ooreenstem. Henderson (1987) baseer sy studie op die 16-PF, Hubscher-Davidson (2009) en Lehka-Paul en Whyatt (2016) gebruik die MBTI (1998), Lehka-Paul en Whyatt (2016) span ook die HEXACO in en Pirouznik (2014) kies die NEO-FFI (1989).

Tabel 3.4: Die BFI-persoonlikheidseienskappe met soortgelyke eienskappe

BFI Eienskap	16-PF Soortgelyke eienskap	MBTI Soortgelyke eienskap	HEXACO Soortgelyke eienskap	NEO-FFI Soortgelyke eienskap
Oopheid tot nuwe ervarings	Intelligensie	Geen	Oopheid tot nuwe ervarings	Oopheid tot nuwe ervarings
Konsensieus- heid	Dominansie	Geen	Konsensieus- heid	Konsensieus- heid
Ekstroversie	Ekstroversie	Ekstroversie vs introversie	Ekstroversie	Ekstroversie
Aangenaamheid	Onafhanklikheid	Geen	Aangenaamheid	Aangenaamheid
Neurotisisme	Spanning	Geen	Emosionaliteit	Neurotisisme

3.4.4 Data-analise

In hierdie afdeling word die analise van die demografiese vraelys, die persoonlikheidstoets en die tekste bespreek. Vir die Afrikaanse vertalings, is die analise deur die navorser gedoen. Vir die nie-Afrikaanse vertalings het die navorser op die Pharos aanlynwoordeboek, sowel as die hulp van Me. Keabetswe Motlodi, 'n taalkenner, staatgemaak.

Die rou persoonlikheidsdata is geanaliseer deur Berkeley Personality Lab volgens die vyf onderskeie persoonlikheidseienskappe, en die navorser het net die persentasies vir elke kategorie ontvang. Die resultate van die BFI bevat die vyf persoonlikheidseienskappe met 'n skaal wat toon waar die deelnemer lê op elkeen, die persentiel, met 'n kort definisie van elke skaal asook 'n kort unieke verduideliking van elke deelnemer se resultate. Om weer toegang te verkry daartoe word elke deelnemer se unieke URL gebruik. Die resultate van die vraelys word outomaties gegenereer (kwantitatiewe data). Die gemiddeld en standaardafwyking van die steekproef is vergelyk met die Suid-Afrikaanse populasie om te sien of daar beduidende verskille is.

Die demografiese vraelys se data is in 'n Microsoft Excel dokument geplaas volgens die ouderdom, taalpare, huistaal, jare se ervaring en projekte voltooi. Die navorser het opgemerk dat daar deelnemers was met baie jare se ervaring maar min voltooide projekte. Daarteenoor was daar deelnemers met min jare se ervaring maar baie voltooide projekte. Daarom is nog 'n veranderlike PJ geskep, $PJ = \text{jare se ervaring} / \text{aantal projekte}$. Hierdie gemiddeld was met die vertaalkeuses vergelyk. Die navorser het ook probeer om 'n verhouding tussen taalpare en huistaal te vind, maar daar was nie. Daarom is daar nie verdere analise met hierdie veranderlikes gedoen nie. Op die ou end is ouderdom, jare se ervaring en PJ in ag geneem vir verdere analise.

Tydens die teksanalise is elke vertaling getabuleer en in die gevalle waar meer as een van die vertalings dieselfde is, is die frekwensie langsaan in hakies gesit. Soos bespreek in 3.3, Newmark (1981) se semantiese teenoor kommunikatiewe vertaalmodel is 'n gevestigde teoretiese model in vertaalkunde en is die paradigma wat hierdie studie lei om die vertaalde produk te analiseer sodat die vertaaleenhede geïdentifiseer kan word. Newmark se model bied duidelike riglyne vir wanneer 'n vertaling semanties of kommunikatief is. Vertaaleenhede is gewoonlik woorde of sinne, omdat vertalers woord-vir-woord of sin-vir-sin vertaal (Newmark, 1988:31). Die vertaling word geanaliseer tot die bronteks om die vertaaleenhede (Baker, 2011/2018; Catford 1978) te bepaal. Daar is ook strategieë nodig om die vertaaleenhede te analiseer en daarom word Baker (2011/2018) se strategieë op woordvlak ingespan.

Newmark (1981) se model is gebruik om die drie vertalings te kategoriseer volgens letterlike en kreatiewe vertaalkeuses. Daar is in Tabel 3.5 aangedui watter parameter onder die L-telling en die K-telling verdeel is. Indien die vertaling dieselfde gevoel oordra is dit as 'n semantiese vertaling geklassifiseer en indien dit woord-vir-woord vertaal is, is dit as 'n kommunikatiewe vertaling geklassifiseer. Hierdie vertaaleenhede is gekwantifiseer om 'n vertaalprofiel te skep. Die vertaaleenhede is geanaliseer met die gebruik van die aanlyn Pharos woordeboek. 'n Vertaaleenheid is geklassifiseer as letterlik (L) indien 'n semantiese vertaalstrategie gebruik is. Die L-telling bevat ekwivalente vertalings met meer as een opsie, leenwoorde en leenwoorde met 'n verduideliking. Omdat Afrikaans en Engels verwante (in Engels, 'cognate') tale is, met 'n hoë mate van kontak tussen die twee, is daar minder gevalle waar daar nie direkte ekwivalente is nie (Nida, 1964/2012:145). 'n Voorbeeld hiervan is *irritating* wat letterlik as *irriterend* vertaal kan word, maar ook *tot jou ergernis*.

'n Vertaaleenheid is as kreatief (K) geklassifiseer as 'n kommunikatiewe vertaalstrategie gebruik is (Newmark, 1981). Die tekseenhede is geanaliseer volgens Baker se strategieë om nie-ekwivalensie op woordvlak die hoof te bied en Baker se strategieë van kulturele substitusie en parafrasering is vir analise gebruik. Daar is gevalle waar 'n frase aangebied word en die betrokke woord is verlig en een idioom is ingesluit om die kreatiwiteit te meet. Dit is so gedoen om die konteks in ag te neem 'n Voorbeeld van 'n kreatiewe vertaling is *Light-bulb moment* wat as *Eureka-oomblik* vertaal is.

Daar is ook ruimte gelaat vir vertaaleenhede wat nie letterlik of kreatief is nie (Bassnett-McGuire, 1980/2002). Die vertaaleenhede is soms as 'n frase gegee om die konteks van die woord in ag te neem. Vertaalfoute is nie uitgesonder nie omdat die vertaalkeuses nie verander wou word nie. Die V-telling is vir ondervertaal (hierdie kategorie is die V-telling genoem en nie die O-telling nie, omdat daar reeds 'n O-telling by die persoonlikheidseienskappe gebruik word sodoende word verwarring tussen die kategorieë uitgekakel). Die V-telling bevat Baker se strategieë van vertaling na 'n meer algemene woord, 'n neutraler, minder uitdrukkingvolle woord en waar daar geen vertaling gegee is nie (weglating). 'n Voorbeeld hiervan is *a brisk and cold Saturday morning* wat vertaal is as *'n koue Saterdagoggend*.

Elke vertaalstrategieë is geëtiketteer as L (letterlike), K (kreatiewe) of V (ondervertaal). Die totale L-, K- en V-tellings vir elke teks vir elke deelnemer is bereken. Daarna is die totaal vir elke kategorie (L, K of V) vir elke teks bymekaar getel. Die totaal vir elke deelnemer vir al drie die tekste is bereken. Laastens, is die totaal vir elke kategorie vir elke tekstipe uitgewerk. Die persoonlikheidseienskappe is apart geanaliseer om die voorkeure van elke deelnemer ten opsigte van hulle kreatiwiteit te bepaal.

In tabel 3.5, is die kategorieë L, K en V voorgestel volgens Baker se strategieë en hoe dit met Newmark se parameters vir semantiese en kommunikatiewe vertaling inpas.

Tabel 3.5: Die kategorieë volgens Baker se vertaalstrategieë vir nie-ekwivalensie bo woordvlak en Newmark se parameters vir semantiese en kommunikatiewe vertaling

L-telling	K-telling	V-telling
Newmark se parameters		
<ul style="list-style-type: none"> • Objektief; help DT-leser met konnotasies indien dit 'n belangrike deel van die boodskap is • Die DT-kultuur is die belangrikste • Die tyd en oorsprong is nie gebonde tot enige tyd of plaaslike ruimte nie • Die vertaling moet vernuwe word met elke generasie • Die vertaling is minderwaardig tot die bronteks omdat daar 'n verlies aan betekenis is • Die afwyking van taalnorme in die bronteks word in die doelteks gerepliseer. Bly lojaal teenoor die bronteksskrywer • Die vorm van die doeltaa; is meer kompleks, ongemaklik, gedetailleerd, gekonsentreerd • Neiging om te oorvertaal • Vir ernstige literatuur, outobiografie, persoonlike uitvloei, enige belangrike politiese (of ander) uitlatings • Akkuraatheid of reproduksie van die betekenisvolheid van die bronteks 	<ul style="list-style-type: none"> • Subjektief; DT-leser is belangrik • Oriëntasie is tot 'n spesifieke taal en kultuur • Dra uitheemse elemente oor na die DT-kultuur • Kortstondig en gewortel in sy eie kontemporêre konteks • Die vertaling is moontlik beter as die bronteks omdat daar 'n gewin in krag en duidelikheid is, selfs al is daar 'n verlies aan semantiese inhoud • Respek vir die vorm van die brontaal, maar lojaal teenoor doeltaal-norme • Meer egalig, eenvoudiger, duideliker, meer direk, meer konvensioneel • Vir die oorgrote meerderheid van tekste, byvoorbeeld nie-literêre werke, tegniese en informatiewe tekste, publisiteit, gestandaardiseerde tipes, lekker-lees fiksie • Akkuraatheid van die kommunikasie van die bronteksboodskap in die doelteks 	<ul style="list-style-type: none"> • Neiging om te ondervertaal
Baker se strategieë		
<ul style="list-style-type: none"> • gebruik 'n leenwoord • 'n leenwoord met 'n verduideliking. 	<ul style="list-style-type: none"> • kulturele substitusie • parafrasering deur 'n verwante woord • parafrasering deur 'n onverwante woord 	<ul style="list-style-type: none"> • vertaal na 'n meer algemene woord • vertaal na 'n neutraler/minder uitdrukkingvolle woord

Nadat die persoonlikheidseienskappe met die kreatiewe tellings vergelyk is, het die navorser besluit om elke persoonlikheidseienskap met die letterlike tellings te vergelyk. Die rede daarvoor was omdat die ondervertaalkategorie die analise moeiliker gemaak. Newmark (1981) het nie hierdie kategorie in sy model bespreek nie en die navorser wou 'n meer betroubare maatstaf verseker. Die L-telling is ook met die ouderdom vergelyk, omdat dit ook as 'n nuwe veranderlike identifiseer was.

Regressie word gedoen om beduidende resultate te lewer. Die statistiese analise is gedoen met die F-toets. Hierdie toets neem aan dat die data normaal versprei is en dat die veranderlikes onafhanklik van mekaar is. Die F-waarde toon die korrelasie tussen twee veranderlikes, in hierdie geval die persoonlikheidseienskap en die vertaalkeuses. Daarna is die korrelasie tussen die ouderdom en die vertaalkeuse bereken. Die waarde van $F_{critical}$ word bereken en indien die F-waarde groter is as die kritiese waarde, is die resultate beduidend. Die R^2 -telling dui aan hoe goed die grafiek inpas tussen die geïdentifiseerde punte (Schmuller, 2016).

3.5 Etiese aspekte

Die ander etiese aspekte wat die studie raak, is in afdeling 1.5 bespreek. Die instrument wat gebruik word om die persoonlikheidseienskappe (bv. BFI, 16-PF, en dies meer) te analiseer is nie 'n diagnostiese toets wat persoonlikheidsafwykings kan identifiseer nie. Persoonlikheidseienskappe is biologies-gebaseerde kenmerke van die individue wat standvastig bly oor tyd en bepaal hoe 'n persoon in spesifieke situasies sal optree (McCrae *et al.*, 2000). Diagnostiese toetse is deurtastende, allesomvattende, holistiese metings en die doel hiervan is om die (soms ernstige) aard van 'n probleem te identifiseer (Foxcroft & Roodt, 2009:209). Die Groot Vyf-model fokus net op vyf breër dimensies van persoonlikheidseienskappe. Costa en McCrae (1989) fokus in hulle model op die positiewe pool, naamlik emosionele stabiliteit, eerder as neurotisisme. Indien iemand 'n hoë persentasie kry op die emosionele-stabiliteitskaal, beteken dit dat die persoon baie georganiseerd is, van roetine en die bekende hou en ongemaklik voel indien dinge nie volgens plan verloop nie. Volgens die kognitiewe aanpasbaarheidsteorie weerspieël hierdie eienskap hoe aanpasbaar 'n individu is vir die hantering van direkte bedreigings (Matthews, 2008:71). Die studie sal dus geen bedreiging inhou vir die deelnemer nie. As gevolg van die sensitiewe en hoogs persoonlike aard van die psigometriese data, word al die toetsing deur die Berkeley Personality Lab gedoen, deur die gebruik van hulle gestandaardiseerde en goed-gevestigde prosedures om die kliënt se vertroulikheid en anonimiteit te verseker. Die navorser kry 'n geanonimiseerde resultaatblad met die tellings van elke

deelnemer se kategorie teenoor 'n kodenaam. Die kenners by Berkeley sal die navorser bystaan om die anonieme kode van elke deelnemer met die deelnemer se vertalings te versoen (bv. P01 se persoonlikheidsprofiel sal met T11 se vertaling versoen word).

3.6 Gevolgtrekking

In hierdie afdeling is die teoretiese en analitiese raamwerk vir die studie bekend gestel.

Die teoretiese raamwerk vir hierdie studie is tweeledig. Eerstens is die BFI-persoonlikheidstoets gekies om die persoonlikheidseienskappe van die deelnemers te identifiseer. Tweedens is Newmark (1981) se semantiese en kommunikatiewe vertaalmodel en Baker (2011/2018) se vertaalstrategieë gebruik om die vertaalkeuses te analiseer. Reiss (1971/2000) se drie tekstipes (informatiewe tekstipe, die kreatiewe tekstipe en 'n hibried van beide informatief en kreatief) is gebruik om die drie tekste vir die studie te kies.

Die deelnemers wat aan die studie deelgeneem het, is professionele vertalers met minstens drie jaar se ervaring in die praktyk. Die instrumente wat die navorser gebruik het, is 'n demografiese vraelys, 'n persoonlikheidstoets en drie tekste vir vertaling (naamlik 'n regsteks, 'n finansiële teks en 'n kreatiewe teks). Die demografiese vraelys is gebruik om inligting oor die ouderdom, die jare se ervaring, die aantal projekte voltooi, die taalpaar, en die huistaal in te samel. Daar is ook 'n veranderlike (PJ) geskep om die projekte per jaar te bereken. Die persoonlikheidstoets is gebruik om die vyf persoonlikheidseienskappe te verkry. Die drie tekstipes het bygedra tot die identifisering van die vertaalkeuses.

Die analise van die persoonlikheidsdata deur Berkeley Personality Lab het die navorser in staat gestel om 'n persoonlikheidsprofiel vir elke deelnemer te skep. Verdere analise van die vertaalkeuses het die navorser toegelaat om L- (letterlike vertaalkeuses), K- (kreatiewe vertaalkeuses) en V- (ondervertaal-keuse) tellings vir elke tekstipe en deelnemer te bereken. Die totale L-telling van die deelnemers is met die persoonlikheid, ouderdom en projekte per jaar vergelyk.

In die volgende hoofstuk word die data bespreek om 'n realistiese beeld oor die rol van persoonlikheidseienskappe op vertaalkeuses te ondersoek. Daarom is die moontlike rol van ervaring en ouderdom in ag geneem.


HOOFSTUK 4: Data-Analise

4.1 Inleiding

Hoofstuk 4 bied die analise van die data aan. In afdeling 4.2 word die demografiese inligting van die deelnemers bespreek en in afdeling 4.3 word die persoonlikheidseienskappe aangebied. Die vertaalstrategieë vir die regsteks, die finansiële teks en die kreatiewe teks word in afdeling 4.4 geanaliseer en in afdeling 4.5 word persoonlikheid met die L-teling vergelyk. In afdeling 4.6 word jare se ervaring met die L-telling vergelyk.


4.2 Deelnemerdemografie

Veertien vroue en vyf mans het aan die studie deelgeneem. Figuur 4.1 die ouderdom van die deelnemers aan en volgens die data, is die deelnemers goed tussen die ouderdomsgroepe versprei.



Figuur 4.1: Ouderdom van die deelnemers


In figuur 4.2 word die jare se ervaring van die deelnemers aangedui. Die jare ervaring van die deelnemers is versprei oor vyf tydperke, naamlik 3-5 jaar (27%), 6-10 jaar (26%), 11-15 jaar (26%), 16-20 jaar (5%) en 30+ (16%).



Figuur 4.2: Jare ervaring van deelnemers


Hierdie verspreiding word gebruik om te bepaal of ervaring 'n rol speel (sien afdeling 4.6).

In figuur 4.3 word die moedertaal van die deelnemers aangetoon. Afrikaanse moedertaalsprekers is in die meerderheid (58%) omdat daar aanvanklik gemik is om professionele vertalers te werf wat in die rigting Engels na Afrikaans vertaal. Nadat daar nie genoeg deelnemers met hierdie taalkombinasie gekry is nie, is ander deelnemers gevind wat van Engels na hulle moedertaal – Zoeloe (10%), Sotho (11%) en Portugees (5%) – vertaal. Twee deelnemers het twee moedertale, naamlik: Afrikaans en Engels (16%); en Engels en Portugees (5%).




Figuur 4.3: Moedertaal van die deelnemers

Figuur 4.3 toon die aantal taalpare van die deelnemers. Die meeste deelnemers het een taalpaar (47%) of twee taalpare (48%) gehad wat grootliks van Afrikaans na Engels en van Engels na Afrikaans was. Dit stem ooreen met die hoë aantal Afrikaanse moedertaalsprekers. Die ander taalpare is Engels na Sotho of Sotho na Engels, Zoeloe na Engels en Engels na Portugees. Slegs een deelnemer praat vier tale en vertaal vanaf Afrikaans of Duits na Engels, asook Engels of Duits na Afrikaans, maar hierdie taalpaar is nie in die studie gebruik nie.



Figuur 4.4: Die aantal taalpare van elke deelnemer

In figuur 4.4 word die hoogste kwalifikasie van die deelnemers aangedui. Die hoogste kwalifikasie van meeste deelnemers is 'n nagraadse kwalifikasie (90%) wat daarop dui dat die deelnemers oor die nodige vakkennis beskik om goeie vertalings te lewer. Vyf persent van die deelnemers het 'n voorgraadse kwalifikasie wat daarop dui dat hulle wel opleiding het om suksesvolle vertalings te lewer. Daarteenoor, het een deelnemer net matriek gehad en dus geen formele opleiding in vertaalkunde ontvang nie.



Figuur 4.5: Die hoogste kwalifikasie van elke deelnemer

Figuur 4.5 dui die hoogste kwalifikasies van die deelnemers aan en in tabel 4.1 is die deelnemers se akkreditasie-status en lidmaatskap van SAVI uiteengesit.

Tabel 4.1: Akkreditasie van al die deelnemers

SAVI Lid	%	SAVI Akkreditasie	%
Ja	68.4	Ja	26.3
Nee	31.6	Nee	73.7

Die meerderheid deelnemers (68.4%) van die deelnemers is lede van 'n vertalingsorganisasie soos SAVI, PEG (Professional Editor's Guild) of Prolingua, maar daarvan is slegs 26.3% geakkrediteer. Die keuring hiervoor is streng en daar moet genoeg tyd in die taalpraktisyn se skedule wees daarvoor. Geakkrediteerde deelnemers word as kenners op hul gebied beskou.

Ter opsomming lyk die demografiese inligting soos volg: die ouderdom van die deelnemers is goed versprei tussen 21 en 70 jaar oud; die ervaring van die deelnemers is heelwat versprei tussen 3-5 jaar, 6-20 jaar en 11-15 jaar; die moedertaal van die meeste deelnemers is Afrikaans; die meeste deelnemers het 'n nagraadse kwalifikasie; en die meeste deelnemers is lede van SAVI.

4.3 Persoonlikheidseienskappe

Die persoonlikheidsprofiel van die 19 deelnemers word in Bylaag G aangebied. Die gemiddelde oopheidstelling vir die groep is 75.05%, wat beteken dat die groep 'n hoë telling het. Hulle is oorspronklik, kreatief, nuuskierig en komplekse denkers. Die standaardafwyking is 20.82 wat aandui dat al die deelnemers in die boonste persentiel val (54.23-95.87). In hierdie studie het 9 van die deelnemers bo 75% gehad vir hulle oopheidstelling en 8 het bo 50% gehad, wat bevestig dat vertalers hoë oopheidstellings het.

Die gemiddelde konsensieusheidstelling van die groep is 58.05%, wat beteken hulle is relatief doelgerig, goed-georganiseerd, het selfdiscipline en is versigtig. Die standaardafwyking is 30.49 wat beteken dat van die deelnemers in die onderste persentiel val (27.56) en hulle kan ongeorganiseerd wees. Van die ander deelnemers val in die boonste persentiel (88.54) en hulle is georganiseerd.

Die gemiddelde ekstrovertstelling is 60.11%, wat aandui dat hulle sosiaal en vriendelik is. Die standaardafwyking is (27.29) en dit dui aan dat van die deelnemers in die onderste persentiel val (32.82), wat aandui dat hulle in hulself gekeer, stil, in beheer, en gereserveerd is.

Die gemiddelde aangenaamheidstelling is 71.79%, wat beteken dat die groep goedgeelowig, simpatiek, vergewensgesind en beleefd is. Die standaardafwyking is 27.25 wat beteken dat van die deelnemers in die onderste persentiel (44.54) val, wat beteken dat hulle effens minder simpatiek is.

Die neurotisme-telling is 54.37%, wat beteken dat die deelnemers redelik ontspanne en seker van hulself is. Die standaardafwyking is 27.84, wat beteken dat van die deelnemers in die onderste persentiel (26.53) val en baie kalm is terwyl die ander in die boonste persentiel (82.21) val, wat beteken dat hulle baie angstig is.

In tabel 4.2, is die persoonlikheidsprofiel van die deelnemers in hierdie studie vergelyk met die gemiddelde en standaardafwykings van Suid-Afrikaners volgens 'n studie van Scmitt *et al.* (2007:17).

Tabel 4.2: Vergelyking van deelnemers se persoonlikheidstelling met Suid-Afrika se bevolking

Deelnemers	O	C	E	A	N
Gemiddeld	75.05	58.05	60.11	71.79	54.37
Standaardafwyking	20.82	30.49	27.29	27.25	27.84
Hoë omvang	95.87	88.54	87.4	99.04	82.21
Lae omvang	54.23	27.56	32.82	44.54	26.53
Suid-Afrika					
Gemiddeld	49.01	49.61	49.61	49.97	49.01
Standaardafwyking	9.1	10.17	8.56	9.33	8.69

Die persoonlikheidsprofiel van die vertalers val in die boonste persentiel vir oopheid (75.05%) en aangenaamheid (71.79%). In die middelste persentiel is konsensieusheid (58.05%), ekstroversie (60.11%), en neurotisme (54.37%). Indien daar gekyk word na die persoonlikheidsprofiel van die vertalers in vergelyking met die res van die Suid-Afrikaanse bevolking is hulle veral bogemiddeld met hulle oopheidstelling en hulle aangenaamheidstelling. Hierdie bevinding ondersteun Henderson (1987) en Lehka-Paul en Whyatt (2016) se bevindings dat vertalers en tolke van die algemene publiek verskil.

Die groep vertalers met die hoogste oopheidstelling het tussen 11 tot 15 jaar se ervaring. Dit dui daarop dat die vertalers gemaklik is met hulself en nie wegskram van kansse waag nie, en om dinge op 'n ander manier as die gewone te doen nie. Hulle aangenaamheidstelling is ook hoog en dit dui daarop dat hulle op die ouderdom is waar hulle weet hoe om met mense te werk en diegene waarmee hulle wil werk. Hulle neurotisme-telling is ook redelik hoog met een uitskieter. Hierdie hoë telling kan daarop dui dat hulle angstig is omdat hulle 'n reputasie het om te volhou. Enige skade aan hierdie reputasie kan groot nagevolge vir hulle inhou.

Die groep met 3-5 jaar se ervaring het 'n laer oopheidstelling (met een uitskieter), wat daarop dui dat hulle nog nie gemaklik daarmee is om hulle eie keuses te neem nie. Hulle lae neurotisme-telling (met een uitskieter) dui daarop dat hulle nog nie soveel spanning ervaar nie. Hulle aangenaamheidstelling is redelik hoog (met twee uitskieters), wat daarop dui dat hulle goedgesind is teenoor mense, miskien omdat hulle weet dat hulle nog baie het om te leer. Die konsensieusheidstelling is laag en val meestal in die onderste persentiel (met twee uitskieters).

Die groep met meer as 30 jaar se ervaring het ook 'n hoë aangenaamheidstelling (met een uitskieter). Hulle neurotisme-telling is ook laag (met een uitskieter). Dit dui daarop dat hulle gemaklik in hulle vermoëns is en daarom minder angstig is. Hulle weet wat om te doen en wat van hulle verwag word. Hulle het ook 'n hoë konsensieusheidstelling wat val in die boonste persentiel (bo 75%), wat daarop dui dat hulle pligsgetrou, doelgerig en hardwerkend is.

In Hubscher-Davidson (2009) se studie was daar tien intuïtiewe vertalers en tien sintuiglike vertalers. Die intuïtiewe vertalers het beter met die literêre tekste gevaar wat met die boonste persentiel van die oopheidstelling van die Groot-Vyf-inventaris korreleer. Hulle het beeldspraak baie goed hanteer en hulle was meer sensitief tot styl. Die sintuiglike eienskap stem ooreen met die onderste persentiel van die oopheidstelling. Hierdie deelnemers is meer prakties en volg reëls wanneer hulle vertaal. Die sintuiglike deelnemers het meer letterlik vertaal en dit het veroorsaak dat hulle 'n lae telling vir hulle assessering gekry het. Die hoë oopheidstelling van 50% wat Hubscher-Davidson (2009) gekry het stem ooreen met Lehka-Paul en Whyatt (2016) het ook bevind dat vertalers hoër tellings vir oopheid kry teenoor hulle kontrolegroep en dit strook met wat in hierdie studie bevind is. Hulle bevinding dat die oopheidstelling hoër is as die konsensusstelling is ook in hierdie studie bevestig, veral as daar gekyk word na die deelnemers wat meer as 30 jaar se ervaring het.

4.4 Vertaalstrategieë

In hierdie afdeling word die vertaalstrategieë wat die meeste gebruik is bespreek. Die aantal kreatiewe vertalings (K-tellings) en letterlike vertalings (L-tellings) word apart ondersoek. Bylaag H bevat 'n opsomming van deelnemers se keuses vir die finansiële teks as voorbeeld. (Die totale datastel beslaan 52 bladsye).

4.4.1 Regstekse

In hierdie afdeling word die K-tellings, die L-tellings en die V-tellings van die regstekse geanaliseer. Tabel 4.3 som die vertaalstrategieë van die deelnemers op.

Tabel 4.3: Regstekse se vertaalstrategieë

BT	DT	Vertaalstrategie
transferred	Oorgedra word (*f=9)	L
	Gaan oor op (f=2)	V
	tla fetisetswa (will be transferred to) (f=2)	L
	Oorgaan	V
	Oorgegee word	V
	Verantwoordelikheid word	V
	passarão para o Comprador (Will pass to the buyer)	L
	zizodluliselwa (will be transferred)	L
	omuzi kuzodlulela (the city will pass)	L
rates	Tariewe (f=4)	V
	Heffings	V
	(Al die belastings)	V
	Eiendomsbelasting (f=2)	L
	Koerse (f=2)	V
	Diensfooie	V

	(Al die eiendomsbelasting)	V
	Vir alle eiendomstariewe	V
	ditjeo tsohle tsa masepala (all municipal costs)	L
	direiti (rates)	L
	impostos municipais (municipal taxes)	L
	Alle belastings	V
	zamareyiti (rates)	L
	izindleko zomuzi (household cost)	V
taxes	Belastings (f=9)	L
	(Al die belastings)	V
	(Al die eiendomsbelastings)	V
	Eiendomsbelastings	V
	makgetho (taxes)	L
	lekgetho (taxes)	L
	(Alle belastings)	V
	taxas (taxes)	L
	munisipale belasting	V
	izintela (taxes)	L
	izindleko zomuzi (household cost)	V
levied	Gehef word (f=11)	L
	weglating (f=2)	V
	Nokunye (and so on)	V
	ilevi (levi)	L
	cobrados sobre (charged on)	L
	ho lefuwa thepeng eo (paid on that property)	K
	lefshwang bakeng sa thepa. (paid for goods.)	L
	Verhaal word	V
entitled	Geregtig (f=9)	L
	Sal nie die reg hê nie (f=3)	K
	a ke ke a tshwanelwa ke ho (he won't have to)	K
	ha a no ba le tokelo ya ho (does not have the right to make)	K
	nao terá o direito de efetuar quaisquer (you will not have the right to make any)	K
	by magte wees	K
	akazukuba nalo ilungelo (he won't have the right)	L
	Verantwoordelik	V
	akazukulindeleka ukuba (is not expected to)	L
improvements	Vebeterings (f=13)	L
	dintlafatso (improvements)	L
	ditokiso (repairs)	L
	opknappings	V
	umuzi ubengcono (get better)	L
	melhorias (improvements)	L
	kangcono (better)	L
alterations	Veranderinge (f=11)	L
	Wysigings (f=2)	V
	verbouings	V
	izinguquko (changes)	L
	ukulungisa (repair)	L
	alterações (changes)	L
	dintlafatso (improvements)	L

	ho lokisa (repair)	L
Unaltered state	Onveranderde toestand (f=11)	L
	Oorspronklike staat	V
	maemong a yona a pele (in its original position) (f=2)	L
	condição original (original condition)	L
	onveranderde staat	V
	aphindisele indawo esimweni eyayikuso esingalungisiwe (rehabilitate the place in the condition that was not fixed)	K
	ubuyiselwe esimeni sawo okade uvele ukusona (you have been restored to its original condition)	K
	ongewysigde toestand	V
compensation	Vergoeding (f=11)	L
	Kompensasie (f=3)	V
	ntle le ho ka lefe tjhelete efe kapa efe ho (without paying any money)	L
	ntle le tefello ya letho e lebang ho Moreki (without any payment to the Customer)	L
	zinguquko ngaphandle kokuthi kube nenkokhelo ekhokhelwa (changes without any payment)	K
	ngaphandle kokuba akhokhele (without paying)	L
	compensação (compensation)	L
alternatively	Alternatiewelik (f=8)	L
	As alternatief (f=2)	V
	Die keuse uitoefen	K
	Met die alternatief dat	V
	In sodanige geval	K
	ka lehlakoreng le leng (on the other hand)	K
	ka boikgethelo ba hae jwalo ka (with his choice as)	K
	alternativamente (alternatively)	L
	in hierdie geval	K
	angakhetha (may choose) (f=2)	L

*f is die frekwensie van dieselfde vertaalkeuses

Tabel 4.4. dui die gemiddelde, standaardafwykings en tellings van die deelnemers se L-, K- en V-tellings vir die regstekse aan.

Tabel 4.4: L-, K- en V-tellings vir die regstekse

	L-telling	K-Telling	V-telling
Gemiddeld	72%	5%	22%
Standaardafwyking	1.9	0.8	1.5
Hoë telling	10.0	1.0	1.0
Lae telling	0.0	0.0	0.0

Die vertalings is meestal letterlik van aard en dit is verwag, omdat daar reeds in Afrikaans 'n gevestigde regsleksikon bestaan asook 'n aanvaarde manier om 'n regstekse te vertaal (Reiss, 2004; Snell-Hornby, 1988/2005).

Twee-en-sewentig persent van die deelnemers het letterlik vertaal, 5% het kreatief vertaal en 22% het ondervertaal. Die oorwegende vertaalstrategie is letterlike vertaling en dit strook met 'n regstekes waar dit belangrik is dat dieselfde boodskap in die doeltteks oorgedra word. Volgens Baker (2011/2018) is die mees algemene probleem met regsvertaling die tekort aan verbale of funksionele ekwivalensie. Volgens Newmark (1981:47) moet 'n vertaler op die semantiese benadering fokus wanneer 'n regstekes soos 'n kontrak vertaal word. Deelnemers se relatiewe hoër K-tellings is moontlik gekoppel aan hulle persoonlikheid of die jare se ervaring. Tabel 4.5 toon spesifiek die K-telling van die deelnemers.

Tabel 4.5: Deelnemers se K-telling vir die regstekes

Deelnemer	K-telling	Persoonlikheid					Ervaring			Oud
		O	C	E	A	N	J	P	P/J	
P003	2	79	76	79	60	28	30	30	1	65
P009	2	88	58	73	94	32	15	30	2	37
P014	2	99	89	99	78	82	14	15	1	42
Gemiddeld	2	89	74	77	77	47	10	25	1	48
P006	1	53	17	22	83	14	5	15	3	27
P008	1	73	33	11	23	95	5	30	6	25
P013	1	33	95	77	5	66	30	30	1	53
Gemiddeld	1	53	48	37	37	58	13	25	3	35
P001	0	59	62	30	20	22	5	5	1	55
P002	0	95	42	47	95	82	10	30	3	40
P004	0	68	68	77	46	32	10	30	3	41
P005	0	92	68	52	68	66	15	30	2	70
P007	0	97	3	92	95	73	15	30	2	39
P010	0	67	99	71	85	29	10	30	3	45
P011	0	67	67	75	96	45	20	30	2	47
P012	0	96	33	65	86	69	5	20	4	52
P015	0	73	96	97	74	22	30	30	1	58
P016	0	64	53	77	82	92	10	20	2	30
P017	0	33	76	9	63	22	10	5	1	30
Gemiddeld	0	74	61	63	74	50	13	24	2	46
Totale Gemiddeld	0	75	59	62	75	51	13	25	2	45

Die deelnemers met een kreatiewe strategie (K=1) se gemiddelde oopheidstelling is 89%. Hulle gemiddelde jare se ervaring (J) is 10 jaar, projekte (P) voltooi is 25 en projekte per jaar (PJ) is een. Die deelnemers val in die boonste persentiel vir oopheid en is geneig om meer kreatief te wees.

Die deelnemers met een kreatiewe strategie (K=1) se gemiddelde oopheidstelling is 53%, wat hulle in die middelste persentiel laat lê. Dit beteken hulle kreatiwiteit is gemiddeld. Hulle gemiddelde jare se ervaring is 13 jaar, projekte is 25 en projekte per jaar is drie. Die gemiddelde ouderdom van hierdie groep is 35 jaar. Die hoër getal projekte per jaar in vergelyking met die

gemiddelde ouderdom dui aan dat hierdie groep meer voltyds betrokke is as professionele vertalers en heel moontlik staat maak op gevestigde ekwivalente in hulle woordeskat.

Die deelnemers met geen kreatiewe strategieë (K=0) nie se gemiddelde oopheidstelling is 75%. Hulle gemiddelde jare se ervaring is 13 jaar, projekte is twee per jaar en die gemiddelde ouderdom van deelnemers is 45 jaar.

Alhoewel daar interessante waarnemings te vinde is, is daar geen duidelike korrelasie gevind tussen kreatiwiteit en persoonlikheid vir die regstekers nie.

Parafrasering is die kreatiewe vertaalstrategie wat die meeste gebruik is en die sulke voorbeelde het voorgekom by die vertaling van die woord alternatiewelik. Dit is vertaal as *Met alternatief dat*, *In sodanige geval* en *In hierdie geval*.

In tabel 4.6 word die gemiddelde K-tellings van die deelnemers verskaf.

Tabel 4.6: Gemiddeld van die K=2 tot K=0 telling vir die regstekers

K-telling	O	C	E	A	N	P/J	P	J	Oud	G (M)
K=2	88.7	74.3	83.7	77.3	47.3	1.3	25.0	20.0	48.0	1.0
K=1	53.0	48.3	36.7	37.0	58.3	3.3	25.0	13.3	35.0	0.0
K=0	75.0	58.5	62.4	74.8	51.1	2.4	24.6	12.3	44.5	4.0

In tabel 4.7 word die L-tellings van die deelnemers met die persoonlikheidseienskappe, projekte per jaar, die jare ervaring, projekte voltooi, die ouderdom en geslag vergelyk.

Tabel 4.7: Deelnemers se L-telling vir die regstekers

Deelnemer	L-telling	Persoonlikheid					Ervaring			Oud
		O	C	E	A	N	J	P	P/J	
P011	10	67	67	75	96	45	20	30	2	47
P012	10	96	33	65	86	69	5	20	4	52
P015	10	73	96	97	74	22	30	30	1	30
Gemiddeld	10	79	65	79	85	45	18	27	3	43
P001	9	59	62	30	20	22	5	5	1	55
P019	9	96	4	48	74	79	15	30	2	37
Gemiddeld	9	78	33	26	47	51	10	18	2	46
P003	8	79	76	79	60	28	30	30	1	65
P005	8	53	17	22	83	14	5	15	3	27
Gemiddeld	8	66	47	51	72	21	18	23	2	46
Totale Gemiddeld	9	75	51	59	70	40	16	23	2	45

Die hoogste persoonlikheidseienskappe is die oopheidstelling (75%) en die aangenaamheidstelling (70%). Die L-tellings vir elkeen is 8-10 letterlike vertaalkeuses. Die gemiddelde jare se ervaring is 16 jaar, 23 projekte en 'n gemiddeld van twee projekte per jaar

voltooi. Die ouderdom is hoog (45) wat bydra tot die hoë ervaringsjare. Hierdie deelnemers hanteer die informatiewe tekstipe baie letterlik, moontlik omdat hulle bewus is van die teorie en wat die praktyk verwag, en moontlik as gevolg van hulle ouderdom en ervaring.

4.4.2 Finansiële teks

In hierdie afdeling word die K-tellings, die L-tellings en die V-tellings van die finansiële teks geanaliseer en die vertaalstrategieë word in tabel 4.8 opgesom.

Tabel 4.8: Finansiële teks se vertaalstrategieë

BT	DT	Vertaalstrategieë
Plummeting	Val (f=5)	L
	Daal (f=3)	L
	tuimel	K
	Dalende	L
	Na benede stort	K
	Gly	K
	Tuimelende	K
	val	K
	trek	L
	Ngokuthwalwa kukawoyela (With the burden of oil)	L
	Yokwehla (down)	L
	Descida (Descent)	L
	Ka Oli e putlamang (With the burning oil)	L
Ha oli e ntse e theoha (As the oil goes down)	L	
The Stock Market Is the Biggest Loser	Aandelemark/-beurs die grootste verloorder (f=8)	L
	Effektebeurs/-mark die grootste verloorder (f=3)	L
	los aandelemark in die slag	K
	verloor die aandelebeurs al die pad	K
	trek die aandelemark die swaarste	K
	mmaraka wa dithekiso o lahlehelwa haholo (sales markets are losing a lot)	L
	dimmaraka tsa setoko ke tsona tse senyehelwang haholo (stock markets are the most vulnerable)	L
	O Mercado de Ações É o Maior Perdedor (Stock Markets Are the biggest loser)	L
	Izimakethe Zempahla Yizona Ezilahlekelwa Kakhulu (Real estate markets are the biggest losses)	L
	ezezimakethe zizolahlekelwa kakhulu (the market will be losing)	L
Bear market	Beermark (f=7)	L
	Daalmark (f=4)	L
	druk mark	V
	daalspekulantmark	L
	kaal mark	V
	mmarakeng (in the market)	L
	Mmaraka (Market)	V
	mercado urso (bear market)	L

	emakethe esobala (open market)	L
	Ukubheja (Betting)	V
Figuring out	Uit te werk (f=3)	V
	Uit te plus (f=5)	L
	probeer peil	V
	gaan inhou	V
	bepeins	K
	probeer uiklaar	V
	probeer uitwerk	V
	te bepaal	L
	ukuthola izimpendulo (to find answers)	L
	ukucabanga (to think)	L
	comerciantes passam o tempo a perceber (traders spend time noticing)	L
	ba batlisisa hore (find out)	L
	batleng hore na (find out)	L
Base metals	Basismetale (f=8)	L
	Onedele metale (f=4)	L
	swaarmetale	L
	izimakethe zesisekelo zezinsimbi (basic metal)	L
	yezensimbi eziyisisekelo (basic metal)	L
	de metais sde base (base metals)	L
	bakeng sa dimetale tsa motheo di (basic metals)	L
	metale (metals)	V
*distorted	verwring (f= 9)	L
	skeefgetrek (f=3)	V
	Verdraai	V
	Val dikwels in duie	K
	sitiswa (interrupted)	L
	tsa motheo di ne di ntshwa madi ke diketsahalo tsa China (foundations were funded by the events of China)	V
	destorcido (distorted)	L
	ihlanakazelwa (dispersed)	V
	zihlanekezelwa (distorted)	L
Rally	Herstel (f=5)	L
	versterk (f=2)	V
	tuimel	V
	saamgetrek (f=2)	V
	styg	V
	Saamstaan	V
	op sou skiet	K
	stoom sou optel	K
	zazihlanganyela (they shared)	L
	yayibuthana (gathered)	K
	melhoravam (improve)	L
	theoha (come down)	L
	ha setoko se ne se wa ha oli e ya faatshe? (when stocks fell when oil went down?)	K
	high yield	hoë-opbrengs (f=11)
Weglating		V
hoë lewering (f=2)		V
ho theoha le bakang (descending cause)		K

	tloswang ke ho (subtract from)	V
	altos créditos energéticos (high energy credits)	L
	samakhredithi akhishwa yi-eneji (credits issued by the energy)	L
	ekuthwalweni kwamakhredit amandla aphezulu (credit management of the high power)	V
Contagion effect	Aansteeklikheidseffekte (f=4)	L
	Besmettingseffekte (f=3)	V
	nadelige effekte	V
	moontlike aansteeklike gevolge	V
	kontaminasie-effekte	V
	moontlike kettingreaksie	K
	moontlike oordrageffekte	V
	moontlike ... invloed	V
	aansteeklike uitwerkings	V
	mohlomong e leng lona lebaka la ho theoha le bakang hore ho be le mekitlane e phahameng haholo (perhaps it is the reason for the descent that causes high credit)	V
	empa ka ho fetisisa, dikgonahalo tse kgolo tse tloswang (but most of all, the great potential removed)	L
	os efeitos possíveis contagiosos (the possible contagious effects)	L
	ngokungaba khona okubulalayo (the deadly existence)	L
	nomthelela ongenzeka ekuthwalweni (impacts can be carried out)	L
supply side	Aanbodkant (f=8)	L
	Voorsieningskant (f=2)	V
	Voorraad	V
	olie-aanbod	V
	Voorsiening	V
	Verskaffingskant	V
	lehlakore la phepelo (supply side)(f=2)	L
	lado produtivo (productive side)	L
	necala lezimfuno (oil supply)	L
	ohlangothini lokuxhaswa (on the support side)	L

*f is die frekwensie van dieselfde vertaalkeuses

Die meeste van die vertalings was letterlik, maar daar was een klousule wat meer as een kreatiewe vertaling gelewer het en die vertaalstrategie was kulturele substitusie. Hier volg 'n voorbeeld:

The Stock Market Is the Biggest Loser

los aandelemark in die slag

verloor die aandelebeurs al die pad


Met olie wat "sink", trek die aandelemark die swaarste.

Tabel 4.9. dui die gemiddelde, standaardafwykings en tellings van die L-,K-en V-tellings vir die regstekes aan.

Tabel 4.9: Die L-, K- en V-tellings vir die finansiële teks

	L-telling	K-Telling	V-telling
Gemiddeld	66%	8%	25%
Standaardafwyking	2.52	0.96	1.90
Hoë telling	10.0	5.0	1.0
Lae telling	2.0	0.0	0.0

Die hoogste L-telling is tien en die laagste is twee wat daarop dui dat die meeste deelnemers letterlik vertaal het vanweë die meer uitgebreide finansiële leksikon. In figuur 4.6 word die gemiddelde vir die drie tellings in 'n grafiek voorgestel.



Figuur 4.6: Die gemiddeld van die L-, K- en V-tellings vir die finansiële teks

Die meeste keuses was letterlik met 'n persentasie van 66%. In die finansiële teks het meer kreatiewe vertalings (25%) as in die regstekes voorgekom. Dit is verwag, omdat finansiële tekste soms metaforiese taalgebruik bevat. Weereens het 'n minderheid van 9% ondervertaling as 'n vertaalstrategie gebruik. Tabelle 4.10 en 4.11 toon die data van die deelnemers se K-tellings.

Tabel 4.10: Deelnemers se K-telling vir die finansiële teks

Deelnemer	K-telling	Persoonlikheid					Ervaring			
		O	C	E	A	N	J	P	P/J	Oud
P008	3	73	33	11	23	95	5	30	6	37
P009	3	88	58	73	94	32	15	30	2	25
Gemiddeld	3	81	46	42	59	64	10	30	4	31
P006	2	53	17	22	83	14	5	15	3	27
P001	1	59	62	30	20	22	5	5	1	55
P003	1	79	76	79	60	28	30	30	1	65
P005	1	92	68	52	68	66	10	30	3	70
P013	1	33	95	77	5	66	30	30	1	53
P014	1	99	89	99	78	82	15	15	1	42
P016	1	64	53	77	82	92	10	20	2	30
P018	1	96	4	48	74	79	15	30	2	37
P019	1	67	90	71	88	33	5	30	6	35
Gemiddeld	1	63	68	67	59	59	15	38	2	49
Totale Gemiddeld	2	73	59	58	61	55	13	24	3	43

Die deelnemers met 'n K-telling van drie se oopheidstelling is hoog en val in die boonste persentiel wat 'n aandui dat die vertalings geneig is om meer kreatief te wees. Die gemiddelde jare se ervaring is 10 jaar, die projekte is 30 en die gemiddelde projekte per jaar voltooi is vier. Die gemiddelde ouderdom is 31 jaar.

Die deelnemer met 'n K-telling van twee se oopheidstelling is 53% en val in die middelste persentiel. Die deelnemer het al vyf jaar se ervaring, 15 projekte voltooi en voltooi 'n gemiddeld van drie projekte per jaar.

Die deelnemers met 'n K-telling van een se oopheidstellings wissel, maar die gemiddelde oopheidstelling is 74%. Die gemiddelde jare se ervaring is 16 jaar, die gemiddelde projekte voltooi is 24 en die gemiddelde projekte per jaar is twee. Die gemiddelde ouderdom is 67 jaar oud. Die deelnemers wat 'n K-telling van nul het, se gemiddelde oopheidstelling is 78%, die aantal projekte per jaar voltooi is twee, die aantal totale projekte voltooi is 25 en die jare se ervaring is 15%. Die gemiddelde ouderdom van die deelnemers is 44.

Tabel 4.11: Gemiddelde van die K=3 tot K=0 tellings vir die finansiële teks

	Persoonlikheid					Ervaring			Oud	G (M)
	O	C	E	A	N	P/J	P	J		
K=3	81	46	42	59	64	4	30	10	31	0.0
K=2	53	17	22	83	14	3	15	5	27	1.0
K=1	74	67	67	59	59	2	24	16	48	3.0
K=0	75	61	67	80	47	2	26	14	44	2.0

Die deelnemers met die hoogste L-telling vir die finansiële teks is in tabel 4.12 uiteengesit.

Tabel 4.12: Deelnemers se L-telling vir die finansiële teks

Deelnemer	L-telling	Persoonlikheid					Ervaring			Oud
		O	C	E	A	N	J	P	P/J	
P012	10	96	33	65	86	69	5	20	4.00	52
P003	9	79	76	79	60	28	30	30	1.00	65
P005	9	92	68	52	68	66	15	30	2.00	70
P010	9	67	99	71	85	29	10	30	3.00	45
P011	9	67	67	75	96	45	20	30	1.50	47
P015	9	73	96	97	74	22	30	30	1.00	58
P017	9	33	76	9	63	22	10	5	0.50	30
Gemiddeld	9	69	80	64	67	35	19	26	1.5	53
P004	8	68	68	77	46	32	10	30	3.00	41
Totale Gemiddeld	9	72	73	66	72	39	16	26	2	51

Die deelnemers met die hoogste L-telling (8-10) se hoogste gemiddelde persoonlikheidseienskappe is die oopheidstelling (72%), konsensieusheidstelling (73%) en aangenaamheidstelling (72%). Die gemiddelde jare se ervaring is 16 jaar, met 26 projekte en 'n gemiddeld van twee projekte per jaar voltooi. Die gemiddelde ouderdom is hoog (51) wat bydra tot die hoë ervaringsjare. Hierdie deelnemers hanteer die finansiële teks dieselfde as die regstekes, deur baie letterlik te vertaal, moontlik omdat hulle bewus is van die vertaalteorie en wat die praktyk verwag, en moontlik weens hulle ouderdom en jare se ervaring. Wat ook interessant is van hierdie groep is hulle lae neurotisme-telling, wat moontlik 'n verhouding aandui met die hoë L-telling.

Daar ontstaan nog nie 'n korrelasie tussen persoonlikheidseienskappe en kreatiwiteit nie, maar daar ontstaan moontlik 'n korrelasie tussen die persoonlikheidseienskap van 'n lae neurotisme-telling en letterlike vertaling. Diegene wat meer as twee kreatiewe vertalings het se gemiddelde oopheidstelling is 80.5% en die met lae (nul) kreatiewe vertalings se gemiddeld is 74.5% wat beteken dat beide in die boonste persentiel val. Die analise dui ook aan dat die gemiddelde ouderdom vir die groep wat letterlik vertaal het (51) verskil van die van die mees kreatiewe groep (31), wat 'n verwantskap tussen ouderdom en letterlike vertaling aandui.

4.4.3 Kreatiewe teks

In hierdie afdeling word die K-tellings, die L-tellings en die V-tellings van die kreatiewe teks geanaliseer. In tabel 4.13 word die vertaalstrategieë opgesom.

Tabel 4.13: Die kreatiewe teks se vertaalstrategieë

BT	DT	Vertaalstrategie
In hot water	In warm water (f=10)	L
	Gods water oor Gods akker	K

	In warm water (In die Sop)	L/K
	Warm water	V
	In die kookwater	K
	O mathateng (In trouble)	V
	Tebetebeng (rivier in Lesotho)	K
	Em água quente (In hot water)	L
	Ngaphakathi Kwamanzi Ashisayo (Inside the Hot Water)	L
	Emanzini ashisayo (In hot water)	L
Irritating	irriterende (f=12)	L
	Ergerlike	K
	knaende	K
	Weglating (f = 5)	V
irritatingly	irriterend (f=10)	L
	Ongelukkig	V
	wat (ergerlik)	K
	frustrerend genoeg	V
	al is dit irriterend	K
	le motho ya tsebang haholo ho o feta... (a more experienced person ...)	K
	weglating f = 3	V
	alguém irritante (someone annoying)	L
brisk and cold	Fris (f=5)	L
	fris-vars	K
	Vars (f=2)	K
	koue... (f=4)	V
	Helder (f=2)	V
	o mong o neng o bata haholo.(very cold.)	K
	o phodileng hoseng (cool)	K
	frio (cold)	V
	kufithiza futhi kubanda (cool and cold)	K
	obandayo (early)	V
sparkling	Ontketen (f=5)	L
	laat opgaan	K
	aanleiding gegee het	V
	aangevuur het	K
	wat gelei het	V
	Aangevuur	K
	die begin was	V
	gevolg word	V
	wat lei	V
	gevolg deur	V
	o ne a ntse a ntsha mantswe a seng monate le ho (he was still making unkind remarks)	L
	ha tswa lethathama la ho supana ka menwana (pointing fingers)	K
	provocando (causing)	K
	ethulula uqhungeqhunge (pouring out)	K
	esho (he says)	V
Heated (accusations and denials)	reeks...beskuldigings en ontkenings (f=2)	V
	string heftige aantygings en ontkenings	K
	hewige reeks aantuigings en ontkenings	K
	heftige beskuldigings en ontkenings	K

	reeks hittige blamerings en ontkennings	L
	reeks warm besprekings en ontkennings	K
	hele string hittige aantuigings en ontkennings	K
	rits hittige beskuldigings en ontkennings	K
	n reeks warm beskuldigings en ontkennings	K
	reeks hittige blamerings en ontkennings	K
	reeks virige beskuldigings en ontkennings (f=2)	K
	deur...aantuigings en ontkennings	V
	tsekisa ba bang (blame others)	V
	itatola ho (deny to)	V
	acusações e desmentidos (accusations and denials)	V
	lokusola kanye (to blame)	V
	esho evutha (he says burning)	K
Rushing	Druis (f=3)	L
	Suis (f=7)	K
	Ruis (f=2)	K
	gorrelende	K
	sissend	K
	modumo o sa reng letho o potlakileng (a trivial loud noise)	K
	modumo o moholo , o potlakileng (a loud, fast noise)	L
	Apenas um som vácuo, apressado (Just a vacuum sound, hurried)	K
	umsindo osagobongo (buzzing sound)	K
	umsindo (a ... sound)	V
squeaking	piepend (f=4)	L
	raserig	V
	Weglating (f=9)	V
	kraan toeknars	K
	kreunend	K
	kraak	K
	toeskwiek	K
	skrillerige geluidjie	K
Light-bulb Moment	Gloeilamp-oomblik (f=7)	L
	toe daar vir my 'n liggie opgegaan het	K
	Eureka-oomblik (f=2)	K
	helder gloeilamp-oomblik	K
	gloeilampie-wat-aanskakel-oomblik	K
	verhelderende oomblik	K
	Oomblik van Helderheid	K
	mme ke moo ke ileng ka ba le lesedi hore ho etsahalang. (and that's where I got the information.)	V
	Ke ka nako eo ke bileng le monyetla wa ka wa ho kganya (That's when I had my chance to shine)	K
	Momento de Iluminação (Moment of Enlightenment)	K
	nesikhathi sami Sebhalubhi yokukhanya (my time for a light-bulb)	K
	engacaciseleka khona (can be explained)	V
At random	lukraak (f=4)	L
	rond-en-bont (f=3)	K
	Weglating (f = 6)	V
	doelloos	V
	na willekeur	L

	willekeurig	L
	sonder enige werklike rede sommer maar	K
	batendo sem pensar no teclado (beating without thinking)	K
	ngithintathinta izindawo ezehlukene (touching different places)	K

*f is die frekwensie van dieselfde vertaalkeuses

Hierdie teks was meer kreatief van aard en daar was heelwat meer kreatiewe vertalings as in die vorige twee ekste. Vertaling deur kulturele substitusie (35%) is die vertaalstrategie wat die meeste gebruik is. Daarna volg vertaling deur 'n meer algemene woord (34.3%) en 'n neutrale woord (33.1%). 'n Voorbeeld hiervan is:

In hot water

*Gods water oor Gods akker
In die kookwater.*

Die titel van die teks, "In hot water" was veral 'n uitdaging omdat die teks oor warm water gaan en die deelnemers 'n keuse moes maak om 'n soortgelyke idioom te gebruik of die idioom net so te vertaal. Meeste van die deelnemers het gekies om die idioom letterlik te vertaal as "In warm water", maar daar was 'n paar wat kreatief geraak het en dit kultureel vertaal het om in die Afrikaanse leksikon te pas.

Lightbulb moment

*Eureka-oomblik
verhelderende oomblik
oomblik van helderheid*

Baie deelnemers (7) het gekies om hierdie frase letterlik te vertaal as "gloeilamp oomblik", maar daar was ook weereens kreatiewe vertalings. Tabel 4.14 dui die gemiddelde, standaardafwykings en tellings van die L-, K- en V-tellings vir die regstekes aan.

Tabel 4.14: Die L-, K- en V-tellings vir die kreatiewe tekste

	L-telling	K-telling	V-telling
Gemiddeld	44%	25%	31%
Standaardafwyking	1.80	1.50	1.15
Hoë telling	7.00	5.00	4.00
Lae telling	1.00	0.00	1.00

In hierdie teks is die L-telling aansienlik laer as met die vorige twee tekste. Die hoogste telling is 7 en die laagste telling is 1. Die K-telling het aansienlik verhoog en die hoogste telling is 5 en die laagste is 0.

Met hierdie teks is die aantal letterlike vertalings (44%) heelwat minder as in die vorige twee tekste. Die aantal kreatiewe vertalings is meer (31%), asook die aantal ondervertalings (25%). Hierdie teks is baie meer kreatief van aard en die vertalers het daarom meer vryheid gehad om kreatief te wees.

In tabelle 4.15 en 4.16 is die data vir deelnemers se kreatiewe keuses aangedui.

Tabel 4.15: Deelnemers se K-telling vir die kreatiewe teks

Deelnemer	K-telling	Persoonlikheid					Ervaring			
		O	C	E	A	N	J	P	P/J	Oud
P009	5	88	58	73	94	32	15	30	2	37
P016	5	64	53	77	82	92	10	20	2	30
Gemiddeld	5	76	56	75	88	62	13	25	2	34
P004	4	68	68	77	46	32	10	30	3	41
P006	4	53	17	22	83	14	5	15	3	27
P015	4	73	96	97	74	22	30	30	1	58
Gemiddeld	4	65	60	65	68	23	15	25	2	42
P005	3	92	68	52	68	66	15	30	2	70
P007	3	97	3	92	95	73	15	30	2	39
P008	3	73	33	11	23	95	5	30	6	25
P011	3	67	67	75	96	45	20	30	1.5	47
Gemiddeld	3	82	43	58	71	70	14	30	3	45
P002	2	95	42	47	95	82	10	30	3	40
P003	2	79	76	79	60	28	30	30	1	65
P012	2	96	33	65	86	69	5	20	4	52
P014	2	99	89	99	78	82	15	15	1	42
P019	2	67	90	71	88	33	5	30	6	35
Gemiddeld	2	87	66	72	81	59	13	25	3	47
P001	1	59	62	30	20	22	5	5	1	55
P013	1	33	95	77	5	66	30	30	1	53
P018	1	96	4	48	74	79	15	30	2	37
Gemiddeld	1	63	54	52	33	56	17	22	2	48
Totale Gemiddeld	3	76	56	64	69	55	14	26	2	44

In tabel 4.16 word die gemiddelde persoonlikheidseienskappe, ervaring, ouderdom en geslag van deelnemers se kreatiewe tellings gegee.

Tabel 4.16: Gemiddelde van die K=5 tot K=0 tellings vir die kreatiewe teks

	Persoonlikheid					Ervaring			Oud	G (M)
	O	C	E	A	N	P/J	P	J		
K=5	76	56	75	88	62	2	25	13	34	0
K=4	65	60	65	68	23	2	25	15	42	0
K=3	85	43	55	75	72	3	30	13	44	1
K=2	87	66	72	81	59	3	25	13	47	2
K=1	63	54	52	33	56	1	22	17	48	1
K=0	50	88	40	74	26	2	18	10	38	1

Deelnemers met 'n K-telling van vyf (K=5) se oopheidstelling is 76%. Die aangenaamheidstelling is die hoogste (88%). Die gemiddelde projekte per jaar is twee, die voltooide projekte is 25 en die jare se ervaring is 13. Die gemiddelde ouderdom is 34.

Deelnemers met 'n K-telling van vier (K=4) se oopheidstelling is 65%. Die aangenaamheidstelling is die hoogste (68%). Die gemiddelde projekte per jaar is twee, die voltooide projekte is 25 en die jare se ervaring is 15. Die gemiddelde ouderdom is 42.

Deelnemers met 'n K-telling van drie (K=3) se oopheidstelling is 85%. Die aangenaamheidstelling is die hoogste (75%). Die gemiddelde projekte per jaar is drie, die voltooide projekte is 30 en die jare se ervaring is 13. Die gemiddelde ouderdom is 44.

Deelnemers met 'n K-telling van twee (K=2) se oopheidstelling is 87%. Die aangenaamheidstelling is die hoogste (81%). Die gemiddelde projekte per jaar is drie, die voltooide projekte is 25 en die jare se ervaring is 13. Die gemiddelde ouderdom is 47.

Deelnemers met 'n K-telling van een (K=1) se oopheidstelling is 63% en dit ook die hoogste telling vir die groep. Die aangenaamheidstelling vir hierdie groep is die laagste (33%). Die gemiddelde projekte per jaar is een, die voltooide projek is 22 en die jare se ervaring is 17. Die gemiddelde ouderdom is 48.

Deelnemers met geen kreatiewe keuses nie (K=0) se oopheidstelling is 50%. Die konsensieusheidstelling is die hoogste (88%) en die aangenaamheidstelling is die tweede hoogste (74%). Die gemiddelde projekte per jaar is twee, die voltooide projek is 18 en die jare se ervaring is 10. Die gemiddelde ouderdom is 38. In vergelyking met die deelnemers wat kreatiewe keuses geneem het, is die K=0 groep se tellings vir oopheid, ekstroversie en neurotisme aansienlik laer. Daar is ook aansienlike hoër tellings vir konsensieusheid.

Die deelnemers met die hoogste L-telling vir die kreatiewe teks word in die volgende gedeelte geanaliseer.

Tabel 4.17: Deelnemers se L-telling vir die kreatiewe teks

Deelnemer	L-telling	Persoonlikheid					Ervaring			Oud
		O	C	E	A	N	J	P	P/J	
P001	6	59	62	30	20	22	5	5	1	55
P007	6	97	3	92	95	73	15	30	2	39
P010	6	67	99	71	85	29	10	30	3	45
P013	6	33	95	77	5	66	30	30	1	53
P019	6	67	90	71	88	33	5	30	6	35
Gemiddeld	6	65	70	68	59	45	13	25	3	45
P014	7	99	89	99	78	82	15	15	1	42
Gemiddeld	7	82	80	84	69	64	14	20	4	44
Totale Gemiddeld	7	99	89	99	78	82	15	15	1	42

Daar is slegs een deelnemer wat 'n hoë L-telling (7) het vir die kreatiewe teks. Die oopheids- en aangenaamheidstelling is die hoogste persoonlikheidseienskappe vir hierdie deelnemer. Die jare ervaring is hoog (15), die projekte voltooi is ook hoog (15) en die projekte per jaar is een. Die ouderdom is 42 en dit stem ooreen met die algemene ouderdom van deelnemers met hoë L-tellings in die vorige twee tekste.

Die deelnemers met die tweede hoogste L-telling (6) vir die kreatiewe teks se konsensieusheidstelling is die hoogste. Die gemiddeld jare se ervaring is 13 jaar, projekte voltooi is 25 en projekte per jaar is drie. Die gemiddelde ouderdom van die deelnemers is 45 jaar oud.

Uit die bogenoemde resultate, blyk dit dat die mees interessante tendense gevind is in die deelnemers wat kreatiewe vertaalkeuses oor die algemeen vermy. Daarom is daar besluit om meer sistematies te soek na 'n verwantskap tussen hoër L-tellings en die persoonlikheidseienskappe.

4.5 Vergelyking van persoonlikheidseienskappe met die L-telling


In hierdie afdeling is die persoonlikheidseienskappe met die L-telling van elke deelnemer vergelyk deur liniêre regressie te gebruik. (Die vergelyking is $y = ax + c$.)

Die volgende vergelykings is gekry vir elke persoonlikheidseienskap:

- $y = 0.004x + 18.144$; $R^2 = 0.000$ (Oopheid)
- $y = 0.048x + 15.544$; $R^2 = 0.100$ (Konsensieusheid)
- $y = 0.033x + 16.363$; $R^2 = 0.039$ (Ekstroversie)
- $y = -0.012x + 19.248$; $R^2 = 0.005$ (Aangenaamheid)
- $y = -0.043x + 20.495$; $R^2 = 0.075$ (Neurotisme)

Die R^2 waardes is almal laag, wat beteken dat die regressielyn nie die punte goed verteenwoordig nie. Dus lewer dit nie beduidende resultate vir die vyf persoonlikheidseienskappe om al die data in te sluit nie. Dit mag wees dat die eienskappe met mekaar kompeteer. Daar is toe besluit om te fokus op deelnemers wat ten minste 50% vir 'n eienskap gekry het, met ander woorde 'n dominante eienskap besit. Dit het gelei tot die identifikasie van patrone.


Figuur 4.7 toon die verspreidingsdiagram vir oopheid teenoor die L-telling.



Figuur 4.7: Oopheid teenoor L-telling

Die vergelyking vir die oopheidstelling is $y = 0.058x + 13.617$. Die statistieke ($F = 0.517$, $R^2 = 0.033$, $df = 15$) dui aan dat daar nie 'n statistiese beduidende rol is nie, en die passing van die regressielyn is ook nie goed nie ($R^2 = 0.033 \ll 1$).


Figuur 4.8 toon die verspreidingsdiagram vir konsensieusheid teenoor die L-telling.



Figuur 4.8: Konsensieusheid teenoor L-telling

Die vergelyking vir die verspreidingsdiagram vir deelnemers met 'n dominante konsensieusheidstelling is $y = 0.152x + 7.312$. Figuur 4.8 dui aan dat daar 'n korrelasie is tussen die deelnemers met 'n hoë konsensieusheidstelling en hulle letterlike vertaalkeuses. Dit mag as gevolg van hulle pligsgetroue aard wees, omdat hulle nie te veel van die bronteks wil afwyk nie en daarom letterlike vertaalkeuses maak. Die statistieke ($F = 4.461$, $R^2 = 0.289$, $df = 11$) toon dat daar 'n beduidende rol is (F is meer as $F_{\text{critical}} = 4.461$), maar die lineêre regressielyn pas nie by die data nie ($R^2 = 0.289 \ll 1$).


Figuur 4.9 toon die verspreidingsdiagram vir ekstroversie teenoor die L-telling.



Figuur 4.9: Ekstroversie teenoor L-telling

Die vergelyking vir die ekstroversietelling is $y = -0.07x + 24.66$. Die statistieke ($F = 0.456$, $R^2 = 0.040$, $df = 11$) dui aan dat ekstroversie nie 'n beduidende rol speel nie ($F = 0.456$ is minder as $F_{\text{critical}} = 4.45$) en die regressie vergelyking pas nie goed nie ($R^2 = 0.040 \ll 1$).


Figuur 4.10 toon die verspreidingsdiagram vir aangenaamheid teenoor die L-telling.



Figuur 4.10: Aangenaamheid teenoor L-telling

Die vergelyking vir die aangenaamheidstelling is $y = -0.123x + 28.507$. Die statistieke ($F = 1.123$, $R^2 = 0.085$, $df = 13$) dui aan dat aangenaamheid 'n beduidende rol speel ($F = 1.123$ is minder as $F_{\text{critical}} = 4.451$) en pas nie goed nie ($R^2 = 0.085 \ll 1$).

Figuur 4.11 toon die verspreidingsdiagram vir neurotisme teenoor die L-telling.




Figuur 4.11: Neurotisme teenoor L-telling

Die vergelyking vir die neurotisme-telling is $y = -0.391x + 48.714$. Die deelnemers met 'n hoë neurotisme-telling het dus meer kreatiewe keuses en kompensasiëkeuses gemaak. Dit mag wees omdat hulle getrou wou bly aan die DT-leser se ervaring van die teks. Die statistieke ($F = 30.915$, $R^2 = 0.837$, $df = 6$) dui aan dat neurotisme 'n baie beduidende (F is baie meer as $F_{critical} = 4.45$) rol speel en dit pas goed in ($R = 0.84$). Daar was nie data vir 50% – 60% nie.

Daar is dus 'n duidelike patroon tussen die letterlike vertaalkeuses en die konsensieusheidstelling en die neurotisme-telling van die deelnemers.

4.6 Vergelyking van jare se ervaring en ouderdom met die L-telling


Figuur 4.12 dui die verhouding tussen die L-telling en die PJ-telling.



Figuur 4.12: Projekte per jaar teenoor L-telling

Indien projekte per jaar ondersoek word, toon dit dat vertalers eers begin om letterlik te vertaal en dit neem af tot jou tweede jaar van vertaling. Hierdie bevinding stem ooreen met Redelinghuys en Kruger (2015) se bevinding dat meer ervare vertalers meer vry vertaal.


Figuur 4.13 dui die verhouding tussen die PJ-telling en die L-telling.



Figuur 4.13: PJ-telling teenoor L-telling

Hoe meer ervaring die vertaler het, hoe meer letterlik is die vertaling. Dit mag wees dat hoe meer daar met verskillende tekstipes gewerk word, hoe meer weet die vertaler wat die leser verkies.

Figuur 4.14 dui die verhouding tussen ouderdom en die L-telling aan.



Figuur 4.14: Ouderdom teenoor L-telling

Die vergelyking vir ouderdom is $y = 0.24x + 8.07$. Die statistieke ($F = 12.07$, $R^2 = 0.42$, $df = 17$) dui aan dat ouderdom 'n beduidende rol speel ($F = 12.07$ is meer as $F_{\text{critical}} = 4.45$). Hoe ouer 'n vertaler is, hoe groter word die kans dat hulle letterlik sal vertaal.

4.7 Gevolgtrekking

Daar is 'n beduidende verskil tussen die persoonlikheidsprofile van vertalers en die algemene Suid-Afrikaanse populasie, veral vir oopheid en aangenaamheid. Dit bevestig wat Henderson (1987) ook bevind het. Die persoonlikheidsprofiel van die deelnemers toon 'n hoë oopheids- en aangenaamheidstelling.

Die vertaalkeuses van die regstek is meestal letterlik. Die deelnemers het hierdie teks as 'n informatiewe teks benader en dit bevestig wat Reiss (2004) voorgestel het. Hoe meer informatief die teks is, hoe meer sal letterlike vertaalkeuses voorkom. Die hoogste K-telling vir hierdie teks is twee. Parafrasering is die vertaalstrategie wat vir geen ekwivalensie gebruik is. Die hoogste persoonlikheidseienskap is die oopheidstelling.

Die vertaalkeuses van die finansiële teks is meestal letterlike vertalings. Die deelnemers het ook hierdie teks as 'n informatiewe teks benader en dit bevestig ook groot aantal letterlike vertaalkeuses (Reiss, 2004). Die K-telling vir hierdie teks is drie. Kulturele substitusie is die kreatiewe vertaalstrategie wat meestal vir geen ekwivalensie gebruik is. Die hoogste persoonlikheidseienskappe is die oopheidstelling.

Die vertaalkeuses van die kreatiewe teks was meestal kreatiewe vertalings. Die hoogste K-telling is vyf. Kulturele substitusie is die meeste as vertaalstrategie gebruik. Ander vertaalkeuses is meestal vertaling na 'n algemene woord en 'n neutraler woord wat dui op ondervertaling. Die deelnemers het hierdie teks as 'n kreatiewe teks benader wat ooreenstem met wat Reiss (2004) gesê het. Die hoogste persoonlikheidseienskap is die konsensieusheidstelling. Daar was nie 'n beduidende korrelasie tussen die oopheidstelling en kreatiwiteit nie.

Die L-telling van die regstek is die hoogste en dit is verwag vanweë die informatiewe aard van die teks. Die L-telling van die finansiële teks was die tweede hoogste. Die L-telling van die kreatiewe teks was oor die algemeen die laagste, maar hoër by die ouer deelnemers. Die analise van die dominante persoonlikheidseienskappe toon 'n beduidende korrelasie tussen neurotisme en 'n laer korrelasie tussen konsensieusheid. Laasgenoemde bevestig Lehka-Paul en Whyatt (2016) bevinding en nie Hubscher-Davidson (2009) nie. Daar was wel 'n beduidende korrelasie tussen die dominante persoonlikheidseienskappe, neurotisme en konsensieusheid. Die gebrek aan 'n korrelasie tussen dominante persoonlikheidseienskappe kan wees as gevolg van verstrengelde persoonlikheidseienskappe.

Ander faktore wat 'n rol speel is ervaring, die aantal voltooide projekte per jaar en die ouderdom van die deelnemers. Hoe meer ervaring die deelnemer het, hoe hoër is die letterlike vertaalkeuses. Dit kom veral voor wanneer die deelnemer 'n groot aantal projekte per jaar voltooi. Dit kan bydra tot meer ervaring en bevestig die bevinding dat meer ervare vertalings kreatiewer in hulle vertalings is (Redelinghuys & Kruger, 2015). Ouderdom speel die mees beduidende rol en dit bevestig wat Pirouznik (2014) vermoed het. Jonger deelnemers maak meer van kreatiewe strategieë gebruik, waar ouer deelnemers geneig is om letterlik te vertaal.

Ten slotte is daar 'n beduidende korrelasie tussen die letterlike vertaalkeuses in terme van beide konsensieusheid en neurotisme, maar die mees beduidende korrelasie is ouderdom. Daar is nog nie 'n duidelike korrelasie vir die kreatiewe vertaalkeuses persoonlikheidseienskappe nie.

HOOFSTUK 5: Gevolgtrekking en aanbevelings vir verdere studie

5.1 Inleiding / Navorsingsdoelwitte

Die doel van die studie was om te bepaal of persoonlikheid wel 'n rol in die vertaalkeuses van professionele vertalers speel.

My primêre navorsingsvraag was:

Watter korrelasie is daar tussen professionele vertalers se vertaalkeuses en hulle persoonlikheidseienskappe?

My sekondêre navorsingsvrae was:

- Wat is vertalers se persoonlikheidseienskappe
- Wat is die vertalers se finale vertaalkeuse?

Dit het tot die volgende vraag gelei.

- Tot watter mate beïnvloed ervaring eerder as persoonlikheid vertaalkeuses?

Om hierdie vrae te beantwoord, is 'n aanlyn gestandaardiseerde BFI-persoonlikheidstoets gebruik om 'n persoonlikheidsprofiel vir die deelnemers te genereer. Tweedens is die deelnemers se vertalings geanaliseer volgens Newmark (1988) se semantiese en kommunikatiewe vertaalmodel, en Baker (2011/2018) se vertaalstrategieë op woordvlak is gebruik. Daarvolgens is tellings vir letterlike- (L), kreatiewe- (K) en ondervertaalstrategieë (V) vir elke deelnemer bereken. Dertens is die deelnemers se persoonlikheidseienskappe vergelyk met hulle telling vir letterlike vertaalstrategieë. Om verstrengelde veranderlikes te ondersoek, is daar ook ondersoek ingestel vir moontlike verhoudings tussen deelnemers se tellings vir letterlike vertaalstrategieë (L-telling) en hulle ouderdom aan die een kant, en ervaring (in terme van projekte per jaar) aan die ander kant.

In afdeling 5.2 word die bevindings van die studie bespreek, asook die beperkings (afdeling 5.3), die bydrae (afdeling 5.3) en die aanbevelings vir verdere studie (afdeling 5.5). Laastens word 'n gevolgtrekking (afdeling 5.6) gemaak.

5.2 Bevindings

Die bevindings in hierdie studie het wel getoon dat vertalers hoë oopheid- en aangenaamheidstellings (afdeling 4.3) het. Die statistieke (soos bespreek in afdeling 4.5) bewys dat konsensieusheid en aangenaamheid deel vorm van die vertalersprofiel in vergelyking met die Suid-Afrikaanse bevolking vorm. Henderson (1987) het bevind dat vertalers hoë angsvlakke toon

in vergelyking met die algemene bevolking, maar hierdie studie het dit nie bevind nie. Die hoë oopheidstelling stem ooreen met Lehka-Paul en Whyatt (2016) se bevindings, asook met Hubscher-Davidson (2009) se hoë intuïtiewe telling.

Baker (2011/2018) se strategieë is toegepas om die vertaaleenhede te analiseer en drie kategorieë, naamlik die L-telling, die K-telling, en die V-telling is geïdentifiseer om die vertalings vir elke teks afsonderlik te analiseer. Van die drie tekste het die regstekse die hoogste L-telling (10) gelewer. Hierdie hoë telling is verwag vanweë die informatiewe aard van die teks. Die tweede teks, die finansiële teks, se K-telling was in die middel (5) en die L-telling (10) was hoog. Dit toon dat die vertaalkeuses van hierdie teks meer letterlik is as gevolg van die informatiewe aard van die teks, maar tog die geleentheid bied vir kreatiewe vertaalkeuses as gevolg van die ekspressiewe gedeeltes van die teks. Die derde teks, die kreatiewe teks, het die laagste letterlike vertaalkeuses getoon, met meer kreatiewe vertaalkeuses (K-telling = 7). Die meerderheid van die vertalers het gekies om te vertaal na 'n meer neutrale woord vanweë die hoë V-telling. Daar is verwag dat die ekspressiewe teks 'n hoër K-telling sou hê vanweë die kulturele merkers in die teks.

Die jare ervaring en aantal projekte voltooi speel ook 'n rol, omdat die meer ervare vertalers weet wat die leser verwag. Daar is ook bevind dat ouderdom 'n beduidende rol speel veral ten opsigte van die L-telling (letterlike vertaling). Hoe ouer die vertaler is, hoe meer neig hulle na letterlike vertaling. Alhoewel ervaring nie 'n beduidende rol speel nie, dui die resultate aan dat hoe meer ervaring professionele vertalers het, hoe meer vertaal hulle letterlik. Pirouznik (2014) het genoem dat ouderdom en jare se ervaring 'n rol kan speel, maar sy het net drie deelnemers in haar studie gehad. Dus bevestig die studie haar resultate met betrekking tot ouderdom.

Daar is bevind dat neurotisme en tot 'n mindere mate, konsensieusheid, beduidende rolle in vertaalkeuses speel. Daar is bevind dat deelnemers wat hoë neurotisme-tellings het meer kreatief vertaal. Dit bevestig Hubscher-Davidson (2009) se bevindings vir die sensitiwiteitstelling. Daar is bevind dat deelnemers wat hoë konsensieusheidstellings het, meer letterlik vertaal en die resultate bevestig Lehka-Paul en Whyatt (2016) se bevindings.

Alhoewel die studie bevind het dat ander persoonlikheidseienskappe nie beduidende rolle speel op vertaalkeuses nie, is daar aanduidings dat die oopheidstelling tot letterlike vertaalkeuses lei. Die tekort aan beduidende resultate, sowel as die tekort aan goeie passing van die regressielyn, maak dit onmoontlik om Lehka-Paul en Whyatt (2016) se hipotese te bevestig. Daar is ook aanduidings dat aangenaamheid en ekstroversie tot kreatiewe vertaalstrategieë lei, maar weereens maak die tekort aan beduidende resultate, sowel as die tekort aan goeie passing van die regressielyn, dit onmoontlik om gevolgtrekkings te maak. Hubscher-Davidson (2009) het

aangedui dat intuïtiewe vertalers beter vaar met kreatiewe tekste, maar hierdie studie dui aan dat die oopheidstelling nie 'n aanduiding vir kreatiwiteit is nie.

5.3 Beperkings van die studie

Daar is, soos met enige ondersoekende studie, beperkings. Die werwing van deelnemers was 'n groot uitdaging omdat van die 30 professionele vertalers wat gekontak is deur SAVI, baie nie geantwoord het nie of daar was nie genoeg tyd in hulle skedule om 'n afspraak te maak nie. Vanweë die ligging van die navorser en die deelnemer, was dit ook nie altyd moontlik om die data by die deelnemer te gaan insamel nie. Dus is data-versameling net in die Gauteng en Noordwesprovinsies gedoen. Vanweë die omvang van 'n meestersgraadstudie is 'n kleiner steekproef haalbaar. Ander navorsers (cf. Tiselius, 2019; Pöchhacker, 1995) het ook soortgelyke ervaar in die werwing van deelnemers vir navorsing. Dit het die statistiese analise vir die studie dus beperk, omdat die steekproef nie groot genoeg was om die Suid-Afrikaanse bevolking van professionele vertalers te verteenwoordig nie.

Diegene wat nie geantwoord het nie kon moontlik die persoonlikheidsprofiel beïnvloed, omdat dit kan wees dat mense met hoë oopheid of aangenaamheid meer geïnteresseerd was om deel te neem aan so 'n studie. Die gebrek aan deelnemers het ook gelei tot die betrekking van ander taalpare. Die oorspronklike taalpaar wat ondersoek sou word was Engels na Afrikaans, maar die taalpare is oopgestel om Sotho, Zoeloe en Portugees in te sluit, om sodoende nog deelnemers vir die studie te werf.

5.4 Bydrae van die studie

Hierdie is die eerste studie wat die uitwerking van persoonlikheid op vertaalkeuses ondersoek en dra dus by om die invloed op faktore soos persoonlikheidseienskappe op vertaling te verstaan. Die studie dra ook by om die moontlike rol van ouderdom en ervaring op vertaalkeuses uit te lig. Verder dra die studie by tot die vier studies wat alreeds in hierdie veld gedoen is. Die studie se data word by bestaande data gevoeg om sodoende nog ryker data te lewer vir verdere analise. Saam lewer sulke studies 'n bydrae om die vertaalproses beter deur die lens van persoonlikheidsprofilering te verstaan. Tweedens lewer die studie 'n bydrae tot die interdisiplinêre skakel tussen eienskapsielkunde en vertaalkunde. Dit poog om die metodologiese benaderings in vertaalstudies uit te brei. Derdens het die studie gepoog om insig tot die opleiding van vertalers te gee. Persoonlikheidsprofile kan by die opleidingsinstellings se kurrikulum ingewerk word om studente te lei oor watter beroep meer vir hulle gepas is. Dit kan ook help om studente bewus te maak van hulle persoonlikheidsvoorkeure wanneer 'n spesifieke tekstipe vertaal word. Laastens, lewer die studie ook 'n bydrae tot die navorser se studieleier se

sambreelprojek (genoem onder etiese aspekte) om meer kennis van die produksie van bemiddelde kommunikasie te bepaal.

5.5 Aanbevelings vir verdere studie

Hierdie studie kan uitgebrei word om nog meer deelnemers te werf om statistiese beduidende navorsing te lewer. Tweedens, kan die studie uitgebrei word om meer taalpare in te sluit en vir hierdie doeleinde is die HEXACO-persoonlikheidsmodel 'n beter keuse omdat dit kulturele verskille in ag neem. 'n Derde moontlikheid vir verdere navorsing is om die rol van persoonlikheidseienskappe te ondersoek in die vertaalproses, byvoorbeeld deur om oognasporing te gebruik.

Aanbevelings vir vertaalopleiding is om studente te leer hoe om hulle neigings ten opsigte van letterlike en kreatiewe vertaalkeuses raak te sien. Tweedens kan studente leer hoe om hulle persoonlikheidseienskappe in toom te hou wanneer spesifieke tekstipes vertaal word, byvoorbeeld om studente met hoë neurotisme-tellings te leer om nie verkeerdelik kreatiewe strategieë in 'n regstek te gebruik nie. Laastens, kan studente ook gelei word na die vertaalprojekte waarmee hulle beter sal vaar ten opsigte van hulle persoonlikheid, byvoorbeeld studente wat neurotisme-tipes is sal beter vaar met beëdigde vertaling en konsensieusheidstipes sal beter vaar met wetenskaplike tekste.

5.6 Gevolgtrekking

In hierdie afdeling is die bevindinge van die studie, asook die beperkings, bydrae en aanbevelings vir verdere studie bespreek.

Hierdie studie het hoofsaaklik bevind dat vertalers hoë aangenaamheid- en oopheidstellings het en hierdie persoonlikheidsprofiel verskil van die algemene Suid-Afrikaanse populasie wat Henderson (1987) se bevinding bevestig. Die ouderdom van die deelnemers het 'n beduidende verband getoon ten opsigte van letterlike en kreatiewe vertaalkeuses en dit bevestig wat Pirouznik (2014) vermoed het. Daar is 'n beduidende verband tussen neurotisme en 'n laer konsensieusheidstelling wat Lehka-Paul en Whyatt (2016) se bevinding bevestig. Daar kon nie 'n beduidende verband tussen die oopheidstelling en kreatiewe vertaalkeuses gevind word nie en Hubscher-Davidson (2009) se bevinding kon nie bevestig word nie.

Die studie is aanvanklik beperk deur min deelnemers en daarom is die studie uitgebrei om meer taalpare in te sluit. Die bydrae van die studie is om ouderdom verder in ag te neem wanneer vertaalkeuses ondersoek word. Nog 'n bydrae is om studenteopleiding uit te brei om die uniekheid van studente ten volle te ontwikkel. Aanbevelings vir verdere studie is hoe studente se

persoonlikheidseienskappe kan bydra tot die tipe vertalings wat hulle in hul beroep as vertaler kan beoefen.

Die studie maak dit nou moontlik om interdisiplinêre navorsing tussen persoonlikheid en vertaalkunde uit te brei. Hierdie studie kan ook help om vertaalprosesnavorsing te bevorder om nog insigte oor die rol van die vertaler in die proses in te samel.

BIBLIOGRAFIE

- Allport, G.W. 1937. *Personality: A psychological interpretation*. New York: Holt.
- Angellili, C & Baer, V. 2016. *Researching translation and interpreting studies*. Londen: Routledge.
- Angleitner, A. & Ostendorf, F. 1994. Temperament and the Big Five factors of personality. In: Halverson, C.F., Kohnsta, G.A. & Martin, R.P., eds. *The developing structure of temperament and personality from infancy to adulthood*. Hillsdale, NJ: Erlbaum. pp. 69-90.
- Ashton, M.C. & Lee, K. 2008. The HEXACO model of personality structure. In: Boyle, G.J., Matthews, G. & Saklofske, D.H., eds. *The SAGE handbook of personality theory and assessment. Vol 1: personality measurement and testing*. Los Angeles: SAGE. pp. 239-260.
- Ashton, M.C. 1998. Personality and job performance: The importance of narrow traits. *Journal of Organizational Behavior*, 19(3): 289–303.
- Baker, M. 2011/2018. *In other words: a coursebook on translation*. Londen: Routledge.
- Barbaranelli, C. & Caprara, G.V. 2000. Measuring the Big Five in self-report and other ratings: a multitrait-multimethod study. *European Journal of Psychological Assessment*, 16(1): 31-43.
- Barboni, R. 1999. Inconscient et Traduction (Translation and the unconscious). In: Lejune, C., ed. *Théorie et pratique de la traduction 3 (Translation theory and practice 3)*. Mons: Le Ciephum. pp. 22-33.
- Bassnett-McGuire. S. 1980/2002. *Translation studies*. 3de uitgawe. Londen: Routledge.
- Benet-Martinez, V. & John, O.P. 1998. Los Cinco Grandes across cultures and ethnic groups: Multitrait multimethod analyses of the Big Five in Spanish and English. *Journal of Personality and Social Psychology*, 75(5): 729–50.
- Berman, A. 1985/2000. Translation and the trials of the foreign. In: Venuti, L., eds. 2012. *The translation studies reader*. 3de uitgawe. Londen: Routledge. pp. 240-254.
- Borkenau, P. & Ostendorf, F. 1998. The Big Five as states: How useful is the five-factor model to describe intraindividual variations over time? *Journal of Research in Personality*, 32(2): 202-221.
- Borsboom, D., Mellenbergh, G.J. & Van Heerden, J. 2003. The theoretical status of latent variables. *Psychological Review*, 110(2): 203-219.
- Botha, M. 2016. Opgeroepte betekenis in literêre vertaling: Die vertaling van dialek en register in “Die swerfjare” van Poppie Nongena deur Elsa Joubert. *Litnet akademies*, 13(1): 56-85.
- Boyle, G.J. 1985. Self-report measures of depression: Some psychometric considerations. *British Journal of Clinical Psychology*, 24(1): 45–59.
- Boyle, G.J. 1989. Review of R.B. Cattell and R.C. Johnson's 1986. Functional psychological testing: Principles and instruments. *Multivariate Experimental Clinical Research*, 9(1): 41-43.
